University of Pretoria etd, Spang E (2006)

# VERKENNING VAN DIE ERVARING VAN KINDERVERSORGERS IN HUL ROL AS OPVOEDERS VAN KINDERS IN 'N PLEK VAN VEILIGHEID

deur

**Freda Spang**

Gedeeltelik voorgelê vir die vervulling
van die vereistes vir die graad

**Magister Educationis**
**(Opvoedkundige Sielkunde)**

In die Fakulteit Opvoedkunde

aan die

**Universiteit van Pretoria**

**Studieleier:** **Dr. Heila M. Prinsloo**

**2005**

University of Pretoria etd, Spang E (2006)

In Hom en deur Hom en tot Hom is alles.

University of Pretoria etd, Spang E (2006)

# VERKLARING VAN OORSPRONKLIKHEID

Ek, Freda Maria Spang (studente nommer 9436553) verklaar dat:

"VERKENNING VAN DIE ERVARING VAN KINDERVERSORGERS

IN HULLE ROL AS OPVOEDERS IN 'N PLEK VAN VEILIGHEID"

my eie werk is en dat alle verwysings wat gebruik is in die bronnelys ingesluit is.

________________________ ________________________

Freda Spang Datum

University of Pretoria etd, Spang E (2006)

# EXPLORATION OF THE EXPERIENCES OF CHILD CARE WORKERS AS EDUCATORS IN A PLACE OF SAFETY


## SUMMARY OF THE STUDY

This study aims to explore and describe the experiences of child care workers in their role as educators at a place of safety, in order to gain a better understanding of what they see as their educational task and the difficulties they experience in executing this task.

The literature review provides a survey of the purpose of a place of safety, what education of children entails and the specific needs of children who experience trauma in their lives. Some of the factors that influence the way the care workers execute their task as educators, are discussed briefly.

This qualitative case study is approached from the interpretative paradigm. Child care workers were engaged in individual interviews and a focus group discussion.

The data-analysis leads to the following conclusions:

- Although child care workers show understanding for the needs of the children in their care. And have a basic understanding of what education entails, aspects were identified in which they need training and support.
- Child care workers show symptoms of burnout and reveal the need for supervision.
- The way the institution is managed leaves child care workers dissatisfied, which leads to feelings of passivity, negativity, demotivation and a vengeful attitude.

University of Pretoria etd, Spang E (2006)

Key words:

- Education
- Place of safety
- Child care worker
- Children in need of care
- The needs of children
- Behaviour of children in a place of safety
- Contributing factors to quality education
- Educational Psychology
- Emotions
- Burnout

Sleutelterme:

- Opvoeding
- Plek van veiligheid
- Kinderversorgers
- Sorgbehoewende kinders
- Behoeftes van kinders
- Gedrag van kinders in 'n plek van veiligheid
- Bydraende faktore tot kwaliteit opvoeding
- Opvoedkundige sielkunde
- Emosie
- Uitbranding

# INHOUDSOPGAWE

Bladsy

HOOFSTUK 1: ORIËNTERING TEN OPSIGTE VAN DIE PROBLEEMSTELLING EN DIE NAVORSINGSONTWERP

1.1. INLEIDING 1

1.2. AGTERGROND TOT DIE STUDIE 1

1.3. DOEL VAN DIE STUDIE 4

1.4. NAVORSINGSPROBLEEM 5

1.4.1. Sentrale vraagstelling 5

1.4.2. Newevraagstelling 5

University of Pretoria etd, Spang E (2006)

1.5. SLEUTELBEGRIPPE 5
1.5.1. Plek van Veiligheid 5
1.5.2. Kinderversorger 6
1.6. NAVORSINGSONTWERP 6
1.6.1. Navorsingsparadigma 6
1.6.2. Literatuur oorsig 7
1.6.3. Navorsingsgesitueerdheid 7
1.6.4. Navorsingsmetodologie 8
1.6.4.1. Gevallestudie 8
1.6.4.2. Seleksie van deelnemers 8
1.6.4.3. Data-insamelingstegnieke 9
*1) Ongestruktureerde onderhoude met 'n skedule* 9
*2) Fokusgroep* 9
*3) Veldnotas* 10
1.6.5. Data-analise en interpretasie 10
1.6.6. Etiese oorwegings 10
1.6.6.1. Identifisering van die navorsingsprobleem 11
1.6.6.2. Navorsingsvraag en -doel 11
1.6.6.3. Insameling van data 11
1.6.6.4. Analise en interpretasie 12
1.6.6.5. Weergee en verspreiding van resultate 12
1.7. BEPERKINGS VAN DIE STUDIE 12
1.8. UITEENSETTING VAN DIE STUDIE 12

HOOFSTUK 2: OPVOEDING VAN KINDERS IN 'N PLEK VAN VEILIGHEID
2.1. DOEL VAN 'N PLEK VAN VEILIGHEID 14
2.2. OPVOEDINGSBEHOEFTES VAN KINDERS 16
2.2.1. Wat behels opvoeding van kinders? 16
2.2.2. Die behoeftes van kinders in 'n plek van veiligheid 17
2.3. ALGEMENE GEDRAGSPATRONE VAN KINDERS IN PLEK VAN VEILIGHEID 22
2.3.1. Onvanpaste seksuele gedrag 23
2.3.2. Selfmutilasie 23

University of Pretoria etd, Spang E (2006)


2.3.3. Konformering tot die groep 24
2.3.4. Terneergedruktheid en depressie 24
2.3.5. Probleme ten opsigte van skool 24
2.3.6. Aggressiewe gedrag 25
2.3.7. Satanisme 25
2.3.8. Dwelmmisbruik 25
2.4. UNIEKE OPVOEDINGSTAAK VAN OPVOEDERS IN 'N PLEK VAN VEILIGHEID 26
2.4.1. Belangrikheid van kinderversorgers 27
2.4.2. Rol van die kinderversorger as opvoeder 28
2.4.2.1. Positiewe kommunikasie tussen opvoeder en kind 28
2.4.2.2. Ken die kind 30
2.4.2.3. Wek vertroue by die kind 30
2.4.2.4. Luister na die kind 31
2.4.2.5. Aanvaar die kind onvoorwaardelik 32
2.4.2.6. Begelei die kind tot emosionele stabiliteit 33
2.5. FAKTORE WAT UITVOERING VAN DIE OPVOEDINGSTAAK BEÏNVLOED 34
2.5.1. 'n Ondersteunende omgewing 35
2.5.2. Opleiding 37
2.5.3. Supervisie 38
2.5.4. Werksatmosfeer 38
2.6. SAMEVATTING 38

HOOFSTUK 3: NAVORSINGSONTWERP EN -VERLOOP
3.1. INLEIDING 40
3.2. LITERATUUR OORSIG 40
3.3. NAVORSINGSONTWERP 41
3.3.1. Navorsingsparadigma 41
3.3.2. Navorsingsmetodologie 42
3.3.2.1. Kwalitatiewe benadering 42
3.3.2.2. Gevallestudie 43
3.4. SELEKSIE VAN DEELNEMERS 44
3.5. PLEK WAAR NAVORSING UITGEVOER IS 44

University of Pretoria etd, Spang E (2006)


3.6. DATA-INSAMELINGSSTRATEGIEË 45

3.6.1. Ongestruktureerde onderhoude met 'n skedule 45

3.6.2. Fokusgroep 47

3.6.3. Veldnotas 47

3.6.4. Reflektiewe joernaal 48

3.7. DATA ANALISE EN INTERPRETASIE 48

3.7.1. Databestuur 48

3.7.2. Data-analise 49

3.7.3. Interpretasie 49

3.8. GELDIGHEID EN VERTROUBAARHEID 50

3.8.1. Geldigheid 50

3.8.2. Vertroubaarheid 51

3.8.3. Kruisvalidasie 51

3.9. DIE ROL VAN DIE NAVORSER 52

3.10. ETIESE OORWEGINGS 52

3.11. BEPERKINGE VAN DIE STUDIE 53

3.12. SAMEVATTING 55

HOOFSTUK 4: NAVORSINGSRESULTATE EN LITERATUUR KONTROLE

4.1. AGTERGROND MET BETREKKING TOT DIE DATA-INSAMELING 56

4.2. RESULTATE 57

4.2.1. Wat beskou opvoeders as hulle opvoedingstaak in 'n plek van veiligheid 57

4.2.1.1. Om na die kinders om te sien 57

4.2.1.2 Voorsien in die basiese opvoedingsbehoeftes 57

4.2.1.3. Om beskikbaar te wees vir die kinders 58

4.2.1.4. Deelnemende besluitneming 58

4.2.2. Algemene gedragspatrone van die kinders in 'n plek van veiligheid 59

4.2.2.1. Toets grense 59

4.2.2.2. Aandagsoekende gedrag 59

4.2.2.3. Negatiewe beïnvloeding 60

4.2.2.4. Swak selfbeeld 60

4.2.2.5. Jaloesie 61

University of Pretoria etd, Spang E (2006)


4.2.2.6. Aggressiewe en depressiewe gedrag 61
4.2.2.7. Probleme met betrekking tot skoolwerk 61
4.2.2.8. Ander 62
4.2.3. Eienskappe van versorgers 62
4.2.3.1. Positiewe ingesteldheid 63
4.2.3.2. Aanvaarding en begryping 64
4.2.3.3. Empatie 64
4.2.3.4. Emosionele beheer 64
4.2.3.5. Affiniteit vir kinders 65
4.2.3.6. Ervaring 65
4.2.4. Geïdentifiseerde vereistes vir die uitvoering van die unieke opvoedingsopgaaf 65
4.2.4.1. Bou 'n vertrouensverhouding met die kinders 65
4.2.4.2. Ken die kind 66
4.2.4.3. Kommunikasie met die kinders 66
4.2.4.4. Begryping van die kind se agtergrond 67
4.2.4.5. Empatiese luister 68
4.2.4.6. Dissiplinering 68
4.2.4.7. Neem deel aan aktiwiteite 70
4.2.4.8. Betekeniswysiging 71
4.2.4.9. Vennootskap 71
4.2.4.10.Neem die kind se kultuur in ag 71
4.2.5. Faktore wat die uitvoering van hulle opvoedingstaak beïnvloed 72
4.2.5.1. Ondersteunende omgewing 72
4.2.5.2. Opleiding 73
4.2.5.3. Supervisie 74
4.2.5.4. Vergaderings 75
4.2.5.5. Tekort aan personeel 75
4.2.5.6. Werksatmosfeer 76
*a.. Gevoel van prestasie en sukses 76*
*b. Salaris 77*
*c. Skofte 77*
*d Personeelverhoudinge 77*
*e. Behoefte aan erkenning 77*
*f. Bestuur van die instansie 78*

University of Pretoria etd, Spang E (2006)

*g.. Outonomiteit* *79*

4.2.5.7. Verhouding tussen persoonlike lewe en werk 80

*a. Invloed van versorgers se persoonlike lewe op hulle werk* *80*

*b. Invloed van werk op persoonlike lewe* *80*

4.3. SAMEVATTING 81

HOOFSTUK 5: OPSOMMING, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

5.1. INLEIDENDE OPSOMMING VAN DIE STUDIE 82

5.2 BEVINDINGE 83

5.2.1. Bevindinge aan die hand van die navorsingsvrae 83

5.2.2. Verdere bevindinge ten opsigte van die gedrag van die kinders 86

5.3. GEVOLGTREKKINGS 87

5.3.1. Hoofstuk 1: 87

5.3.2. Hoofstuk 2: 87

5.3.3. Hoofstuk 3: 87

5.3.4. Hoofstuk 4: 88

5.3.5. Beperkinge van die studie 89

5.3.4. Etiese aspekte 89

5.4. AANBEVELINGS 89

5.4.1. Vir praktykaanpassing in die instansie 89

5.4.2. Vir verdere navorsing 90

5.5. SLOTOPMERKINGS 91

BRONNELYS 92

BYLAES

Bylaag A: Afskrif van die skriftelike aansoek om toestemming om die studie by die betrokke instansie uit te voer. 101

Bylaag B: Skriftelike toestemming van die superintendent om die navorsing by die instansie te mag uitvoer. 102

Bylaag C: Skedule vir onderhoudvoering 103

Bylaag D: Voorbeeld van die formaat van analises 106

Bylaag E: Missie, visie en etiese kode van die instansie 107

# HOOFSTUK 1

# ORIËNTERING TEN OPSIGTE VAN DIE PROBLEEMSTELLING EN DIE NAVORSINGSONTWERP

## 1.1. INLEIDING

Kinderversorgers in diens van 'n plek van veiligheid word daagliks gekonfronteer met disfunksionele, onvanpaste en soms gevaarlike gedrag deur kinders in hulle sorg. Kinders word gewoonlik in 'n plek van veiligheid geplaas omdat hulle primêre versorgers, naamlik die ouers, nie die opvoedingstaak toereikend voltrek het nie, of vanweë hulle eie wangedrag wat dikwels die gevolg van die afwysing van hulle ouers se opvoeding is. Dit is nou die taak van die kinderversorger om die rol as primêre opvoeder tydelik oor te neem. Omdat die kind se persoonsvoltrekking tot dusver ontoereikend deur die ouers gefasiliteer is, tesame met sy[1] ervaring van volwassenes op grond van hulle voorlewing waaraan hy blootgestel was, betree die kind die versorgingseenheid met 'n ongunstige ervaringsbesit wat nie net sy ontwikkeling rem nie, maar ook 'n buitengewone appèl rig tot die volwassenes wat hom verder moet begelei op die pad na volwassenheid. Shiendling (1995: 46) meen dat mishandelde [of verwaarloosde] kinders uit die staanspoor 'n negatiewe persepsie van hulself en outoriteitsfigure het.

Kinderversorgers se onmiddellike en kumulatiewe reaksie op 'n kind se gedrag speel 'n groot rol in die vorming van die kind se persepsie van homself en van die wêreld en het 'n reuse invloed op die wyse waarop kinders in residensiële versorging (dus word 'n plek van veiligheid ingesluit) "beter" word (Shiendling, 1995: 46). Om hierdie rede is dit belangrik om na die welstand van kinderversorgers om te sien, alvorens direk op die behoeftes van die kinders gelet word. Dit is immers die kinderversorger wat die kind moet ondersteun en in sy behoeftes moet voorsien.

## 1.2. AGTERGROND TOT DIE STUDIE

Kinderversorgers van kinders in 'n plek van veiligheid word as van fundamentele belang beskou vir die persoonlike ontwikkeling van die kinders in hulle sorg. Navorsing wat gedoen is aangaande die wyse waarop kinderversorgers hulle taak uitvoer, asook die karaktereienskappe van kinderversorgers wat optimale versorging bevorder, toon 'n direkte verband tussen personeel se gedrag en die gedrag van die kind (Moses, 2000: 114); daarom speel hulle 'n bepalende rol in die behandeling van die kind. Schmid en Bar-Nir (2001: 247) meen dat hierdie personeel die kind se leefstyl en daaglikse roetine bepaal, besluite namens hulle neem en as mediator tussen die kind en sy omgewing optree. Volgens Moses (2000: 113) is kinderversorgers die primêre terapeutiese agente in residensiële instansies (dus

---

[1] Ter wille van eenvormigheid en verstaanbaarheid word deurgaans na kinderversorgers verwys as *sy/haar*, en na kinders as *hy/hom*. Dit sluit egter albei geslagte in.

University of Pretoria etd, Spang E (2006)

ook in die plek van veiligheid), omdat die intensiteit van die kontak tussen hulle en die kinders hulle in 'n gunstige posisie plaas om 'n verhouding te bewerkstellig waarin die doelwitte van die instansie se behandelingsplan gefasiliteer kan word. Dit blyk dat Moses (2000, 113) werk vanuit die aanname dat positiewe verhoudings tussen mense 'n omgewing van veiligheid en groei skep.

Die navorser se terapeutiese betrokkenheid by kinders in 'n plek van veiligheid en kennismaking met personeel in diens van die instansie, het laat blyk dat die eise en verantwoordelikhede wat die taak as kinderversorger meebring, tot gevoelens[2] van moedeloosheid, magteloosheid en vasgelopendheid by kinderversorgers lei. Dit opsigself het 'n verlammende effek op die motivering en vermoë van kinderversorgers om kinders opvoedkundig toereikend te ondersteun. In stede daarvan dat die kinders gesteun word tot hantering en opheffing van hulle probleme, lei die interaksie tussen hulle en die kinderversorgers soms tot die intensivering daarvan. Die kinders se gedrag word dikwels na 'n tydperk van inname steeds gekenmerk deur onrustigheid en opstandigheid. Daar is sprake van uitreagerende gedrag van kinders byvoorbeeld uitdagende houdings, aggressie, beskadiging van eiendom, wantroue teenoor personeel, diefstal, satanisme, selfmoorddreigemente, onvanpaste seksuele gedrag, dros, ensovoorts.

Dit is moeilik om te bepaal waar die probleem begin. Kan moontlike ontoereikende opvoeding wat die kinders van kinderversorgers ontvang beskou word as die bron van uitreagerende gedrag, of is dit juis die uitdagende gedrag wat 'n effek op die uitvoering van die opvoedingstaak deur die kinderversorger het? Verder kan die argument aangevoer word dat daar verskeie faktore in die kind se persoonlikheid en agtergrond is wat die gedrag van kinders in 'n plek van veiligheid beïnvloed en dat kinderversorgers nie primêr vir wangedrag verantwoordelik gehou kan word nie. Dit is en bly egter die kinderversorger se verantwoordelikheid om die kind op te voed. Opvoeding word deur Griessel en Oberholzer (1994: 16) beskryf as *"the positive influencing of a non-adult by an adult with the specific purpose of affecting changes of significant value. It is therefore a purposive act designed to guide the child's humanization on a determined course, with the child co-operating in full acceptance of his educationist's guidance. The final result cannot be guaranteed, nor can education go on indefinitely*". Alhoewel die opvoeder nie die uitkoms van opvoeding wat sy bied kan waarborg nie, is en bly dit steeds haar taak om te poog om die kind so te ondersteun en te begelei dat daar 'n positiewe effek op sy gedrag waarneembaar is. Ten spyte van Griessel en Oberholzer se stelling dat opvoeding nie onbepaald kan voortduur nie, is dit die volwassene se verantwoordelikheid om te volhard met opvoeding ongeag of daar 'n positiewe verandering in die kind se gedrag sigbaar is al dan nie, ten minste totdat die kind volwasse geword het.

---

[2] Vir die doel van hierdie studie sal nie onderskei word tussen *gevoelens* en *emosies* nie, maar die twee konsepte sal as sinonieme gebruik word.

University of Pretoria etd, Spang E (2006)

Die doel met opvoeding is immers om die kind te lei tot verantwoordelike volwassenheid (Griessel & Oberholtzer, 1994: 4). As resultaat behoort die kind homself te aanvaar, sy gevoelens te kan identifiseer en op 'n aanvaarbare wyse daaraan uiting gee, om sodoende die eise en versoekings wat in sy wêreld aan hom gestel word, die hoof te kan bied. Packard (in Pretorius, 1998: 74) meen 'n toereikend opgevoede jongmens is liefhebbend, vertrou ander, beleef eiewaarde, is effektief en sosiaal vaardig en aanvaar verantwoordelikheid.

Die missie van die instansie waar die beoogde studie geloods word, is om tydelike residensiële verblyf in 'n terapeutiese ontwikkelingsmilieu vir 90 kinders tot en met die ouderdom van 16 jaar te bied. Die doelwit is om kinders in 'n holistiese benadering te assesseer met die oog op daarstelling van 'n geïntegreerde plan vir die toekoms, volgens die behoeftes van die kind. Dié plan behoort volgens die missiestelling van die instansie *"the most empowering and least restrictive and appropriate to [the child's] needs"* te wees (Place of safety presentation, 2003: 2). Die visie van die instansie lui soos volg: "*Children are our future and as such deserve all our love and care. We strive to give each child hope and faith to reach his/her full potential*" (Place of safety presentation, 2003: 2). Hieruit blyk dit dat die kinderversorgers nie net bloot poog om in kinders se fisieke behoeftes te voorsien nie, maar dat hulle uiteindelike doel met kinderversorging is om by elke kind geloof in homself en in die wêreld te bewerkstellig, sodat hy homself as persoon kan ontwikkel en sy inherente potensiaal toereikend en na die beste van sy vermoë kan aktualiseer. Volgens Pretorius (1998: 18) is dit wat opvoeding ten doel het: om die kind met sy selfaktualisering te help en te begelei, wat inhou dat die kind sy latente potensiële moontlikhede op fisieke, kognitiewe, affektiewe, sedelike en sosiale vlakke toereikend aktualiseer.

Braxton (1995: 13) meen dat die versorging van kinders in 'n plek van veiligheid 'n veeleisende en uitdagende taak is. Om dit te kan doen verg meer van kinderversorgers as 'n blote bereidwilligheid en verbintenis tot die taak. Personeel moet ook toereikend opgelei en ondersteun word. Braxton (1995: 28) het die volgende voorstel gemaak: *"The place to begin is with doing an assessment of the staff to find out what they consider as the strengths and weaknesses of their program. They can also be invited to suggest ways the program can be improved."*

Die kinderversorger se gedrag teenoor die kinders in haar sorg word beïnvloed deur haar ervaringe van haarself in haar kinderversorgingsrol, asook dit wat sy as bates en uitdagings in haarself en in die konteks waarin sy haar bevind, beskou. Die gedrag wat die kinderversorger teenoor die kind in haar sorg openbaar het 'n direkte invloed op die gedrag van die kind, soos hierbo genoem. Om werksbevrediging by kinderversorgers te verhoog en so die gehalte van opvoeding wat kinders in die

University of Pretoria etd, Spang E (2006)

instansie ontvang te verhoog, is dit dus noodsaaklik om ten eerste te bepaal hoe die kinderversorger haarself in haar rol ervaar. Ten tweede is dit belangrik dat die kinderversorger se begryping van en betekenisgewing aan haar bepaalde sosiale konteks ondersoek word. Eers wanneer die kennis en vaardighede van die kinderversorger ten opsigte van haar rol as opvoeder objektief geëvalueer word, en dit duidelik is ten opsigte van watter aspekte van haar taak die kinderversorger voel dat sy ondersteuning nodig het, kan die huidige funksionering (van die persoon en van die instansie) aangepas word om in haar behoeftes te voorsien. Wanneer dit wat die kinderversorger as bates in die uitvoering van haar taak beskou geïdentifiseer is, kan die toeganklikheid daarvan bepaal word en indien moontlik kan dit gemobiliseer word om by te dra tot die bereiking van haar en die instansie se doelwitte.

## 1.3. DOEL VAN DIE STUDIE

Die primêre doel van hierdie studie is om die ervaringe van kinderversorgers in hulle rol as opvoeders te verken en te beskryf. Uit die resultate is afgelei wat versorgers as hulle opvoedingstaak beskou en waar hulle ondersteuning in die uitvoering van hulle taak verlang. Versperrings is geïdentifiseer wat deur kinderversorgers in diens van 'n plek van veiligheid as bydraend tot die kwaliteit van die uitvoering van hulle opvoedingstaak ervaar word. Dit wat kinderversorgers as versperrings beskou het uit die aard van die saak 'n negatiewe uitwerking op die wyse waarop hulle die opvoedingstaak volvoer en moet aangespreek word alvorens opvoedingspraktyk in die instansie verbeter kan word.

As sekondêre doelwit word gestel om 'n bydrae op die gebied van kinderversorging in 'n plek van veiligheid te maak. Op grond van die resultate van hierdie studie sal aanbevelings gemaak word om die geïdentifiseerde leemtes op 'n bategebaseerde wyse aan te spreek. Die resultate van die studie sal dus kan bydra tot die verhoging van die kwaliteit van versorging en opvoeding wat kinders in 'n plek van veiligheid van kinderversorgers ontvang.

## 1.4. NAVORSINGSPROBLEEM

### 1.4.1. Sentrale vraagstelling

Wat is die ervaringe van kinderversorgers in hulle rol as opvoeder van kinders in 'n plek van veiligheid?

### 1.4.2. Newevraagstelling

1) Wat beskou kinderversorgers as hulle taak as opvoeders van kinders in 'n plek van veiligheid?
2) Watter vereistes stel die taak van opvoeding van kinders in 'n plek van veiligheid aan kinderversorgers?
3) Wat ervaar kinderversorgers as bydraende faktore tot die wyse waarop hulle die taak as opvoeder uitvoer?

University of Pretoria etd, Spang E (2006)

## 1.5. SLEUTELBEGRIPPE

### 1.5.1. Plek van Veiligheid

Volgens die Wet op Kindersorg (Wet 74 van 1983) word 'n veiligheidsplek omskryf as *" 'n plek opgerig kragtens artikel 28 en ook 'n plek wat geskik is vir die ontvangs van 'n kind en waartoe eienaar, okkupeerder of persoon in beheer daarvan bereid is om die kind toe te laat."* 'n Veilige versorgings-fasiliteit is 'n fasiliteit wat kragtens artikel 28A ingestel is.

Artikel 28 lui soos volg:
*"Die Minister kan met die toestemming van die Minister van Finansies uit geld wat deur die Parlement vir die doel bewillig is, veiligheidsplekke oprig en in stand hou vir die opname, bewaring, waarneming, ondersoek en behandeling van kinders kragtens hierdie Wet, en die aanhouding van kinders in afwagting van hul verhoor of vonnis."*

Artikel 28A lui soos volg:
*"Die Minister kan met die toestemming van die Minister van Finansies uit geld wat deur die Parlement vir die doel bewillig is, veilige versorgingsfasiliteite oprig en in stand hou vir die opname en veilige versorging van kinders kragtens hierdie Wet, en die aanhouding van kinders in afwagting op hul verhoor of vonnis."*

Volgens Swanepoel en Wessels (1992: 18) word veiligheidsplekke gebruik vir:

- tydelike bewaring van kinders hangende die finalisering en afhandeling van kinderhof-ondersoeke
- waarneming of om ondersoek en behandel te word
- aanhouding en afhandeling van verrigtinge hangende die aanwysing van 'n inrigting deur die direkteurgeneraal.

In kort: 'n Plek van veiligheid word in hierdie studie beskou as 'n plek wat aangewend word vir die tydelike opname (wat inwoning by die instansie impliseer), bewaring, waarneming, ondersoek en behandeling van kinders, weg van hulle ouers af.

Die instansie waar die navorsing uitgevoer is bied residensiële verblyf in 'n terapeutiese ontwikkelingsmilieu (Plek van veiligheid aanbieding, 2003: 2) aan kinders wat uit hulle ouers se sorg verwyder is en voldoen dus aan die beskrywing van bogenoemde wet.

### 1.5.2. Kinderversorger

Vir die doel van hierdie studie kan 'n kinderversorger omskryf word as 'n persoon wat verantwoordelik is vir die veilige versorging van kinders wat opgeneem is in 'n plek van veiligheid. Volgens die Wet op Kindersorg (Wet 74 van 1983) word veilige versorging omskryf as "*die fisieke- gedrags-, en emosionele inperking van kinders wat 'n omgewing en program bied wat bevorderlik is vir hulle sorg, veiligheid en gesonde ontwikkeling.*" Kinderversorgers word beskou as die persone verantwoordelik vir die daarstel en fasilitering van bogenoemde omgewing en program. Hulle neem tydelik die opvoedingsrol van die ouers oor.

## 1.6. NAVORSINGSONTWERP

### 1.6.1. Navorsingsparadigma

'n Kwalitatiewe benadering sal gevolg word. Hierdie benadering behels die analisering, interpretering en beskrywing van persone se individuele en gesamentlike gedrag, oortuigings en persepsies (McMillan & Schumacher, 2001: 395). Die doel hiermee is om die verskillende perspektiewe van die kinderversorgers in diens van die plek van veiligheid met betrekking tot hulle taak as opvoeders te verken en te begryp (vergelyk Denzin & Lincoln in Schurink, 1998a: 240).

Omdat hierdie studie fokus op die interpretasie van die subjektiewe ervaringe en betekenisse van kinderversorgers in hulle rol as opvoeders, sal dit vanuit 'n interpretivistiese paradigma benader word. (vergelyk Schurink, 1998a: 240). Terre Blanche & Durrheim (2002: 127) meen dat 'n interpretivistiese navorser sin wil maak uit die gevoelens, ervaringe, sosiale situasie of verskynsel soos wat dit in die realiteit voorkom, en bestudeer dit dus in die natuurlike omgewing.

Tydens die uitvoer van hierdie studie sal dus in gedagte gehou word dat kinderversorgers subjektiewe en unieke betekenis aan hulle opvoedingstaak en omgewing gee. Hulle interpreteer gebeure, kontekste en situasies en rig hulle optrede daarvolgens. Omdat hulle nie passiewe toekykers is nie, maar aktief deelneem aan die konstruering van hulle wêreld, is dit nodig om die opvoedingsgebeure deur die oë van die kinderversorgers, eerder as die van die navorser te bestudeer. Die studie sal in die kinderversorgers se natuurlike werksomgewing uitgevoer word en geen intervensie of manipulasie sal deur die navorser gedoen word nie, sodat getrou aan die verskynsel gebly word.

### 1.6.2. Literatuur oorsig

Ruben en Babbie (De Vos, 1998: 46) beskou die bestudering van relevante literatuur as belangrike voorbereiding vir enige navorsingsprojek. Hierdeur word die navorser se eie kennis en begrip rondom die onderwerp uitgebrei en dit bring die navorser op hoogte van resultate van vorige studies wat reeds

University of Pretoria etd, Spang E (2006)

op die gebied uitgevoer is (Vithal & Jansen, 1997: 16; Fouche & De Vos: 1998, 64). So word voorkom dat die beoogde studie nie 'n blote herhaling van vorige navorsing is nie (Mouton, 2001: 87).

Met die oog op verkenning van die gebied van kinderversorging is ondersoek ingestel na verskeie teorieë en resente navorsingstudies se bevindinge en navorsingsmetodes op die gebied van opvoeding, kinderversorging in plekke van veiligheid en kinders wat aan trauma blootgestel was (vergelyk Mouton, 2001: 87).

### 1.6.3. Navorsingsgesitueerdheid

Die data is ingesamel van kinderversorgers by 'n plek van veiligheid in Tshwane. Kinders wat in opdrag van die kommissaris van kindersorg van hulle ouers of voogde verwyder word, word tydelik vir 'n aantal maande hier gehuisves totdat 'n finale plasing na 'n kinderhuis, pleegsorg, nywerheidskool of terug na sy ouerhuis gemaak word. Die spesifieke instansie is op grond van die maklik bereikbare geografiese ligging en bekendheid aan die navorser geselekteer.

### 1.6.4. Navorsingsmetodologie

Op grond van die aard van die studie sal van interpretivistiese navorsingsmetodes gebruik gemaak word om die kinderversorgers se gevoelens en ervaringe van hulle opvoedingsaktiwiteite vanuit hulle eie oogpunt, in hulle natuurlike omgewing te ondersoek en in subjektiewe, menslike terme te beskryf, eerder as deur middel van meting en kwantifisering. Die navorser se rol sal gerig word deur 'n intersubjektiewe, interaksionele posisie teenoor die realiteit wat bestudeer word, naamlik die kinderversorgers se ervaring van hulle rol as opvoeders in 'n plek van veiligheid (vergelyk Durrheim & Terre Blanche, 2002: 123 en McMillan & Schumacher, 2001: 35).

#### 1.6.4.1. Gevallestudie

As 'n kwalitatiewe studie sal daar gebruik gemaak word van gevallestudies. 'n Gevallestudie beskik oor die volgende kenmerke (Ritchie & Lewis, 2003: 52; Creswell, 1998: 38):

- Die verskynsel word in konteks ondersoek.
- Die studie vind plaas in 'n sisteem gebonde aan 'n sekere plek en bepaalde tydperk.
- Data word van meer as een bron versamel om by te dra tot 'n gedetailleerde en intensiewe beskrywing daarvan.

Slegs kinderversorgers in diens van een instansie is geselekteer om inligting aangaande hulle ervarings as opvoeders in 'n plek van veiligheid met die navorser te deel. Data is oor 'n tydperk van 5 maande versamel deur middel van individuele onderhoude en 'n fokusgroepbespreking waaraan gesamentlik 10

University of Pretoria etd, Spang E (2006)

versorgers deelgeneem het. Die versamelde data dien as die basis vir 'n gedetailleerde en intensiewe beskrywing van kinderversorgers se ervaringe as opvoeders.

1.6.4.2. Seleksie van deelnemers

Kinderversorgers wat aan die individuele onderhoude deelgeneem het, is geselekteer na gelang van hulle beskikbaarheid in terme van hulle werksure en -verpligtinge. Die samestelling van die steekproef wat aan die onderhoude en fokusgroepbespreking deelgeneem het, was verteenwoordigend van die kinderversorgers werksaam by die instansie. Vyf kinderversorgers het aan die individuele onderhoude deelgeneem en vyf ander kinderversorgers aan die fokusgroepbespreking. Altesaam is dus 10 versorgers by die studie betrek, wat ongeveer een derde van die totale populasie van kinderversorgers werksaam by die instansie uitmaak. Beide manlike en vroulike versorgers wat in die seuns-, dogters- en kleuterafdelings werk, is betrek. Die aantal jare wat die deelnemers by die instansie betrokke is wissel van een tot sestien jaar. Alle data is gedurende werksure versamel. Ontmoetings is geskeduleer op tye wat die minste ontwrigtend vir die instansie en vir die kinderversorgers was.

1.6.4.3. Data-insamelingstegnieke

Verskillende data-insamelingtegnieke sal aangewend word om die ervaringe van kinderversorgers in hulle rol as opvoeder in konteks te beskryf, soos wat dit deur hulle ervaar word op die tydstip van data-insameling (Tripodi in Fouche & De Vos, 1998: 125; Ritchie & Lewis, 2003: 52). Data-insameling is afhanklik van die subjektiewe verhouding tussen die navorser en die kinderversorgers wat aan die studie deelneem (vergelyk Schurink, 1998a: 240). Daar sal gebruik gemaak word van wat Ritchie & Lewis (2003: 56, 57) noem: *"Generated data collection methods [where] participants [have] a direct and explicit opportunity to convey their own meanings and interpretations through the explanations they provide, whether spontaneously or in answer to the researcher's probing."* Daar is van die volgende strategieë gebruik gemaak om data in te samel:

*1) Ongestruktureerde onderhoude met 'n skedule*

Uit die aard van die studie is dit belangrik dat interaksie tussen die navorser en deelnemers sal fokus op die persoonlike ervaringe van die deelnemer. Ritchie & Lewis (2003: 58) beskou 'n onderhoud as 'n geleentheid vir 'n gedetailleerde verkenning van die deelnemer se persoonlike perspektiewe en subjektiewe ervarings met die oog op begrip van haar unieke konteks.

Omdat min of meer dieselfde temas in elke onderhoud aangespreek word, kan ongestruktureerde onderhoude met 'n skedule sinvol aangewend word waar verskillende deelnemers uit dieselfde groepkonteks betrek word. Alhoewel die doel van 'n skedule is om te verseker dat alle geïdentifiseerde

temas in die onderhoud aangespreek word (Schurink, 1998c: 299), bied ongestruktureerde onderhoude steeds aan die navorser en deelnemer geleentheid om enige sinvolle tema wat uit die gesprek voortkom, aan te spreek (Leedy & Ormrod, 2001: 159).

*2) Fokusgroepbespreking*

Ritchie & Lewis (2003: 38, 60) meen dit is sinvol om 'n fokusgroepbespreking en in-diepte onderhoude te kombineer, en dat die kombinasie dikwels gebruik word.

'n Fokusgroepbespreking is na die afloop van die onderhoude gehou om geïdentifiseerde temas te bespreek. Dit het ook aan die navorser 'n geleentheid gegun om te reflekteer oor die bevindinge van die studie tot dusver.

*3) Veldnotas*

Daar is voortdurend deeglik dagboek gehou van die navorsingsproses. Met die toestemming van die lede van die fokusgroepbespreking en deelnemers aan die onderhoude is klankopnames van die besprekings en gesprekke gemaak wat as rou data dien. 'n Lêer is oopgemaak waarin data wat ingesamel is (byvoorbeeld transkripsies en notas) bewaar word.

### 1.6.5. Data-analise en interpretasie

Data-analise impliseer die verwerking van data tot hanteerbare temas, patrone, tendense en verhoudings. Die doel hiermee is om tot begryping van die samestellende elemente van die ingesamelde data te kom, deur middel van ondersoeke na die verhoudinge tussen konsepte, konstrukte en veranderlikes. So kan bepaal word of daar enigsins betekenisvolle patrone, tendense of temas vanuit die data identifiseerbaar is (Mouton 2001: 108). Deur middel van induktiewe redenering sal gepoog word om vanuit gegenereerde data verhoudinge en patrone uit te lig.

'n Sleutelkonsep tot interpretivistiese analise is om getrou aan die data te bly en dit te interpreteer vanuit 'n posisie van empatiese begrip. Volgens die antropoloog Clifford Geertz (Durrheim en Terre Blanche, 2002, 139) is die doel met interpretivistiese analise om 'n gedetailleerde beskrywing van die objek van navorsing daar te stel, in hierdie geval die ervaringe van kinderversorgers by 'n plek van veiligheid in hulle rol as opvoeders. Hiermee word bedoel 'n deeglike beskrywing van karaktereienskappe, prosesse, transaksies en konteks wat die verskynsel wat beskryf word, konstitueer, deur middel van 'n taal wat bekend aan die verskynsel is, asook rekenskap van die rol wat die navorser in die samestelling van die beskrywing vertolk het. Dit behoort meer te wees as 'n blote weergee van die verskynsel wat bestudeer word. Die doel is nie om stukkies van die werklikheid te versamel nie, maar om die

verskynsel en dit wat daarin plaasvind, in 'n bepaalde perspektief te plaas. Dit is onmoontlik om reg te kry indien die navorser van die data gedistansieer bly (Durrheim & Terre Blanche, 2002, 140).

### 1.6.6. Etiese oorwegings

Creswell (2003, 62-67) onderskei verskillende velde waarin etiek belangrik is. Die volgende etiese oorwegings volgens Creswell sal in elke veld in ag geneem word tydens die uitvoering van die studie:

#### 1.6.6.1. Identifisering van die navorsingsprobleem

Die geïdentifiseerde navorsingsprobleem vir hierdie studie is so geformuleer dat die studie tot die voordeel van die deelnemers sal strek.

#### 1.6.6.2. Navorsingsvraag en -doel

Dit is belangrik dat die navorser en deelnemers dieselfde doel met die studie nastreef. Die navorsingsvraag en doel met die studie sal aan deelnemers bekend gemaak en verduidelik word, naamlik dat die navorser die deelnemers se ervaringe van hulle rol as opvoeders in 'n plek van veiligheid wil verken en beskryf om so tot insig te kom oor wat hulle opvoedingstaak behels en wat hulle as bydraende faktore in die uitvoering daarvan beskou.

#### 1.6.6.3. Insameling van data

Toestemming om toegang te verkry tot die kinderversorgers in die navorsingsveld, is van die Superintendent van die instansie verkry alvorens met navorsing in die plek van veiligheid begin is (Bylaag A en B).

Die prosedure wat gevolg is, is vooraf aan deelnemers bekend gemaak sodat hulle weet wat om te verwag. Dit is duidelik aan hulle gestel dat deelname vrywillig is en dat hulle op enige tydstip kan onttrek. Deelnemers is verseker van hulle reg tot privaatheid.

Die moontlikheid dat sensitiewe inligting tydens die data-insamelingsproses deur die deelnemers bekend gemaak mag word, word in gedagte gehou (byvoorbeeld traumatiese ervarings uit hulle eie verlede). Die reg van deelnemers tot privaatheid sal ten alle tye gerespekteer word.

Die navorser is deurgaans onderwerp aan die etiese kode vir opvoedkundige sielkundiges. Die professionele etiek vir opvoedkundige sielkundiges word volledig in die gedragskode vir sielkundiges vervat soos geformuleer deur die *Health Professions Council of South Africa* (Departement van Gesondheid: Suid Afrika, 1994).

University of Pretoria etd, Spang E (2006)

#### 1.6.6.4. Analise en interpretasie

Daar is voortdurend tydens die analise en interpretasie van die data gepoog om die identiteit van die deelnemers te beskerm, die data in konteks te beskou en bevindinge akkuraat weer te gee. Die ingesamelde en geanaliseerde data geanaliseer sal vir 'n bepaalde tyd bewaar te word.

#### 1.6.6.5. Weergee en verspreiding van resultate

Die resultate van die navorsing is getrou deur die navorser weergegee en word nie tot voordeel van enige spesifieke groep aangewend nie. Die beperkinge en detail van die studie is bekend gemaak sodat die leser self die geldigheid daarvan kan bepaal.

## 1.7. BEPERKINGS VAN DIE STUDIE

Soos kenmerkend van kwalitatiewe navorsing, is data van 'n beperkte aantal kinderversorgers werksaam by een instansie versamel. Bevindinge sal dus nie na die res van die populasie veralgemeen kan word nie.

Uit die aard van kwalitatiewe navorsing kan moontlike subjektiwiteit van die navorser 'n rol speel tydens die insameling, analisering en interpretering van data. Die navorser sal egter waak teen subjektiewe menings of vooroordele.

## 1.8. UITEENSETTING VAN DIE STUDIE

Die hoofstukindeling is soos volg:

### Hoofstuk 1: Oriëntering ten opsigte van die probleemstelling en die navorsingsontwerp

Die hoofstuk dien om die rasionaal en agtergrond van die studie te verhelder. Die leser word georiënteer ten opsigte van probleemstelling en die motivering vir die doel van die studie word aangespreek. Relevante kernkonsepte word omskryf.

### Hoofstuk 2: Opvoeding van kinders in 'n plek van veiligheid

Aan die hand van 'n literatuurstudie sal die verskynsel van opvoeding ondersoek word. Die karaktertrekke van die kind in 'n plek van veiligheid sal bespreek word en die spesifieke taak van versorgers sal ook gestel word. Aandag sal gegee word aan die faktore wat die effektiwiteit van die diens wat deur die versorgers gelewer word, beïnvloed.

### Hoofstuk 3: Navorsingsontwerp en -verloop

University of Pretoria etd, Spang E (2006)

Die navorsingsproses sal bespreek word. Die navorsingsontwerp, metodes van data-insameling, analise en interpretasie sal in besonderhede verduidelik word en die navorser se rol sal uiteengesit word.

### Hoofstuk 4: Navorsingsresultate en literatuur kontrole

Die analise en interpretasie van die resultate wat verkry is, sal uiteengesit en bespreek word.

### Hoofstuk 5: Opsomming, gevolgtrekkings en aanbevelings

In hierdie hoofstuk sal die ervaringe van kinderversorgers in hulle rol as opvoeder by die plek van veiligheid bespreek word om sodoende die navorsingsvrae te beantwoord. 'n Samevatting van die resultate en bevindings sal gebied word ten einde relevante aanbevelings te maak in terme van praktykaanpassing en verdere navorsing.

University of Pretoria etd, Spang E (2006)

# HOOFSTUK 2

# OPVOEDING VAN KINDERS IN 'N PLEK VAN VEILIGHEID

## 2.1. DOEL VAN 'N PLEK VAN VEILIGHEID

Volgens die handves vir menseregte (http://www.concourt.gov.za) is 'n kind geregtig op:

- *"family care or parental care, or to appropriate alternative care when removed from the family environment;*
- *basic nutrition, shelter, basic health care services and social services;*
- *be protected from maltreatment, neglect, abuse or degradation."*

Kinders is afhanklik van ander vir versorging en beskerming, wat hulle weerloos laat en hulle behoefte aan beskerming vergroot. Weens verskeie redes loop opvoeding van kinders egter dikwels skeef. 'n Kommissaris van kindersorg is by magte om volgens die Wet op Kindersorg (Wet 74 van 1983) 'n lasbrief uit te reik waarin 'n polisiebeampte, maatskaplike werker of 'n ander persoon gemagtig word om die kind uit sy huidige omstandighede te verwyder, sou daar redelike gronde bestaan om te glo dat dit in die belang van die veiligheid en welsyn van die kind is (vergelyk Skelton, 1998: 130, 131). Volgens artikel 14 (4) van die Wet op Kindersorg (Wet 74 van 1983) kan 'n kind sorgbehoewend bevind word deurdat die kind:

- geen ouer of voog het nie;
- 'n ouer of voog het wat nie opgespoor kan word nie;
- verlaat is of geen sigbare bestaansmiddele het nie;
- gedrag openbaar wat nie beheer kan word deur sy ouers of die persoon in wie se bewaring hy is nie;
- in omstandighede woon wat waarskynlik sy verleiding, ontvoering of seksuele uitbuiting kan veroorsaak of bevorder;
- woon in of blootgestel word aan omstandighede wat die fisieke, geestelike of maatskaplike welsyn van die kind ernstig kan skaad;
- in 'n toestand van fisieke of geestelike verwaarlosing is;
- fisiek, emosioneel of seksueel deur sy ouer of voog of die persoon in wie se bewaring hy is, misbruik of mishandel is.

Wanneer die kind uit die problematiese omstandighede verwyder is, word hy tydelik in 'n plek van veiligheid gehuisves, hangende finale plasing soos deur die kinderhof aanbeveel. Dit word nou die taak van die instansie verantwoordelik vir die kind se versorging om die opvoeding wat hy in 'n sogenaamde

University of Pretoria etd, Spang E (2006)

normale gesinslewe sou ontvang, tydelik te behartig. Dit is dus belangrik dat die opvoeding wat die instansie aan die kind bied gedurende die intervensie tydperk, aan die kind 'n beter kwaliteit opvoeding sal bied as wat hy tot dusver in sy natuurlike omgewing ontvang het, sodat die kind sy persoonsmoontlikhede meer toereikend kan aktualiseer.

Uit die benaming "plek van veiligheid" word 'n beskrywing gegee van dit wat die instansie as onmiddellike doelwit stel, naamlik om te poog om in die kind se primêre behoefte op daardie stadium te voorsien: 'n plek waar hy veilig voel. Pretorius (1998: 7) maak die stelling dat die grondvoorwaarde vir die kind se bestaan is om veilig te voel. Hy beskou dit as die kind se allesoorheersende lewensbehoefte. Nunno, Holden & Leidy (2003: 296) beskou 'n veilige omgewing meer as bloot 'n plek waar kinders nie fisieke of psigiese skade berokken sal word nie, maar meen dit behoort 'n gestruktureerde omgewing te wees waar kinders se vordering gemonitor kan word. Die verantwoordelikheid rus op die kinderversorgers van die instansie om so 'n omgewing aan die kind te bied, waar sy veiligheidservaring op 'n pedagogies aanvaarbare wyse ontwikkel word. Dit sal as die fondament dien waarop die opvoeding van die kind gebou kan word.

Die doel van opvoeding is om 'n effektief funksionerende volwassene daar te stel, wat ook is waarna die instansie streef. As "werksblad" vir begeleiding van die kind na sinvolle volwassenheid, poog die instansie om aan die kind te bied wat hy veronderstel was om in die gesinopset te ontvang. Aan die hand van die definisie van 'n gesin volgens Cooper (in Pretorius, 1998: 41-42) behoort die instansie die volgende aan die kind te voorsien:

- Die ervaring van persoonswarmte waarin liefdevolle, intieme en konsekwent-betroubare verhoudinge gestig en in stand gehou kan word. By 'n gebrek aan liefde en intimiteit word die intellektuele, sosiale en emosionele ontwikkeling van die kind belemmer (Pretorius, 1998: 46).
- Die kind se fisieke en materiële behoeftes behoort aangespreek te word. In die versorging van die kind behoort voldoende voedsel, kleding en skuiling aan hom gebied te word. Aandag behoort ook gegee te word aan sy gesondheid en veiligheid (Pretorius, 1998: 46).
- Die instansie behoort verantwoordelikheid te neem vir die toereikende persoonsontwikkeling en sosialisering van inwoners. Hieronder kan ook die kind se godsdienstige opvattings en ervaringe, ontspanninggeleenthede en beheer van sy gedrag sorteer (Pretorius, 1998: 47, 48).
- Modellering van en beïnvloeding tot aanvaarbare gedrag.

## 2.2. OPVOEDINGSBEHOEFTES VAN KINDERS

### 2.2.1. Wat behels opvoeding van kinders?

Griessel & Oberholzer (1994: 2) beskryf opvoeding as 'n bewuste, intensionele bemoeienis van 'n volwassene met 'n kind met die doel om hom te ondersteun en te lei op sy weg na verantwoordelike volwassenheid. Die volwassene wat betrokke is by die begeleiding van die kind tot volwassenheid word

University of Pretoria etd, Spang E (2006)

as die opvoeder beskou, selfs al beskik sy nie noodwendig oor formele opleiding aangaande opvoeding nie. Deur middel van die opvoedingshandelinge behoort 'n volwassene 'n kind te begelei tot die ontdekking en toereikende aktualisering van sy inherente potensiaal. Die uiteindelike doel met opvoeding is om 'n verantwoordelike, goed aangepaste, gebalanseerde volwassene daar te stel met selfkennis en 'n vermoë tot selfevaluering en wat onafhanklik van ander sinvol kan funksioneer.

In die gesin behoort die kind aanspraak te kan maak op ondersteuning en begeleiding van 'n meer ervare persoon (volwassene) op sy verkenningstog van die wêreld. Daar is egter baie opvoedingsfaktore wat die welsyn van kinders beïnvloed. Shore (2002: 2) en Edgar (1999: 109) meen dat die belangrikste hiervan juis die gesin is waarin die kind opgevoed word. Die gesin is die eerste plek waar die kind in verhoudinge met ander persone staan, waar daar op sy aksies gereageer word en waar hy begin voel of hy aanvaar word of nie. Hier leer kinders van hulleself en die wêreld (De Klerk & Le Roux, 2003: 12). Edgar (1999: 109) meen dat die omstandighede waarin 'n kind opgroei hom van positiewe geleenthede kan voorsien, maar ook sosiale beperkinge teweeg kan bring.

Opvoeding is nie altyd suksesvol nie. Soos vroeër vermeld, word kinders in 'n plek van veiligheid opgeneem aangesien daar juis iets met sy huidige opvoedingsituasie skeel. Opvoedingssituasies word dikwels gekenmerk deur 'n liefdelose ouer-kind verhouding waar vyandigheid, verwerping of mishandeling aan die orde van die dag is. Duidelike boodskappe van kritiek, blaam, dreigemente en agterdog word aan die kind gekommunikeer (Pretorius, 1998: 66), wat beslis bepaalde negatiewe invloede op die kind se persoonsontplooiing het. Rosenfeld en Wasserman (in Shiendling, 1995: 46) stel dat mishandelde kinders 'n negatiewe persepsie van hulself en volwasse outoriteitsfigure het. Daarom baseer inwoners by 'n plek van veiligheid hulle gedrag op die vooropgestelde idee dat geen volwassene betroubaar is nie, net soos die met wie hulle tot dusver te doene gehad het. Hulle probeer gedurig om dit (wetend of onwetend) te bewys (Braxton, 1995: 19).

Die rol wat 'n ouer in die kind se lewe vertolk, het altyd 'n invloed op 'n kind se volwassewording, selfs wanneer die kind van die ouer weggeneem word, daarom kan en behoort die verhouding tussen dié primêre opvoeder en kind nooit geïgnoreer te word nie. Verhoudings met vriende en familie - of dit nou positiewe of negatiewe verhoudinge is - is die een aspek in 'n kind se lewe wat blywend is en wat 'n mate van kontinuïteit in 'n andersins gefragmenteerde bestaan kan bewerkstellig (Jackson, 2002: 47). As 'n kind in 'n plek van veiligheid opgeneem word, dien die verhouding egter nie meer vir hom as die primêre lanseerarea vir verkenning van homself en sy wêreld nie. Die kind staan nie meer slegs in verhouding met sy biologiese ouers en familielede nie, maar ook met die kinderversorgers en sy mede-inwoners, by wie hy nou die meeste tyd deurbring. Die effek van vorige opvoedingsverhoudinge op die

University of Pretoria etd, Spang E (2006)

kind moet egter in gedagte gehou word wanneer met die kind omgegaan word, sodat die opvoedingstekorte wat die kind tot dusver ervaar het opgehef kan word. Wysiging van die ongunstige betekenisse wat die kind aan homself en sy wêreld kon toeken op grond van die ontoereikende opvoedingsituasie waarin hy homself voorheen bevind het, word nou die taak van die kinderversorgers in 'n plek van veiligheid. Met hierdie doel voor oë kan die opvoeding wat hier plaasvind beskou word as herstellende opvoeding: dit wat vanuit die ontoereikende opvoeding tussen die biologiese ouer (of vorige opvoeder) en die kind 'n remmende effek op die persoonsontplooiing van die kind kan hê, behoort aangespreek en gewysig te word met die oog op die daarstel van 'n goed funksionerende en gebalanseerde individu. Deur die gedrag wat die opvoeder teenoor die kind openbaar, (opvoedingshandelinge) moet sy aan die kind kommunikeer dat nie alle volwassenes in die wêreld hom te na gaan kom nie, maar dat daar wel diegene is wat sy belange op die hart dra en wat in staat is om hom te kan ondersteun.

### 2.2.2. Die behoeftes van kinders in 'n plek van veiligheid

Corsini (2002: 631) beskou 'n behoefte as 'n gevoel van onvervuldheid of ontneming en 'n begeerte om die tekort aan te vul. Volgens De Klerk en Le Roux (2001: 53) kan 'n behoefte omskryf word as dit wat 'n persoon graag wil ervaar, ontvang of gee. Om vir die kind 'n ruimte te skep waarin hy ondersteun en begelei word om sy potensiaal toereikend te kan aktualiseer, is dit nodig dat die opvoeder bewus is van wat die kind se behoeftes is, sodat sy hom doelgerig kan opvoed tot 'n suksesvolle volwassene. Obsatz (1999: 80) meen dat wanneer mense mekaar se behoeftes en emosies ignoreer, dit tot griewe lei wat uiteindelik kan uitloop op emosionele uitbarstings. Pretorius (1998: 57) bevestig bogenoemde met die volgende stelling: *"Ten einde psigies te kan ontplooi, het die kind behoefte aan die liefdevolle, sorgende gerigtheid van die [opvoeder], wat in konkrete dade en op tasbare wyse tot uitdrukking kom. Gebeur dit nie, raak die psigiese en uitingslewe van die kind versteur."*

Op grond van hulle geskiedenis en vorige ervaringe kan kinders in 'n plek van veiligheid almal as emosioneel gekwes beskou word. Hulle emosionele behoeftes staan op die voorgrond van hulle bestaan en dien dikwels as die basis waaruit hulle gedrag spruit. Klerk en Le Roux (2003: 12) identifiseer 'n aantal emosionele behoeftes wat kinders ervaar om:

- Belangrik te voel;
- Beskerm te word;
- Gerespekteer te word;
- Gehoor te word;
- Verbonde te voel;
- Aanvaar te word;

- Te behoort;
- Uitgedaag te word;
- Liefgehê te word.

Vervulling van bogenoemde behoeftes behoort sentraal in die opvoedingsproses te staan. De Klerk en Le Roux (2001: 53) meen dat onvervulde emosionele behoeftes aanleiding gee tot negatiewe gevoelens, so byvoorbeeld ontstaan gevoelens van verwerping wanneer 'n kind 'n gebrek aan erkenning ervaar. Positiewe gevoelens ontstaan weer wanneer emosionele behoeftes wel vervul word. So sal 'n gevoel van aanvaarding ontstaan wanneer 'n kind goedkeuring beleef byvoorbeeld as gevolg van suksesvolle sosiale verhoudinge.

Maslow identifiseer 5 vlakke van basiese behoeftes by die mens soos hieronder bespreek en geïllustreer in figuur 1. Vir vervulling van die kind se behoeftes op 'n bepaalde vlak is dit nodig dat sy behoeftes in die voorafgaande vlakke eers vervul word (Thompson en Rudolph, 2000: 10, 11). Vir die doel van hierdie bespreking en ter wille van beter begrip word die relevante emosionele behoeftes van kinders in 'n plek van veiligheid en die uiteensetting van Maslow se behoeftehiërargie geïnkorporeer.

Vlak 1: Fisiologiese behoeftes

Op hierdie vlak van Maslow se behoefte-hiërargie val die klem op die fisiologiese versorging van die kind. Die kind het die basiese lewensmiddele soos kos, water, 'n plek om te bly en beskutting teen koue




Figuur 1: Maslow se hiërargie van behoeftes

University of Pretoria etd, Spang E (2006)

nodig om aan die lewe te bly. Sommige inwoners in 'n plek van veiligheid kom uit omstandighede waar die behuising en/of voeding om verskeie redes nie voldoende deur die ouer voorsien kon word nie. Dit kan moontlik by die kind die persepsie laat ontstaan dat sy ouers hom nie as belangrik of waardevol genoeg ag om aan hom selfs die basiese lewensmiddele te voorsien nie en lei tot 'n gevoel van verwerping en minderwaardigheid by die kind.

Thompson en Rudolph (2000: 10) wys ook daarop dat daar 'n verhouding tussen die kind se dieet en sy akademiese prestasie, gedrag en geestesgesondheid bestaan. Wanneer 'n honger kind in die klaskamer sit, is sy aandag dikwels eerder gevestig op sy behoefte aan kos as aan dit wat die onderwyser verduidelik. Wanneer 'n kind nie in die klas oplet nie, verstaan hy nie altyd wat van hom verwag word nie en voer hy opdragte verkeerd of glad nie uit nie. Sy ontoereikende akademiese prestasie kan lei tot 'n negatiewe verhouding met sy onderwysers en resulteer weer eens in 'n gevoel van minderwaardigheid en verwerping.

Ader (in Goleman, 1996: 166) het bevind dat 'n persoon se emosie, verstand en liggaam nou met mekaar verweef is. Goleman (1996: 168) meen dat emosionele labiliteit 'n negatiewe uitwerking op 'n persoon se gesondheid het omdat stres en negatiewe emosies 'n persoon se immuniteitstelsel beïnvloed.

Vlak 2: Behoefte aan veiligheid

Kinders wat in 'n plek van veiligheid opgeneem word, kom dikwels uit huise waar hulle behoefte aan veiligheid nie vervul is nie, maar waar hulle eerder fisiek mishandel en geestelik afgebreek is. Vir 'n kind om veilig te voel is dit nodig dat hy liefde, ondersteuning en onvoorwaardelike aanvaarding van die versorger ervaar. Wanneer 'n kind onveilig in sy omgewing of verhoudinge waarin hy betrokke is voel, kan dit aanleiding gee tot gevoelens van onsekerheid en ingeperkte waagmoed.

Op grond van die kind se ervaring dat volwassenes tot dusver nie toereikend na hom kon omsien nie, beleef die meeste van die kinders in 'n plek van veiligheid dat hulle op hulself aangewese is om in die wêreld te oorleef. Hulle aanvaar gesag moeilik omdat hulle glo dat hulle nie op volwassenes kan vertrou vir hulle eie veiligheid en welstand nie. Wanneer die volwassene poog om die kind op te voed deur middel van leiding en dissiplinering, is die kinders dikwels geneig om (uit onder andere wantroue) aggressief en vyandig teenoor die opvoeder te reageer.

Vlak 3: Sosiale behoeftes

Die mens is 'n sosiale wese wat ander nodig het vir ondersteuning, troeteling, leiding, aanmoediging en waardering (Obsatz, 1999: 40). Hy wil graag ervaar dat hy deur ander aanvaar word en by een of ander sosiale groep inpas, byvoorbeeld in sy familie en tussen sy vriende. Goleman (1996: 179) meen dat die aantal verhoudinge waarin 'n persoon betrokke is en die kwaliteit daarvan as 'n buffer vir stres dien.

Die mate waartoe 'n persoon daarvoor opgewasse is om sy emosies te ervaar en effektief daaraan uitdrukking te gee, beïnvloed sy ervaring van homself en die kwaliteit van sy sosiale verhoudinge (Salovey & Sluyter, 1997: 130). Goleman (1996: 113) beskou die sleutel vir sosiale sukses as 'n individu se vermoë om sy eie emosies uit te druk. Die belangrikheid van 'n kind se sosiale aanpasbaarheid word deur Adler (1998: 122) uitgewys: *"Children who failed to solve the vital problem of social interest, who lack cooperation and a desire for contributing to the well-being of others, will always meet significant problems later, during their adult years."*

As gevolg van die problematiese opvoedingsituasie was die verhouding tussen die kind en sy ouers moontlik ook problematies. Die sosiale voorlewing en onderrig waaraan die ouer sy kind blootgestel het, was dikwels gebrekkig en as 'n gevolg is die kind se sosiale vaardighede ontoereikend ontwikkel, wat bepaalde sosiale probleme vir die kind veroorsaak. Die feit dat die kind van sy ouers verwyder is, kan aanleiding gee tot gevoelens van verwerping by die kind, wat sy sosiale probleme intensiveer. Wanneer 'n kind gevoelens van verwerping ervaar gebeur dit dikwels dat hy sosiaal onttrek of met asosiale of selfs anti-sosiale gedrag daarop reageer (Thompson en Rudolph, 2000: 11).

Kinders wat in 'n plek van veiligheid opgeneem word, is op grond van 'n onstabiele omgewing en ontoereikende opvoedingsverhouding herhaaldelik van sy versorgers geskei. Elke skeiding is vir die kind traumaties en vul hom met onsekerheid. As verdedigingsmeganisme leer hy aan om eerder nie verhoudinge te stig nie en so die pyn wat met skeiding gepaard gaan, te vermy (Jackson, 2002: 46). Hierdie kinders leef met die persepsie dat dit gevaarlik is om ruimte vir intimiteit met ander toe te laat omdat dit hulle kwesbaar maak. Kegerreis (in Trowell en Bower, 1995: 103) stel dat dit vir 'n kind 'n groot waagstuk is om 'n gevoel vir ander te ontwikkel. In 'n liefdelose omgewing het die kind niks om te verloor nie, maar om vir ander om te gee, laat die moontlikheid dat hy iets waardevol kan ruïneer en daarmee ontwikkel hy 'n vrees om dit te verloor. As verdedigingsmeganisme sal kinders eerder vyandig reageer teenoor diegene wat vriendelik teenoor hom optree, omdat die kind vriendelikheid as bedreigend en potensieel gevaarlik beskou.

Vlak 4: Selfkonsep

Selfkonsep kan beskryf word as 'n persoon se siening en evaluasie van homself (Plug, Louw, Gouws & Meyer, 1988: 318; Corsini, 2002: 875). Wanneer 'n kind se basiese liefdevolle versorging ontneem word en hy soos 'n objek sonder behoeftes of opinies behandel word lei dit tot 'n negatiewe selfkonsep (Kay, 2003: 126). Kinders wat van hulle ouers weggeneem en in 'n plek van veiligheid gehuisves word, het dikwels 'n negatiewe persepsie van hulleself. Die kind voel verantwoordelik en blameer homself vir die skeuring en ervaar die gebeure as verwerping en 'n straf (Hunter, 2001: 102). Die teleurstelling wat die kinders as gevolg van die mislukte opvoedingsverhouding ervaar lei daartoe dat kinders onbekwaam, onbevoeg en waardeloos voel (Obsatz, 1999, 36). Uit die aard van die kind se ervaring van die gebeure ly sy selfbeeld onvermydelik skade (Hunter, 2001: 102).

'n Kind se kennis en begrip van wie hy is en die waarde wat hy aan homself as mens heg, word ook negatief beïnvloed deur inligting rakende sy familie- en persoonlike geskiedenis wat deur sy versplinterde en wankelrige bestaan verlore en gefragmenteerd geraak het (Hunter, 2001: 26). As 'n kind voel dat hy homself nie ken nie omdat hy byvoorbeeld nie eers kan onthou in watter skole hy was nie, is dit moeilik om te ervaar en te aanvaar dat ander hom kan ken (Hunter, 2001: 26).

### Vlak 5: Selfaktualisering

Maslow beskou 'n persoon wat selfaktualiserend is as iemand wat oppad is om sy inherente potensiaal te ontgin en te ontwikkel. Dit sluit die kind se moontlikhede op fisieke, kognitiewe, affektiewe, sedelike en sosiale vlakke in (Pretorius, 1998: 18). Vir vervulling van die kind se behoefte aan selfaktualisering, is vervulling van sy behoeftes in die eerste 4 vlakke 'n voorwaarde. Dit impliseer nie dat die kind geen probleme op enige van die vlakke sal ondervind nie, maar dat hy toereikende vaardighede aangeleer het om die probleme wat sy pad kruis te bowe te kom (Thompson & Rudolph, 2000: 11).

Pretorius (1998: 18) meen dat selfaktualisering insluit om onafhanklik te wil wees, doelbewus te poog om jou potensiaal te verwesenlik en uiteindelik positief te verander. Volgens Louw, Van Ede & Louw (1998: 70) beskik persone wat daarin slaag om hulle potensiaal toereikend te verwesenlik oor die volgende eienskappe:

- Het 'n realistiese uitkyk op die werklikheid en sosiale omgewing
- Kan hulle eie swakhede aanvaar
- Omdat hulle nie met persoonlike probleme behep is nie, is hulle in staat om op 'n bepaalde taak te fokus
- Kan goeie verhoudinge met ten minste enkele ander persone stig en onderhou
- Toon belangstelling in dit wat om hulle gebeur

University of Pretoria etd, Spang E (2006)

- Beskik oor 'n deurdagte lewensbeskouing wat aan hulle 'n waardestelsel verskaf om volgens te lewe.

Bogenoemde eienskappe sluit nou aan by dit wat as die doel van opvoeding gestel word. Die opvoeder behoort dus met haar opvoedingshandeling te poog om die kind se unieke potensiaal te herken, te erken en bogenoemde eienskappe by die kinders in haar sorg te ontwikkel.

## 2.3. ALGEMENE GEDRAGSPATRONE VAN KINDERS IN PLEK VAN VEILIGHEID

Die omstandighede waarin 'n kind opgroei het 'n besliste invloed op sy emosionele welstand. Een van die wyses wat kinders gebruik om hulle emosies te kommunikeer is sy waarneembare gedrag. Die kind se gedrag word beïnvloed deur die mate waartoe die individu opgewasse is om sy eie emosie te ervaar en daaraan uitdrukking te gee (De Klerk en Le Roux, 2001: 18).

Kinders wat van hulle ouers geskei is en in pleegsorg of residensiële versorging woon, is meestal emosioneel behoeftig. Die oorsaak van hulle emosionele labiliteit lê hoofsaaklik in die trauma wat hulle ervaar het (byvoorbeeld mishandeling of ontoereikende versorging) en wat lei tot gevoelens van verwerping by die kind. Sommige word herhaalde kere aan hierdie traumatiese gebeure blootgestel. Die kind se emosionele labiliteit kan op verskillende wyses manifesteer, onder andere depressie of gevoelens van neerslagtigheid, buierigheid, aggressie en humeuruitbarstings. Kinders kan soms wel hiervan herstel deur hulp van ander te aanvaar en by beter omstandighede aan te pas. Sommige raak egter te verstrengel in die verdedigingsmeganismes wat hulle eens nodig gehad het om te kan oorleef, maar wat nou in die pad van hulle vooruitgang staan (Hunter, 2001: 23).

Gedrag wat kinders moontlik kan openbaar en waaroor versorgers dus deeglike kennis moet beskik sluit die volgende in (Little, 1999: 62 en Kay, 1999: 127):

### 2.3.1. Onvanpaste seksuele gedrag

Tydens puberteitfase (ongeveer tussen twaalf en agtien jaar) raak adolessente meer bewus van hulle seksualiteit en dit begin ook deel vorm van hulle interpersoonlike verhoudings (Louw, Van Ede & Louw, 1998: 402). 'n Belangrike ontwikkelingstaak van adolessente is volgens Louw, Van Ede & Louw (1998: 402) "*…om hul seksuele behoeftes op 'n sosiaal aanvaarbare wyse uit te leef.*" Omdat kinders in 'n plek van veiligheid se sosiale aanpassing en morele ontwikkeling dikwels ontoereikend is, vind hulle 'n valse gevoel van aanvaarding in seksuele verhoudinge.

University of Pretoria etd, Spang E (2006)

Kay (1999: 126) meen dat kinders wat seksueel gemolesteer is dikwels onvanpaste seksuele gedrag openbaar omdat dit die wyse is wat hulle aangeleer het om volwassenes tevrede te stel.

### 2.3.2. Selfmutilasie

Simeon & Favazza (2001: 1) definieer selfmutilasie soos volg: *"…all behaviors involving the deliberate infliction of direct physical harm to one's own body without any intent to die as a consequence of the behavior."* Wanneer kinders aan hulle negatiewe ervaringe dink gaan dit gepaard met gevoelens van verwerping, aggressie, skaamte en 'n negatiewe persepsie van hulleself. Volgens Froeschle & Moyer, (2004: 233) vind kinders dit moeilik om hierdie pyn te kommunikeer en gebruik selfmutilasie as a wyse om uitdrukking aan die oorweldigende emosies te gee, maar kan ook soms selfmutilasie toepas om te bepaal of ander vir hulle omgee.

University of Pretoria etd, Spang E (2006)

### 2.3.3. Konformering tot die groep

'n Kind wat die trauma beleef om van sy gesin weggeneem te word en na 'n plek van veiligheid geneem te word se gevoel van behoort ly geweldig skade. Hulle negatiewe selfbelewing gee daartoe aanleiding dat hulle baie vatbaar is vir groepsdruk, moontlik as gevolg van 'n behoefte om êrens te behoort. Hulle negatiewe selfkonsep en behoefte aan aanvaarding laat hulle weerloos en stel hulle oop vir die gevaar om tot enige optrede of denke beïnvloed te word. (Crudele & Ericson in Obsatz, 1999: 88). Die implikasie hiervan is dat kinders in die instansie mekaar aanmoedig om onaanvaarbare gedrag te openbaar.

### 2.3.4. Terneergedruktheid en depressie

Kinders reageer dikwels op hulle gevoelens van hulpeloosheid en verlies deur hulle aggressie na binne te keer wat resulteer in terneergedruktheid en depressie (Thompson & Rudolph, 2000: 459). Jantz (2003: 4, 5, 6) meen dat die oorsake van depressie verband kan hou met een of meer van die volgende aspekte in 'n persoon se lewe:

- Emosionele labiliteit;
- Eise wat die omgewing aan hom stel;
- Verhoudinge waarvan hy deel is;
- Fisieke faktore byvoorbeeld 'n chemiese wanbalans in die liggaam;
- Geestelike onsekerheid oor sy eie identiteit en doel in die lewe.

Depressiewe kinders neig om vermyding as hanteringsmeganisme vir spanning en negatiewe emosie aan te wend. Sosiale onttrekking en vermyding van ander persone is dus algemene gedrag van depressiewe kinders (Salovey & Sluyter, 1997: 179). Selfmoordgedagtes en -pogings kom ook dikwels voor by kinders met depressie, asook 'n negatiewe selfkonsep, gevoelens van hopeloosheid en waardeloosheid of skuldgevoelens (Thompson & Rudolph, 2000: 460).

### 2.3.5. Probleme ten opsigte van skool

Luthar, Burack, Cicchetti & Weisz (1997: 408) het bevind dat mishandelde kinders se kognitiewe ontwikkeling nie op peil is nie en dat dié kinders onderpresteerders in die skool is. Kinders wat uit huise kom waar hulle fisiek of emosioneel mishandel is, moes dikwels herhaaldelik van skole verander of het glad nie skool bygewoon nie.

Emosionele spanning speel 'n verdere rol deurdat dit die kognitiewe prosesse van 'n kind beïnvloed (Roeser & Eccles, 2000: 140). Lazarus (in Roeser & Eccles, 2000: 140) wys daarop dat oorheersend negatiewe emosie 'n uitwerking het op die kind se geheue en sy vermoë om aandag te gee. Die kind se

beskikbare psigiese energie word dikwels eerder vir selfhandhawing en -beskerming as vir kognitiewe prosesse gebruik (Boekaerts in Roeser & Eccles, 2000: 140). Leerprobleme kom dus algemeen onder mishandelde kinders voor.

As die eise wat skoolwerk aan die kind stel, vir hom te hoog is, kan dit lei tot 'n swak akademiese selfkonsep, beperkte waagmoed en swak motivering om skoolwerk te doen of selfs net skool by te woon wat resulteer in leerprobleme en skoolweiering.

### 2.3.6. Aggressiewe gedrag

Aggressie (as teenpool vir intimiteit) is dikwels die primêre gevoel by die kinders in 'n plek van veiligheid (Braxton, 1995: 16). Hulle beskik nie noodwendig oor die kennis en vermoë om op 'n aanvaarbare wyse aan hulle aggressie uiting te gee nie. Wanneer hulle wel daaraan uiting gee, is dit dikwels op 'n onvanpaste manier (byvoorbeeld om ander te boelie, te baklei en verbaal te mishandel). Op grond van hierdie gedrag word hulle deur die alledaagse samelewing as wanaangepaste individue beskou. Boelie, bakleiery en vloek is algemene gedrag van kinders in 'n plek van veiligheid.

### 2.3.7. Satanisme

Clifford (in Thompson & Rudolph, 2000: 465) meen dat 'n negatiewe selfkonsep, 'n verwarde godsdiensbelewing, ontoereikend ontwikkelde morele standaarde, swak sosiale aanpassing en gevoelens van magteloosheid kenmerkend is van kinders wat die meeste vatbaar vir satanisme is. Dit word versterk deur kinders wat nie aktief aan aktiwiteite in die omgewing (byvoorbeeld by die skool of kerk) deelneem nie en te veel onbenutte tyd op hande het.

Kelly (In Swart, 1999: 24, 25) beskou kinders wat mishandel is of emosionele trauma beleef het, as meer geneig om aan satanisme deel te neem. Hierdie kinders se soeke na 'n eie identiteit en aanvaarding deur ander kan as 'n bydraende faktor tot hulle betrokkenheid by satanisme beskou word.

### 2.3.8. Dwelmmisbruik

Dwelmmisbruik kan gedefinieer word as die volgehoue en oormatige gebruik van 'n organiese of anorganiese stof wat strydig en onversoenbaar is met aanvaarde en voorgeskrewe mediese gebruik (Le Roux, Pretorius, Engelbrecht, Smit, Olivier, Meyer & Kotze, 1992: 5). Pretorius & Le Roux (1998: 295) beskou dwelmmisbruik as 'n wyse vir kinders wat probleme ervaar om van die psigiese pyn wat dit meebring, te ontvlug. Spanning, konflik en onstabiliteit in die gesin, depressie, angs en 'n negatiewe selfkonsep gee aanleiding tot gevoelens van eensaamheid en 'n soeke na 'n identiteit, wat kan lei tot dwelmmisbruik.

## 2.4. UNIEKE OPVOEDINGSTAAK VAN OPVOEDERS IN 'N PLEK VAN VEILIGHEID

Kinderversorgers bevind hulself op die vlak van dienslewering waar die meeste direkte kontak met die kinders gemaak word. Die verhoudinge tussen die versorgers en kinders vorm die basis van waar die kind se opvoedingsnood opgehef kan word, daarom is dit belangrik dat versorgers bekwaam en vaardig is in die stig en instandhouding van positiewe verhoudinge met die kinders in hulle sorg. Hulle kom in aanraking met kinders uit verskillende agtergronde en uiteenlopende gedragspatrone en moet hulself met die feite rondom elke kind vertroud maak, sodat hulle elke kind se spesifieke behoeftes kan ken en effektiewe hulpverlening aan hom kan bied. Nunno, Holden en Leidy (2003: 295) merk tereg op dat kinderversorgers gespesialiseerde kennis en vaardighede benodig om aggressiewe en uitreagerende gedrag van kinders in hulle sorg te bestuur of selfs te voorkom.

Shiendling (1995: 46) waarsku dat die primêre intervensietaak is om 'n kind se gedrag te verander deur sy persepsie oor homself en die wêreld te verander. Dit plaas dus 'n verantwoordelikheid op die opvoeder om deur haar handelinge in die opvoedingsverhouding aan die kind te wys dat sy hom en sy behoeftes wél ken, beginnende by eenvoudige aspekte byvoorbeeld waarvan hy hou om te eet en wat sy gunsteling aktiwiteit is. Vir sommige kinders is dit 'n terapeutiese ervaring om bloot onthou, geken en as belangrik geag te word (Hunter, 2001: 26).

Die taak om 'n kind se wêreldsiening te verander is beslis 'n uitdagende een wat spesifieke eienskappe, vaardighede en bekwaamhede van versorgers vereis. Uit dié aanhaling uit Braxton (1995: 15) se artikel *"Angry children, frightened staff"* is dit duidelik dat hierdie kinders met hulle spesifieke opvoedingstekorte en -behoeftes 'n baie spesifieke opvoedingsopgaaf aan hulle versorgers stel:

*"Troubled children test the inner fibre and character of those who come to work with them. We know that the child has come to us because he was disturbed and needed help to heal the wounds that were caused by the disturbance. These children need to learn alternative ways to manage their internal chaos and anxiety. Caregivers' mission is to provide a therapeutic environment for the children. Staff members are generally expected to work at a "therapeutic level" which includes meeting the child both individually, and in some form of milieu or group therapy. That means when a child is in trouble it is expected of caregivers to provide alternative ways to manage their pain. In order do this the staff person must have inner resources to call on, not just information from others or books. Staff must have created and built those inner resources before being expected to manage, teach, discipline, love and act as role models for the children."*

Kinders in 'n plek van veiligheid se agtergrond en ervaringsbesit hou bepaalde implikasies vir die onderhouding van toereikende opvoedingsverhoudinge en die daarstelling van 'n terapeutiese omgewing in. Dit is belangrik vir 'n versorger om die kinders wie sy moet opvoed te ken, maar dat sy ook haar eie grense waarin sy optimaal funksioneer, sal ken. (Braxton, 1995: 27).

### 2.4.1. Belangrikheid van kinderversorgers

'n Kind wat verwyder word van sy omgewing en alles waarmee hy bekend was en van wie verwag word om by 'n nuwe, vreemde omgewing aan te pas, kan dit dalk nie verwelkom of moontlik vind om deur nog vreemdelinge, byvoorbeeld terapeute, ondersteun of gehelp te word nie (Hunter, 2001: 23). Die kind is dikwels voorheen aan soveel hulpgewende persone blootgestel dat hy sy vertroue in hulp en hulpgewers verloor het. Dit is dus sinvol dat die aantal volwasse hulpgewers in die kind se lewe verminder sal word, en dat die kwaliteit van hulpverlening verhoog word. David Berridge (2002: 95) verwys na navorsingsbevindinge wat daarop dui dat kinders se gedrag die meeste verbeter het waar hulle geleentheid gegun is om hulle ervaringe en gevoelens in gespesialiseerde terapiesessies én met 'n kinderversorger te deel.

Versorgers spandeer die meeste tyd saam met 'n kind en leer sy gedrag in sy natuurlike omgewing die beste ken. Die intensiteit van die kontak tussen die versorgers en kinders plaas die versorgers in die beste posisie om intieme verhoudinge met die kind te bou as grondslag vir die bereiking van die intervensiedoelwitte. Om hierdie rede kan versorgers as die belangrikste agent in die daarstelling van 'n terapeutiese omgewing beskou word (Moses, 2000: 113). Die grondslag waarop hulpverlening aan kinders tydens inwoning by 'n instansie geskied, is die interaksie wat tussen die versorgers en kinders in hulle alledaagse omgang plaasvind, omdat dit opsigself die potensiaal het om 'n helende emosionele ervaring vir die kind te wees (Maier in Moses 2000: 113). Rosenblatt (2002: 11) is van mening dat dit juis dié feit is wat die professie van kinderversorgers van die van ander hulpprofessies skei: Hulle werk word gedoen *"... within the milieu and not within a closed office [because they] need to pay attention and interact with the youth throughout the life space."* Miskimins (in Moses (2000; 113) meen "*treatment is neither magical, nor mechanical - it is people interacting with people."*

### 2.4.2. Rol van die kinderversorger as opvoeder

Aangesien die instansie die rol van die gesin tydelik oorneem, is die omstandighede en atmosfeer wat kinderversorgers skep en waarin die kind nuwe opvoedingsverhoudinge moet betree, byna net so belangrik as die plaasvervangende opvoeding van dit wat hy veronderstel was om tuis te ontvang. Louw et al. (1998: 214) beskou 'n persoon se selfkonsep as 'n belangrike aspek van die persoonlikheid: *"...'n positiewe selfkonsep hou verband met positiewe persoonsontwikkeling en 'n*

*negatiewe selfkonsep hou verband met minder positiewe persoonlikheidsontwikkeling."* Hoe ander teenoor 'n persoon optree, het 'n groot invloed op die ontwikkeling van sy selfkonsep (Argyle, 1999: 95), daarom is dit belangrik dat opvoeders ten alle tye op so 'n wyse teenoor 'n kind optree dat dit 'n positiewe bydrae tot die vorming van sy selfkonsep en persoonlikheid sal hê.

Die rol van die opvoeder as aktiewe deelnemer aan die opvoedingsgebeure word gedomineer deur aktiwiteite, met ander woorde wat sy behoort te doen (byvoorbeeld om om te gee, te luister, te vertroetel, te versorg) en wat sy eerder behoort te vermy (byvoorbeeld afbrekende kritiek). Die mate waartoe en wyse waarop die opvoeder die opvoedingsaktiwiteite (opvoedingshandelinge) toereikend uitvoer, vind egter die grootste neerslag in die emosionele belewing van die kind. Goleman (1996: 195) meen dat die geringste interaksie tussen opvoeder en kind 'n emosionele subteks het en dat die emosionele ondertoon wat kenmerkend van die herhaalde ontmoetings tussen opvoeder en opvoedeling is, die kind se emosionele verwagtinge van verhoudings en sy algemene uitkyk op die lewe vorm. Dit is dus die geleentheid tot interaksie met die kind wat die versorger in staat stel om die kind se negatiewe ervaringsbesit met betrekking tot homself en sosiale verhoudinge te wysig.

Shiendling (1999: 19) beskou die vermoë van kinderversorgers om 'n terapeutiese verhouding met die kind te stig as een van die voorwaardes vir suksesvolle intervensie. Aspekte waarop kinderversorgers in die opvoedingsverhouding behoort te let is die volgende:

#### 2.4.2.1. Positiewe kommunikasie tussen opvoeder en kind

As een van die grondvoorwaardes vir toereikende opvoeding stel Pretorius (1998: 53, 56) die kommunikasie tussen kind en opvoeder en meen dat intieme opvoedingskommunikasie die mate van invloed wat die opvoeder op die kind mag hê, kan bevorder. Die kommunikasie tussen opvoeder en kind behoort in te pas by die atmosfeer wat die opvoeder vir effektiewe opvoeding behoort te skep, en behoort te spreek van warmte en respek teenoor die kinders. Die volgende stelling van Thompson & Rudolph (2000: 11) kan as uitgangspunt vir opvoeders dien waarop hulle die opvoedingspraktyk in 'n kinderversorgingsinstansie kan skoei: *"All people - adults and children - need to be respected as worthwhile individuals, capable of feeling, thinking and behaving responsibly. Children can be treated with the warmth and respect needed to encourage their learning within firm guidelines and expectations."*

Kommunikasie tussen versorger en die kind kan op verbale en nie-verbale wyse geskied. Verbale kommunikasie behels die dialoog wat tussen die opvoeder en kind plaasvind en bestaan meestal uit

bevele, vrae of inligting wat die versorger aan die kind wil oordra (Frydenberg, 1999: 88). Dit is belangrik dat die versorger duidelike boodskappe aan die kind deurgee in 'n taal wat hy verstaan.

Versorgers behoort nie net sensitief te wees vir die boodskap wat sy tydens opvoeding aan die kind wil oordra nie, maar ook vir die wyse waarop sy dit oordra. Hier speel die nie-verbale boodskap wat die versorger aan die kind wil oordra 'n rol. Nie-verbale kommunikasie geskied deur gesigsuitdrukking, stemtoon, oogkontak, gebare (hoofsaaklik handgebare, of hand-gesig gebare), liggaamshouding, aanraking en voorkoms (Frydenberg, 1999: 86-88). Die boodskap wat die versorger verbaal aan die kind wil oordra moet deur haar nie-verbale gedrag bevestig word sodat die kind nie gemengde boodskappe ontvang wat hom dalk kan verwar ten opsigte van die opvoedingseis wat die versorger aan hom stel nie. Dit gebeur dikwels dat die kind se interpretasie van die opvoedingshandeling anders is as die boodskap wat die opvoeder beplan het om daardeur aan die kind te stuur.

In alledaagse omgang met die kind behoort die versorger positiewe boodskappe aangaande erkenning, begrip, respek, buigsaamheid, ensovoorts aan die kind oor te dra. Positiewe kommunikasie dra aan die kind die boodskap oor dat hy iemand is wat ook oor positiewe eienskappe beskik en wek die ervaring dat die versorger met hom tevrede is soos wat hy is, met sy goeie gedrag en prestasies. Dit moet vir die kind duidelik wees sy hom steeds onvoorwaardelik aanvaar, selfs ten spyte van somtyds negatiewe gedrag en swak prestasie (Pretorius, 1992: 24). Shiendling (1995: 47) beskou kommunikasie as effektief wanneer dit die kind se gedrag positief beïnvloed, insig verhoog, spanning verminder en/of die kind se selfkonsep verhoog.

Pretorius (1998: 53) stel voor dat om dinge saam met die kind te doen, intieme opvoedingskommunikasie bevorder. Deur belang te stel in die kind se doen en late en soms aan dieselfde aktiwiteite deel te neem, dra aan die kind die boodskap oor dat die versorger hom as waardevol genoeg ag om tyd saam met hom te spandeer. Dit impliseer dat kinderversorgers betrokke sal wees by die georganiseerde aktiwiteite van die kinders, maar ook om saam met hulle te speel en informeel met hulle oor alledaagse dinge te gesels.

### 2.4.2.2. Ken die kind

'n Voorwaarde vir toereikende opvoeding is dat die opvoeder die kind wie sy wil opvoed as kind en as persoon behoort te ken, sodat die kind verseker kan word dat sy begryp wat hy op sy verskillende ontwikkelingsvlakke nodig het. Dit is nodig dat die opvoeder deur alledaagse omgang met die kind hom kan verseker dat sy sy persoon en behoeftes ken, sy belange op die hart dra en ook oor die vermoë beskik om hom te beskerm (wat nie impliseer dat sy al sy probleme sal oplos nie, maar dat sy hom sal

ondersteun in die uitdagings wat die lewe hom bied, en glo in sy vermoë om dit te oorkom). Deur die kind te leer ken, stel die versorger haarself ook in staat om die kind te begelei om homself te leer ken, veral ten opsigte van sy eie agtergrond en persoonseienskappe.

Wanneer die kind ervaar dat die opvoeder hom ken en sy belange op die hart dra sal hy haar vertrou om die leiding en grense wat sy aan hom bied ter harte te neem. Wanneer herstellende opvoeding ter sprake is, is kennis van en begrip vir die kind en sy unieke situasie belangrik, omdat die kind die "nuwe" opvoedingsverhouding betree vanuit 'n verwysingsraamwerk waar die verhouding met sy vorige opvoeders skeefgeloop het. Die betekenisse wat hy aan opvoeding en opvoeders heg is dus geskoei op vorige, dikwels negatiewe ervaringe wat hom wantrouig teenoor opvoeders laat.

#### 2.4.2.3. Wek vertroue by die kind

Kinders beskou die volwasse wêreld as 'n potensieel gevaarlike plek óf 'n veilige hawe, afhangend van hoe volwassenes hulle omgewing bestuur. Wanneer versorgers demonstreer dat hulle nie die kinders se gedrag kan beheer nie, wek dit 'n gevoel by die kind dat sy omgewing buite beheer is en hy daarom nie veilig is nie. As die kind sy omgewing as onveilig ervaar, word sy gedrag gemik op oorlewing en eindig sy gedrag dikwels as disfunksioneel. As die kind voel dat hy nie die versorgers kan vertrou om na hom om te sien nie, begin hy om na homself om te sien op wyses wat aan hom bekend is (Braxton, 1995: 17).

Die primêre fokus met intervensie in die lewens van kinders in 'n plek van veiligheid is om hulle gedrag te verander deur hulle persepsie van hulself, ander mense en die wêreld te verander. Goeie verhoudinge tussen versorgers en kinders dien om die kind se ervaringe van homself en die wêreld om hom te verander, omdat dit aan hom die bewys bied dat sommige volwassenes hom wel respekteer, aanvaar en dat hy hulle kan vertrou om na sy belange om te sien.

Omdat die kinders tot dusver nie op volwassenes kon staatmaak om na hulle om te sien nie, toon hulle min vertroue in die "nuwe" opvoeder om dit wel te kan regkry. Hulle verwag afkeuring en straf van die versorger en lok volwassenes uit om hulle vorige negatiewe ervaring te bevestig (Shiendling, 1995: 46). Sulke uitreagerende gedrag van kinders ontlok maklik vyandigheid teenoor die kind by versorgers. Dit is nie maklik om deurentyd positief te reageer op 'n kind wat jóú wil straf omdat jy in sy lewe is en jou terselfdertyd inherent smeek om hom tog nie uit te los nie. Dit verg van 'n versorger om fisiek, emosioneel en intellektueel beskikbaar te wees om betekenisvolle verhoudinge met kinders in stand te hou, ten spyte van kinders se aanvallende gedrag, of om grense te stel vir 'n kind wat haar laat voel dat sy nie vir hom omgee as hy nie sy sin kry nie (Braxton, 1995: 19; Kahn in Nunno, Holden & Leidy,

2003: 295). Obsatz (1999: 118) meen dat om om te gee juis beteken *"... dat ons onsself beskikbaar stel vir ander in nood."* Haar omgee vir die kind kan gekommunikeer word deur iets wat sy vir die kind sê, iets wat sy vir hom doen of om bloot net by hom te wees terwyl hy nood ervaar.

Dit is belangrik dat die versorger voortdurend in gedagte sal hou dat die kind se gedrag nie 'n persoonlike aanval teen haar is nie, maar bloot die manifestasie van die oordrag van die emosie wat hy teen vorige volwassenes ervaar het. Adler (1998: 124) meen dit is 'n groot fout om slegs die gedrag van emosioneel gekweste kinders (byvoorbeeld arrogansie of leuens) aan te spreek, omdat dit maar net 'n simptoom is van hulle unieke lewenservaringe. Die versorger kan dus nie die kind se sigbare gedrag as maatstaf gebruik om pedagogies korrek op te tree nie (Braxton, 1995: 19 en Shiendling, 1995: 52).

#### 2.4.2.4. Luister na die kind

Alhoewel die versorger nie noodwendig toegerus is met vaardighede as berader nie, is dit tog belangrik dat sy beskikbaar is om te luister na die kind indien dit sy behoefte is om iets met haar te deel. (Gibson, Swartz, Sandenbergh, 2002: 16; Hunter, 2001: 23; Van Jaarsveld, 2003: 156; Lindon, 1998: 86). Die wanpersepsie dat sy nood en pyn slegs deur 'n sielkundige hanteer kan word, kan moontlik skade aan die opvoedingsverhouding tussen versorger en kind aanrig. Dit kan by die kind wat emosioneel gekwes is die boodskap oordra dat die versorger nie vir hom kans sien nie en kan lei tot gevoelens van verwerping (Hunter, 2002: 23). Dit kan die kind onveilig laat voel by die opvoeder en sy vertroue in haar vermoë en gewilligheid om na hom om te sien, skaad. Dit is ook belangrik om te verseker dat 'n veilige omgewing aan die kind gebied word waarin hy genoeg tyd gegun word en veilig voel om sy probleme met die versorger te kan bespreek. 'n Stil omgewing sonder die gevaar dat iemand dalk die gesprek kan afluister, is ideaal (Gibson, Swartz, Sandenbergh: 2002, 27; Lindon, 1998: 87).

Deur na die kind te luister sal die versorger ook bewus word van wat die kind se behoeftes is. De Klerk en Le Roux (2001: 19) is van mening dat onaangename emosies wat 'n persoon ervaar, op sy onvervulde behoeftes dui. Indien versorgers bewus is van die behoeftes van die kinders in hulle sorg, sal hulle doelgerig kan beplan om daarin te voorsien. Namate die vervulling van kinders se behoeftes verhoog word, sal hy positiewe emosies ervaar.

Die kind se gevoelens kan aan hom gereflekteer word (Van Jaarsveld, 2003: 206) sodat:

- die versorger kan bevestig dat sy verstaan wat die kind op daardie tydstip ervaar;
- die kind se emosionele bewussyn daardeur verhoog kan word. Emosionele bewussyn verwys na die vermoë van 'n persoon om bewus te wees van sy eie emosies en ook om die redes wat daartoe aanleiding gegee het, te kan identifiseer (Van Jaarsveld, 2003: 65). Goleman (1995:

University of Pretoria etd, Spang E (2006)

55) meen dat emosionele bewustheid fundamenteel is vir die vermoë *"...to shake of that bad mood."*

Lindon (1998: 155) waarsku dat opvoeders kinders se gevoelens moet respekteer en daarteen moet waak om nie kinders se gevoelens te ignoreer of af te maak as nie so erg of as verkeerd nie.

2.4.2.5. Aanvaar die kind onvoorwaardelik

Die versorger behoort aan die kind te kommunikeer dat hy 'n waardevolle en gewaardeerde persoon is. Hy moet weet dat sy hom aanvaar met sy sterk én swak punte. Kay (1999: 134) wys daarop dat om die kind nie te veroordeel nie, maar om respek vir hom te betoon, 'n belangrike deel vorm vir die opbou van 'n positiewe selfbelewing. Die kind moet voel dat sy gedrag en emosie verstaan en verduur kan word en dat sy behoeftes nie verwerping tot gevolg sal hê nie (Trowell, 1995: 187; Van Jaarsveld, 2003: 174-175). Wanneer 'n kind voel dat ander hom ongeag sy gevoelens en gedrag respekteer vir die persoon wie hy is, kan dit lei tot positiewe selfbelewing en -aanvaarding. Die onderskeid tussen aanvaarding van die kind en aanvaarding of afkeuring van sy gedrag behoort duidelik aan die kind gekommunikeer te word.

Kinders wat aanvaarding en aanmoediging van volwassenes ontvang, verwag om sukses te behaal met dit wat hulle aanpak. Teenstellend toon emosioneel verwaarloosde kinders die neiging om mislukking te verwag met dit wat hulle aanpak. Hulle toon die ingesteldheid dat hulle reeds nie goed genoeg is nie, altyd verslaan gaan word, geen aanmoediging of belangstelling van ander kan verwag nie en 'n vreugdelose bestaan voer (Goleman, 1995: 192).

Wanneer die kind seker is dat die versorger hom aanvaar ten spyte van sy gevoelens en behoeftes, sal dit hom help om sy eie emosies te aanvaar en verantwoordelikheid daarvoor te neem. Andersins kan die kind geneig wees om ander te blameer vir dit wat hy voel, moontlik omdat hy skaam en/of weerloos voel as gevolg van die gevoelens wat hy ervaar. So gee hy beheer oor sy eie emosie weg en die emosies wat hy ervaar (positiewe en negatiewe emosie) bly dus afhanklik van hoe hy ander persone of die situasie waarin hy hom bevind, ervaar. 'n Humoristiese (maar steeds sensitiewe) benadering kan baie waardevol wees in die begeleiding van die kind tot begrip en aanvaarding van sy emosie (De Klerk en Le Roux, 2001: 18) omdat dit 'n aangename atmosfeer skep waarin die kind veilig kan voel om sy emosie te verken. Volgens De Klerk en Le Roux (2001: 21) sal die intensiteit van 'n kind se gevoelens afneem wanneer hy dit aanvaar, wat sal bydra tot emosionele stabiliteit. Lindon (1998: 118) wys daarop dat opvoeders met kinders behoort te gesels oor dit wat vir hulle spanning meebring. Sy meen

dat gedagtes wat emosionele skade vir die kind kan meebring ontstaan wanneer 'n kind nie toereikend begelei word om spanningsvolle gebeure in perspektief te stel nie.

Aanvaarding van gedrag en gevoelens behoort egter duidelik van mekaar onderskei te word. Alhoewel die kind daarop geregtig is om enige emosie te ervaar, is die wyse waarop hy daaraan uiting gee sosiaal aanvaarbaar of nie. Wanneer 'n versorger 'n kind se gedrag afkeur, impliseer dit nie dat sy die kind as persoon afkeur nie. Hierdie onderskeid moet duidelik aan die kind gekommunikeer word.

2.4.2.6. Begelei die kind tot emosionele stabiliteit

Kinders is dikwels onbewus van die emosie wat hulle ervaar. Nogtans oefen emosie 'n groot invloed uit op die wyse waarop 'n kind dinge ervaar en daarop reageer, selfs al is hy nie bewus van die effek daarvan op sy gedrag nie (Goleman, 1996: 54 en 55).

'n Kind se emosionele bedrewenheid word beïnvloed deur hulle lewenservaringe asook die emosionele voorlewing en onderrig waaraan 'n kind blootgestel word (Salovey & Sluyter, 1997: 15). Emosionele bedrewenheid kan op enige ouderdom ontwikkel en verbeter word deur emosionele vaardighede aan te leer en in die alledaagse lewe toe te pas (De Klerk & Le Roux, 2001: 1). Alhoewel die emosie wat 'n kind oor bepaalde gebeure ervaar nie ontken mag word nie, kan die manier waarop hy uitdrukking daaraan gee of nie, wel gewysig word (White, 2002: 160).

Emosionele vaardighede is nie bloot tweede natuur vir alle kinders nie. Kinders leer baie deur volwassenes na te boots, daarom behoort persone verantwoordelik vir kinders se opvoeding hulself daarop toe te spits om aan kinders die nodige vaardighede voor te leef wat 'n bydrae kan lewer tot die ontplooiing van 'n gelukkige en goed aangepaste persoon, byvoorbeeld hoe om konflik te kan hanteer of teleurstelling te verwerk (De Klerk & Le Roux, 2001: 1). Om byvoorbeeld aan die kind 'n voorbeeld te stel van hoe om aggressie te hanteer behoort die versorger daarteen te waak om self ongeskik, ongeduldig of ondeurdag teenoor die kinders in haar sorg op te tree. Indien die manier waarop die volwassene teenoor die kind self optree sprekend van emosionele bedrewenheid is, kan dit vir die kind as die vernaamste leerskool vir emosionele vaardighede dien. Indien die versorger 'n kind met respek behandel, is die kanse goed dat hy haar ook met respek sal behandel (vergelyk Obsatz, 1999: 84).

Volgens De Klerk en Le Roux (2001: 10) beskik persone wat emosioneel bedrewe is oor die volgende eienskappe:

- besef dat hy self verantwoordelikheid behoort te dra vir sy eie gevoelens;
- kan ander se gevoelens verstaan en empatie met hulle hê;

- verbeter kommunikasie en sosiale vaardighede wat lei tot gesonder verhoudings met ander;
- beskik oor die vaardighede om homself te handhaaf en voorsiening te maak vir die bevrediging van sy eie behoeftes sonder om die regte van sy medemens nadelig te raak;
- vind dit makliker om emosionele bagasie agter te laat, omdat hy nuwe ideale nastreef.

Bogenoemde eienskappe sluit aan by die doel met die intervensie in die kind se lewe. Wanneer die kind oor hierdie eienskappe beskik, kan die herstellende opvoeding waaraan die kind in die plek van veiligheid blootgestel was, as suksesvol beskou word.

## 2.5. FAKTORE WAT UITVOERING VAN DIE OPVOEDINGSTAAK BEÏNVLOED

Opvoeding is 'n eg menslike verskynsel (Shore, 2002: 34). Alle mense ervaar behoeftes op verskillende vlakke van menswees, daarom word dit as belangrik beskou om beide die kind én die opvoeder se behoeftes in gedagte te hou wanneer daar oor opvoeding besin word.

Volgens Seeman in Decker, Bailey & Westergaard (2002: 63) is versorgers op soek na 'n identiteit in die instansie waar hulle werksaam is. 'n Aanvaarde identiteit in die instansie impliseer die volgende:

- 'n gevoel van bekwaamheid
- 'n gevoel van bruikbaarheid
- 'n gevoel van behoort
- 'n gevoel van mag

Om dit te verwesenlik, stel hoë eise aan die versorgers en instansie. Om suksesvol te kan wees in die uitvoering van hulle taak as opvoeders benodig versorgers kennis, vaardighede en 'n omgewing wat hulle emosioneel sal ondersteun en onderhou en hulle sal lei om hul vaardighede en bekwaamhede as opvoeders te ontwikkel.

### 2.5.1. 'n Ondersteunende omgewing

Kinderversorging is in der waarheid 'n spesialisveld wat emosioneel en fisiek dreinerend kan wees. Gibson, Swartz & Sandenbergh (2002: 38) stel dat *"those who work with people in distress often feel a high degree of distress themselves. This is because the emotional work of helping others think through difficult feelings requires surviving or bearing with that which feels unbearable."* Freudenberger (in Decker Bailey & Westergaard, 2002: 62) het die term *uitbranding* gebruik om persone te beskryf van wie vereis word om deurentyd van hulself in emosioneel moeilike situasies te gee. Dit verskil van alledaagse werksdruk, omdat dit 'n direkte resultaat van intense persoonlike verhoudinge tussen personeel en kinders is. Die effek van uitbranding is onder andere wantroue, negatiwiteit en

University of Pretoria etd, Spang E (2006)

onbuigsaamheid wat tussen die kind en versorger kom staan en persoonlike betrokkenheid verhoed. Uitbranding het ook 'n effek op die fisieke, geestelike en emosionele welstand van kinderversorgers (Decker Bailey & Westergaard, 2002: 62).

Braxton (1995: 23) beskou die bestuur van 'n instansie as verantwoordelik vir die welsyn van personeel en die kwaliteit van hulle werk met die kinders. Hulle behoort daarom op hoogte te wees van personeel se ervarings en in staat wees om die nodige hulpbronne te identifiseer. Hy beskou dit as die bestuur se taak om 'n ondersteunende omgewing vir personeel te skep om sodoende die personeel in staat te stel om dieselfde omgewing vir die kinders in hulle sorg te skep. Volgens Braxton (1995: 23, 24) geskied dit in 2 fases:

Fase i — Geleentheid behoort geskep te word waar versorgers hulle ervaringe met mekaar kan deel en bespreek, byvoorbeeld die emosies wat hulle ervaar met betrekking tot die kinders waarmee hulle werk en die outoriteitsfigure aan wie se eise hulle moet voldoen. Geleentheid moet aan elkeen gegun word om aan dit wat aan haar probleme besorg, uitdrukking te gee, hoe krities of destruktief ook al, sonder die vrees dat dit teen haar gehou sal word. Daarna kan na die volgende fase oorgegaan word.

Fase ii — Nadat die versorgers se ervaringe geverbaliseer is, is dit nodig om die betekenis daarvan te bespreek, met ander woorde die boodskap wat onderliggend daaraan oorgedra word. Wanneer 'n versorger byvoorbeeld haar frustrasie met die dissiplinering van die kinders uitgespreek het, is dit nodig om verdere ondersoek na die moontlike oorsake van haar frustrasie te ondersoek. Dit is sinvol om eerder die oorsaak van die probleem aan te spreek as om net op die simptome te fokus.

Om te verhoed dat tekortkominge en versperrings bloot geïdentifiseer maar nie oorkom word nie, behoort 'n derde fase bygevoeg te word waartydens oplossings vir die geïdentifiseerde probleem ondersoek word (vergelyk Shiendling, 1999: 25). Die bate-gebaseerde benadering kan hier nuttig aangewend word. Hierdie benadering impliseer 'n fokus op dit wat beskikbaar is om versperrings te oorkom, eerder as op die probleem self. Wanneer slegs op tekortkominge en versperrings gefokus word, ontstaan 'n gevoel van onbekwaamheid en hulpeloosheid by personeel (Kretzmann & McKnight, 1993: 2). Hierdie gevoelens kan 'n remmende of selfs verlammende effek op die uitvoering van hulle opvoedingstaak hê.

Volgens die bate-gebaseerde benadering kan bykans enige hulpbron of -middel wat tot die instansie se beskikking is, as deel van die oplossing aangewend word. So byvoorbeeld kan die unieke karaktereienskappe, ervaringe of vaardighede van personeel, vrywilligers of kinders, of enige vorm van

University of Pretoria etd, Spang E (2006)

betrokkenheid van plaaslike besighede en organisasies (byvoorbeeld dienste wat gelewer word) ingespan word om praktyke in die instansie te verbeter (Kretzmann & McKnight, 1993: 6,7). Die voordeel van hierdie benadering is dat die kinderversorgers eienaarskap neem van dit wat hulle ontevrede stem in die uitvoer van hulle taak, ongeag van die aard daarvan. Die verantwoordelikheid rus dus nie meer uitsluitlik op die bestuur van die instansie om oplossings te voorsien om versperrings te oorkom nie, maar elke individu word geleentheid gegun om haar besondere bydrae te lewer en so 'n verskil te maak. Schmid & Bar-Nir (2001: 245) wys daarop dat bemagtigde individue nie die slagoffers van versperrings in hulle omgewing word nie, maar dat hulle glo hulle het beheer oor hulle omgewing en kan veranderinge maak waar dit nodig is. Omdat die personeellede wat die struikelblok ervaar ook betrokke is in die generering van idees om dit te oorkom, is oplossings meestal meer relevant en prakties uitvoerbaar. Deur die uitdagings wat die behoeftes van die versorgers aan die instansie bied vanuit hierdie benadering aan te spreek, sal aanleiding gee tot deelname en samewerking (Eloff, 2003: 32) en tot verbeterde verhoudinge tussen kollegas (Kretzmann & McKnight, 1993: 4). Gevolglik ontstaan 'n ingesteldheid van wedersydse ondersteuning onder personeel (Eloff, 2003: 7).

### 2.5.2. Opleiding

Omdat die instansie ter wille van kinders bestaan, gebeur dit dikwels dat meer tyd en hulpbronne aan die kind se behoeftes bestee word as aan die van die personeel. Shiendling (1999: 20) meen dat so 'n benadering nie effektief is nie. Versorgers word deurentyd gekonfronteer met die kind se positiewe sowel as negatiewe gedrag en moet meestal onmiddellik daarop reageer. Dit is daarom nodig dat hulle die vermoë om terapeuties met die kinders in hulle sorg om te gaan ontwikkel, sodat elke opvoedingsmoment sinvol benut kan word. Versorgers behoort ingelig te wees ten opsigte van die oorsprong en rede vir die kind se gedrag omdat die sigbare gedrag dikwels slegs 'n breukdeel van die kind verteenwoordig (Shiendling, 1995: 54). Sonder die nodige opleiding waardeur versorgers behoorlike kennis en vaardighede aangaande kinders kan bekom, kan 'n kind se gedrag 'n ongewenste reaksie by 'n volwassene ontlok. So byvoorbeeld kan aggressiewe gedrag van 'n kind by 'n versorger teen-aggressie ontlok, wat selfs kan oorgaan tot emosionele of fisieke mishandeling van die kind. (Nunno, Holden en Leidy, 2003: 295)

Little (1999: 63) meen dat *"giving staff the information they need to do the job, providing them with skills to interpret children's behaviour, helping them to be clear about what is acceptable in the specific context of a home, and setting boundaries appropriate to the home's objectives were found to be pivotal to better staff morale."* Little (1999: 63) verduidelik hier dat dit nodig is dat versorgers nie net bekend is met die opvoedingseise wat hulle taak stel nie, maar hulle behoort ook op hoogte te wees van die reëls en regulasies wat vir kinders en personeel van die instansie geld. Dit skep duidelike riglyne vir

University of Pretoria etd, Spang E (2006)

optrede en ruim onsekerheid oor verwagtinge uit die weg. Shiendling (1999: 25) bevestig die standpunt deur te stel dat personeel 'n swak kwaliteit werk lewer omdat hulle nie presies weet wat om te doen of waarom hulle dit behoort te doen nie.

### 2.5.3. Supervisie

Supervisie kan 'n sinvolle bydrae lewer tot die daarstel van 'n ondersteunende omgewing vir kinderversorgers. Daresh (2001: 25) definieer supervisie as *"... a process of overseeing the ability of people to meet the goals of the organization in which they work."* Supervisie behoort aangewend te word om die personeel te ondersteun ten opsigte van dit wat hulle werkskwaliteit kan beïnvloed. Die kinderversorgers behoort geleentheid gebied te word om ervaringe en gepaardgaande emosies deur te werk (Lindon, 1998: 134) Sulke geleenthede behoort nie net in krisistye plaas te vind nie, maar moet deel uitmaak van die gereelde werksaktiwiteite (Lindon, 1998: 61).

Gilbert en Evans (2000: 1) meen supervisie kan ook konsultasie met 'n meer ervare persoon in dieselfde veld insluit wat aan die kinderversorger geleentheid bied om te reflekteer oor haar optrede en hantering van die kinders in haar sorg en daar kan ook oor alternatiewe vir haar ontoereikende opvoedingshandelinge besin word. Leiding rondom 'n kinderversorger se opvoedingspraktyk kan waardevol wees om die kwaliteit van kinderversorging te verbeter.

### 2.5.4. Werksatmosfeer

McDonnell en Simpson (1994: 25) meen dat die mees effektiewe wyse om die kwaliteit versorging wat kinders ontvang te verhoog, is om die werksatmosfeer van kinderversorgers te verander. Die volgende faktore is bydraend tot die mate waartoe kinderversorgers die atmosfeer waarin hulle werk bevredigend vind al dan nie (McDonnell en Simpson, 1994: 25; Schmid & Bar-Nir, 2001: 249-250) :

- Gevoel van prestasie en sukses
- Salaris
- Supervisie
- Mate van onafhanklike besluitneming *("Autonomity")*
- Verhoudings tussen personeel
- Verhoudings tussen personeel en kinders
- Bestuur van die instansie

## 2.6. SAMEVATTING

Op grond van die eienskappe, behoeftes en vereistes wat elkeen na die opvoedingsituasie bring, is die opvoedingsverhouding en -interaksie tussen die kinderversorger en die kind in 'n plek van veiligheid uniek en kompleks. Die waarde van die interaksie wat tussen kinderversorgers en die kinders in hulle sorg plaasvind, word deur die volgende Chinese spreekwoord onderstreep:

*" 'n Kind se lewe is soos 'n stuk papier waarop elkeen met wie hy te doene kry, 'n merkie maak."*

University of Pretoria etd, Spang E (2006)

Toereikende opvoeding van kinders in plek van veiligheid vereis dat kinderversorgers die kinders in hulle sorg sal ken, en op hulle gedrag teenoor die kinders sal let. Om tot beter begrip vir die unieke opvoedingsituasie tussen versorgers en kinders in 'n plek van veiligheid te kom, is die spesifieke opvoedingsbehoeftes en gedragspatrone van dié kinders, asook die opvoedingsopgaaf wat dit vir kinderversorgers meebring, in hierdie hoofstuk bespreek. Aandag is gegee aan die belangrikheid van kinderversorgers en die rol wat hulle in die opvoedingstaak vertolk. Faktore wat 'n rol speel in die wyse waarop versorgers hulle opvoedingstaak uitvoer, is ook aangespreek.

# HOOFSTUK 3

# NAVORSINGSONTWERP EN -VERLOOP

## 3.1. INLEIDING

In Suid Afrika word die nood aan instansies wat kinders kan versorg al groter. Die getalle van kinders wat wees gelaat is het aansienlik gestyg as gevolg van die afmetings wat die VIGS-epidemie aanneem. Na bewering is 28% van mense in Suid Afrika deur Vigs geaffekteer terwyl 13% van die wêreld se VIGS populasie in Suid Afrika aangetref word (http://.avert.org/aidssouthafrica.htm). In Februarie 2005 is 'n verslag deur die Suid Afrikaanse staat en Statistiek Suid Afrika gepubliseer waarin aangedui word dat die sterftesyfer in Suid Afrika tussen 1997 en 2002 met 57% gestyg het (http://.avert.org/safricastats.htm). Dit opsigself rig hoë eise aan kinderversorgers en die feit dat hulle nie altyd toegerus is in terme van vaardighede en hulpbronne vir die veeleisende taak nie, maak die toereikende opvoeding van dié kinders nog moeiliker en gevolglik lei die kinders skade. Vanuit 'n Opvoedkundig Sielkundige perspektief is dit ook ons taak om versorgers te bemagtig en voorkomend op te tree. Om dus eers by hulle betekenisgewing van hulle eie belewing en ervaringe van hulle funksionering in hulle rol as opvoeder uit te kom, is hierdie navorsing belangrik.

Die doel van hierdie studie is dus om die ervaringe van kinderversorgers in 'n plek van veiligheid in hulle rol as opvoeders te verken en te beskryf. Ondersoek is gedoen na wat die versorgers as hulle verantwoordelikheid teenoor die kinders in hulle sorg beskou, asook waar hulle ten opsigte van die uitvoering van hulle opvoedingstaak leemtes ervaar en ondersteuning verlang. Na aanleiding van die resultate is versperrings wat as bydraend tot die kwaliteit van die uitvoering van hulle opvoedingstaak beskou word, geïdentifiseer. Inligting is ingewin met die doel om tot nuwe insigte te kom aan die hand waarvan die opvoedingspraktyk in die instansie verbeter kan word (De Vos, Schurink & Strydom, 1998: 6; Schurink, 1998a: 248). Gevolglik kan 'n positiewe bydrae tot die kwaliteit van opvoeding wat die kinders inwonend in 'n plek van veiligheid ontvang, gelewer word.

## 3.2. LITERATUUR OORSIG

Bestudering van bestaande literatuur in die veld van studie vorm 'n integrale deel van die navorsingsproses. Henning (2004: 27) meen dat die navorser daardeur gelei word om 'n wye oorsig oor die veld van studie te verkry. Kennis aangaande die bestaande teoretiese konsepte, aanvaarde definisies van sleutelkonsepte in die veld asook metodes en resultate van vorige studies (Mouton 2001: 87) stel die navorser in staat om kennis te versamel met betrekking tot bevindinge van leidende navorsers in dieselfde veld, maar ook interdissiplinêr (Somekh & Lewin: 2005: 337). Silverman (2005:

University of Pretoria etd, Spang E (2006)

295) meen egter dat die doel van 'n literatuur oorsig nie bloot is om inligting bymekaar te maak nie, maar dat bestaande en nuwe kennis met kritiese denke te gekombineer behoort te word. Vir die doel van hierdie studie is literatuur rakende die opvoeding van kinders, plekke van veiligheid en kinders wat trauma beleef bestudeer en met die navorser se bestaande kennis geïnkorporeer.

## 3.3. NAVORSINGSONTWERP

Die navorsingsontwerp kan beskryf word as 'n beplanning van hoe die navorsingstudie uitgevoer behoort te word (Mouton, 2001: 55; Babbie & Mouton: 2001, 74). Henning (2004: 142) noem dit die bestuursplan vir die studie. Volgens Leedy & Ormrod (2001: 91) voorsien dit die navorser van 'n struktuur vir:

- die prosedures wat die navorser beplan om te volg
- die data wat versamel moet word
- en die data-analise wat die navorser onderneem.

Vervolgens sal die navorsingsontwerp vir die studie verder bespreek word.

### 3.3.1. Navorsingsparadigma

Die paradigma waaruit 'n navorsingstudie onderneem word, kan omskryf word as 'n stel beginsels waaruit die navorser se ontologie, epistemologie en metodologie gekonstitueer word. Ontologie kan omskryf word as die aard van die realiteit wat bestudeer word, en wat daaromtrent geleer kan word. Epistemologie verwys na die navorser se persepsie oor wat die aard van sy verhouding met die realiteit of wêreld is. Metodologie fokus op die wyse waarop die navorser meer omtrent die realiteit of die wêreld kan uitvind (Schurink, 1998a: 240; Terre Blanche & Durrheim, 2002: 123; Ritchie & Lewis; 2003: 11-14).

Konstruktivisme se fokus val op die subjektiewe betekenisgewing aan gebeure deur die individu self. Dit impliseer dat kinderversorgers persoonlike betekenis heg aan hulle ervaringe as opvoeders van kinders in 'n plek van veiligheid. Konstruktivisme beskou die realiteit van die wêreld as relatief, maar huldig die standpunt dat rekonstruksie van 'n ander persoon se leefwêreld nie die ware prentjie daarvan weergee nie en verwerp die gedagte dat buitestanders tot begrip van ander persone se realiteit kan kom deur die interpretasie van die betekenis wat die persoon daaraan heg (Schurink, 1998a: 240).

Hierdie studie is egter vanuit die interpretivisme onderneem omdat die doel van die ondersoek nie is om menslike gedrag in terme van universeel geldende wette of veralgemening te beskryf nie, maar eerder om die menings en intensies wat die kinderversorgers se alledaagse menslike aktiwiteite onderlê, te begryp en te interpreteer (Mouton in Schurink, 1998a: 240; Babbie & Mouton, 2001: 270; Terre Blanche & Kelly, 2002: 123). Volgens die interpretivistiese benadering word realiteit beskou as iets wat wel begryp én geïnterpreteer kan word, maar nie voorspel of beheer kan word nie. Betroubare data kan slegs deur middel van interaksie tussen die navorser en deelnemers bekom word, en kennis aangaande die verskynsel wat verstaan wil word kan slegs verkry word deur die interpretasie van die ingesamelde

data (Schurink, 1998a: 246). Deur die bekendmaking van die resultate van die studie word uitdrukking gegee (Seale, 1999: 15) aan dit wat die kinderversorgers as struikelblokke in die uitvoering van hulle opvoedingstaak ervaar, maar weens verskeie redes nie kan verbaliseer nie, byvoorbeeld ontoereikende insig in die probleem (vergelyk Seale, 1999: 10), viktimisasie ensovoorts.

Die navorser het voortdurend gepoog om in noue samewerking met die kinderversorgers die betekenis wat hulle aan ervarings en konstrukte in die uitvoering van hulle taak heg, te identifiseer, te verken en te beskryf met die oog op begryping van hulle subjektiewe ervarings (ontologie). Die ervaringe van die kinderversorgers soos deur hulle tydens individuele onderhoude weergegee, is vanuit hulle subjektiewe posisie geïnterpreteer en beskryf, omdat die oogpunt van die navorser nie die fokus van die studie is nie, maar wel die subjektiewe ervaringe soos deur die kinderversorgers beteken (epistemologie) (Creswell, 2003: 9). Die data[3] is in die natuurlike werksomgewing van die kinderversorgers versamel deur middel van interaksie tussen die navorser en die kinderversorgers as deelnemers in die vorm van individuele onderhoude en 'n fokusgroepbespreking (metodologie) (Cohen, Lawrence & Morrison, 2002: 22).

## 3.3.2. Navorsingsmetodologie

### 3.3.2.1 Kwalitatiewe benadering

Leedy en Ormrod (2001: 101) beskryf kwalitatiewe navorsing as die versameling van 'n uitgebreide hoeveelheid data van 'n klein aantal deelnemers met die oog daarop om die bestudeerde situasie deur middel van verbale beskrywings weer te gee. Schurink (1998a: 240) bevestig hierdie beskrywing: kwalitatiewe navorsing is *"...a multiperspective approach (utilising different qualitative techniques and data collection methods) to social interaction, aimed at describing, making sense of, interpreting or reconstructing in terms of meanings that the subjects attach to it"*. Kwalitatiewe navorsers is daarin geïnteresseerd om gebeure in die konkrete, natuurlike konteks waarin dit voorkom te beskryf en te begryp omdat gebeure en betekening slegs in konteks waarlik verstaan kan word (Schurink, 1998d: 280; Leedy & Ormrod, 2001: 147; Terre Blanche & Kelly, 2002: 127; Babbie & Mouton: 2001: 272). Die aktiwiteite van die deelnemers word in detail beskryf en sodoende word gepoog om die aktiwiteite in terme van die deelnemer/doener se eie oortuigings, agtergrond en konteks te verstaan. (Babbie & Mouton, 2001: 271). Omdat die doel met hierdie studie die verkenning en beskrywing van die

[3] Terre Blanche & Kelly (2002: 127) meen dat die term "data" na gedeeltes van omslagtige inligting verwys wat buite konteks gebruik kan word. As gevolg van die aard van interpretivistiese navorsing word inligting versamel wat hulle betekenis verloor wanneer dit in dele en buite konteks gebruik word en word die term "navorsingsmateriaal" as 'n beter beskrywing gesien. Vir die doel van hierdie studie sal die terme "data" en "navorsingsmateriaal" as sinonieme gebruik word.

University of Pretoria etd, Spang E (2006)

kinderversorgers se eie subjektiewe ervaring van hulle opvoedersrol is, word dit vanuit die kwalitatiewe benadering onderneem.

3.3.2.2. Gevallestudie

Vir doeleindes van die studie is van 'n gevallestudie gebruik gemaak. Die definisie van 'n gevallestudie volgens Babbie & Mouton (2001: 640) is 'n intensiewe ondersoek van 'n enkele eenheid. Individue, families, gemeenskappe, sosiale groepe, organisasie, instansies, gebeure en lande kan onder andere as 'n enkele eenheid beskou word. Mitchell (in Stake, 2000: 169) beskou 'n gevallestudie as verwysend na doelgerig versamelde data: *"the documentation of some particular phenomenon or set of events which has been assembled with the explicit end in view of drawing theoretical conclusions from it."* Babbie & Mouton (2001: 283) is van mening dat gevallestudies 'n bydrae tot teorie ontwikkeling kan lewer indien die bevindinge met bestaande teorie en resultate van vorige studies vergelyk word.

Volgens Tripodi (in Fouche en De Vos, 1998: 125) kan aangeneem word dat 'n deeglike beskrywing van 'n enkele eenheid (in hierdie geval kinderversorgers in diens van 'n plek van veiligheid) die navorser in staat sal stel om insig in die situasie te ontwikkel. Merriam (in Henning, 2004: 41) sluit hierby aan deur te stel dat 'n gevallestudie as navorsingsontwerp juis aangewend word om 'n in-diepte begrip van 'n situasie en die betekenis wat dit vir betrokkenes het, te bekom. Ten einde beter begrip ten opsigte van die ervaring van hulle rol as opvoeder te verkry, het geselekteerde kinderversorgers by 'n plek van veiligheid aan individuele onderhoude en 'n fokusgroepbespreking deelgeneem.

University of Pretoria etd, Spang E (2006)

## 3.4. SELEKSIE VAN DEELNEMERS

Kwalitatiewe navorsers neig om slegs 'n paar deelnemers te selekteer wat lig kan werp op die verskynsel wat ondersoek word, eerder as 'n groot aantal deelnemers (Leedy & Ormrod, 2001: 102; Willig, 2001: 17).

Met die oog op sinvolle bevindinge is die steekproef na aanleiding van die doelgerigte steekproefnemingsmetode *("purposive sampling")* saamgestel (Ritchie & Lewis, 2003: 78; Leedy & Ormrod, 2001: 219). Omdat hulle ervaring in die veld van kinderversorging het en gevolglik bruikbare inligting met die navorser kan deel, is besluit om vyf kinderversorgers by 'n bepaalde plek van veiligheid te selekteer om aan individuele onderhoude deel te neem en vyf ander aan 'n fokusgroepbespreking. Onderhoude het gedurende werksure in die werkplek geskied. Deelnemers is volgens beskikbaarheid in terme van tyd en werkslading op die spesifieke tydstip geselekteer, sodat dit die minste ontwrigtend vir die versorger en die instansie sou wees en die versorger haar onverdeelde aandag aan die gesprek kon gee. Onderhoude is in geskikte lokale gevoer wat, alhoewel in die werksplek geleë, 'n groot mate van privaatheid kon bied (Terre Blanche & Kelly, 2002: 129; Leedy & Ormrod, 2001: 159).

Alhoewel die belangrikste kriteria vir seleksie van deelnemers hulle beskikbaarheid was, is nogtans gepoog om 'n redelik verteenwoordigende steekproef daar te stel. Die steekproef moes persone insluit wat verteenwoordigend is van:

- Beide die seuns- en dogtersafdeling: 50% van die deelnemers is afkomstig van die dogtersafdeling; 30% van die seunsafdeling; 20% van die kleuterafdeling.
- Albei geslagte: 10% van die deelnemers is manlik en 90 % vroulik.
- Verskillende tydperke werksaam by die instansie: die tydperk wat die onderskeie deelnemers by die instansie werksaam is, wissel van tussen een en sestien jaar. Die gemiddelde dienstydperk is ongeveer ses en 'n half jaar.
- Verskillende skofte.
- Verskillende kulture: 30% van die deelnemers is blank en 70% vorm deel van swart kulture.

## 3.5. PLEK WAAR NAVORSING UITGEVOER IS

Die instansie waar die navorsing gedoen is, is 'n plek van veiligheid in Tshwane wat onder die beheer van die Departement Maatskaplike Dienste en Bevolkingsontwikkeling staan. Kinders van alle rassegroepe wat op grond van kinderhofverrigtinge van hulle ouers of voogde verwyder is vanweë beweerde sorgbehoewendheid, mishandeling of wangedrag word hier gehuisves hangende finale plasing soos wetlik deur die kinderhof aanbeveel. 'n Kind se verblyf in die plek van veiligheid is

University of Pretoria etd, Spang E (2006)

gemiddeld ongeveer 4 maande alvorens hy uitgeplaas word na 'n kinderhuis, pleegouers, biologiese ouers of verbeteringskool.

Die instansie is geïdentifiseer op grond van die bekendheid aan die navorser en die maklik bereikbare geografiese ligging. Die instansie word as geskik beskou om die volgende redes:

- Die natuurlike omgewing van die deelnemers dien as die veld waarin kwalitatiewe navorsing gedoen word, soos aanbeveel deur Durrheim & Terre Blanche (2002: 240).
- Na bewering heers daar tans oënskynlik 'n lae moraal onder die personeel wat werksaam is by die instansie.
- Volgens die etiese kode van die instansie (Bylaag E) word gestreef na uitnemende dienslewering en is dit duidelik dat personeel wat hier werksaam is hulself bereid verklaar om hulle eie praktyke krities te analiseer (Plek van veiligheid aanbieding, 2003: 6).

## 3.6. DATA-INSAMELINGSTRATEGIEË

Kwalitatiewe navorsingstudies is dikwels afhanklik van 'n multimetode strategie om data te versamel. Dit behels die gebruik van meervoudige strategieë om data te versamel sodat dit wat deur 'n enkele strategie verkry is, gestaaf kan word (McMillan & Schumacher, 2001: 428). In hierdie studie is van die volgende data-insamelingstrategieë gebruik gemaak:

### 3.6.1. Ongestruktureerde onderhoude met 'n skedule

Terre Blanche & Kelly (2002: 128) beskryf onderhoude as 'n intieme ontmoeting waar die navorser en die deelnemer mekaar beter leer ken en die navorser 'n geleentheid kry om die deelnemer se gevoelens, gedagtes en ervaringe te verken. Met behulp van onderhoude kan 'n groot hoeveelheid bruikbare inligting bekom word (Leedy & Ormrod, 2001 149; Schurink, 1998c: 298).

Volgens Henning (2004: 66) kan 'n beplande onderhoud nie as 'n vrye, natuurlike verskynsel beskou word wat in alledaagse kommunikasie tussen mense voorkom nie. Dit is eerder 'n deurdagte en beplande vorm van sosiale interaksie. Dit word deur die deelnemer as blote gesels beskou, maar is terselfdertyd 'n taak wat spesifieke vaardighede van die onderhoudvoerder vereis om sodoende sinvolle inligting by deelnemers te kan bekom. (Terre Blanche & Kelly, 2002: 128). Alhoewel interaksie tussen mense 'n alledaagse verskynsel is, moet die navorser ook oor vaardighede soos om aktief te kan luister en verbale en nie-verbale gedrag te interpreteer, beskik (Terre Blanche & Kelly 2002: 126; McMillan & Schumacher, 2001: 411).

Onderhoude as deel van navorsingstudies in die hulpgewende professie kan nie dieselfde as kliniese navorsingsonderhoude beskou word nie. (Schurink, 1998c: 298). Volgens McMillan & Schumacher (2001: 446) word die geldigheid van data verhoog indien die verhouding tussen die onderhoudvoerder en deelnemer gekenmerk word deur vertroue, opregtheid, en wedersydse begrip en aanvaarding. Die navorser behoort aan die deelnemer deur middel van oogkontak, stemgebruik en reflektering oor te dra dat sy die deelnemer se gedagtes en gevoelens begryp. Deel van die tegniek van onderhoudvoering is om empatie ten opsigte van die persoon se ervaringe, gevoelens en gedrag te toon. Empatie is nodig om tot begrip en insig ten opsigte van die persoon en haar wêreld te kom (Egan, 2002: 76; Terre Blanche & Kelly, 2002: 125) wat in hierdie studie die wêreld van die kinderversorger in haar rol as opvoeder is. Die navorser is geïnteresseerd in die deelnemer as persoon en interpersoonlike emosie word as belangrik geag (McMillan & Schumacher, 2001: 411). Opleiding as onderhoudvoerder verhoog die kanse vir betroubare waarneming (Mouton, 1990: 96). Uit die navorser se opleiding as opvoedkundige sielkundige is vaardighede as onderhoudvoerder aangeleer en bemeester.

Vir hierdie studie is gebruik gemaak van ongestruktureerde onderhoude met 'n skedule (Terre Blanche & Kelly, 2002: 129). Die skedule dien as riglyn vir die navorser om te verseker dat die relevante onderwerpe, vrae en temas tydens elke onderhoud bespreek word. Terselfdertyd dra dit by tot 'n sistematiese proses van inligtingversameling (Schurink, 1998c: 300).

Vrae met betrekking tot die versorgers se agtergrond, opinies, gedrag, gevoelens, kennis en motivering wat verband hou met die vervulling van hulle rol as opvoeder is in die onderhoude ingesluit om sodoende aan die navorser die geleentheid te bied om die subjektiewe ervaringe van die versorgers soos deur hulle beskryf, in konteks te verken. (Silverman in Leedy & Ormrod, 2001 149; McMillan & Schumacher, 2001: 445). Uit die aard van ongestruktureerde onderhoude is die trant van die gesprek wat gevolg word nogtans aanpasbaar en kan dit daarom bruikbare inligting oplewer waarvoor die navorser nie vooraf beplan het nie (Leedy & Ormrod, 2001:159). Elke onderhoude het gemiddeld honderd minute geduur.

University of Pretoria etd, Spang E (2006)

### 3.6.2. Fokusgroepbespreking

'n Fokusgroepbespreking kan beskryf word as 'n doelgerigte gesprek van bepaalde onderwerpe en verwante temas wat plaasvind tussen 'n aantal persone met 'n gemeenskaplike agtergrond en belange. Dit neem die vorm aan van 'n oop gesprek waartydens deelnemers kommentaar kan lewer, vrae kan vra en kan reageer op opmerkings van mede-deelnemers. Interaksie tussen die groeplede bestaan uit verbale sowel as nie-verbale kommunikasie en wisselwerking tussen die idees en opinies van die deelnemers. Hierdeur kry die navorser geleentheid om konsepte op 'n induktiewe wyse te ontwikkel (Schurink, Schurink & Poggenpoel, 1998: 314). Leedy & Ormrod (2001: 159) meen dat deelnemers gemakliker voel om hulle belewinge as lid van 'n groep te bespreek, as individueel.

McMillan & Schumacher (2001: 413) stel dat *"when the findings depend on a few key informants, researchers may conduct formal confirmation data collection activities, such as a survey, focus groups, and in-depth interviews with informationrich individuals not selected originally."* Na afloop van die individuele onderhoude is 'n fokusgroepbespreking gehou. Die groep het bestaan uit vyf kinderversorgers wat nie aan die individuele onderhoude deelgeneem het nie. Tydens die fokusgroepbespreking is die navorser se afleidings rondom die temas wat in die onderhoude bespreek is, aan die lede van die groep voorgelê vir verifikasie en kommentaar. Vyf kinderversorgers verteenwoordigend van al die afdelings, naamlik die seuns-, dogters- en kleuterafdelings, het aan die bespreking deelgeneem. Die fokusgroepbespreking is in die kinderversorger se werksomgewing gehou op 'n tyd wat die minste ontwrigtend vir die uitvoering van hulle pligte was en het ongeveer honderd en vyftig minute geduur.

### 3.6.3. Veldnotas

Babbie & Mouton (2001: 275) beveel aan dat deeglike notas aangaande die omgewing waarin die studie plaasvind en die navorser se persoonlike observasies gehou word. Die navorser behoort dit deurentyd te bestudeer en te let op inligting wat aanvanklike idees versterk of weerspreek.

Tydens elke onderhoud is notas gemaak oor die navorser se indrukke van elke betrokke deelnemer en haar response. Omdat onderhoude in die versorgers se werksomgewing plaasgevind het, was daar ook vir die navorser geleentheid om terloopse observasies met betrekking tot die verhoudinge tussen die versorgers en kinders, te maak.

### 3.6.4. Reflektiewe joernaal

Volgens McMillan & Schumacher (2001: 413) bevat 'n persoonlike reflektiewe joernaal *"…the evolution of the researcher's ideas, personal reactions, possible related literature and questions for further investigation."*

Die navorser se eie gedagtes en gevoelens is na afloop van elke onderhoud aangeteken. Daar is ook gereflekteer oor die verloop van die navorsingsproses in geheel. Sodoende het die navorser deurentyd sensitief gebly vir die eie subjektiwiteit wat 'n invloed op die resultate van die studie kon uitoefen.

## 3.7. DATA-ANALISE EN INTERPRETASIE

### 3.7.1. Databestuur

Volgens Poggenpoel (1998: 334) sluit databestuur die aktiwiteite in wat sistematiese insameling, stoor en herwinning van data ten doel het. Dit dra by tot hoë kwaliteit, maklik bekombare data, dokumentasie ten opsigte van data-analise wat gedoen is en verseker maklike herwinning van data en die gepaardgaande analise nadat die studie voltooi is.

Mouton (2001: 104) beveel aan dat die data-insamelingsproses baie noukeurig en gedetailleerd gedokumenteer behoort te word. Alle inligting rakende datums van onderhoude, die lengte daarvan, waar dit gevoer is, inligting rakende die deelnemers, die aantal weierings wat daar was, asook enige faktore wat die resultate moontlik kon beïnvloed, behoort bewaar te word. Mouton voer die volgende redes aan (wat aansluit by Poggenpoel se stelling soos hierbo bespreek):

- Om 'n historiese rekord daar te stel waarna later terug verwys kan word indien nodig.
- As vorm van kwaliteitskontrole

Nadat aan deelnemers die doel van die bandopnemer verduidelik is, is toestemming verkry om die onderhoude op band op te neem. Dit het die navorser in staat gestel om volledig rekord van die gesprek te hou, sonder om vasgevang te raak in die afneem van notas (Terre Blanche & Kelly, 2002: 129). Elke onderhoud is na die afloop daarvan getranskribeer. Tydens die proses van transkribering is analitiese notas oor die inhoud van elke onderhoud gemaak. 'n Lêer is oopgemaak waarin data (getranskribeerde onderhoude en ander notas) wat versamel is, bewaar word.

### 3.7.2. Data-analise

Die data-analise is gedoen deur die inhoud van die onderhoude en fokusgroepbespreking te analiseer. Inhoudsanalise word deur Leedy en Ormrod (2001: 114) beskryf as *"a detailed and systematic examination of a particular body of material...for the purpose of identifying patterns, themes, or biases within that material."*

Die analise van data wat deur middel van die fokusgroepbesprekings en onderhoude ingesamel is, het in fases geskied soos uiteengesit deur Creswell (2003: 191-195). Fase 3 en 4, asook fase 5 en 6 word onderskeidelik saamgevoeg omdat die aktiwiteite in elke afsonderlike fase baie nou met mekaar verband hou en as 'n eenheid hanteer is.

Fase 1: Gesprekke tydens die fokusgroepbesprekings en onderhoude is vanaf die kassette getranskribeer en getik. Veldnotas en observasies is getik.

Fase 2: Die rou data is verskeie kere deurgewerk en daar is oor die inhoud en betekenis gereflekteer om te bepaal wat die betekenis en bruikbaarheid van die data is. Ervarings en betekenisse wat na vore gekom het, is aangeteken (vergelyk Leedy & Ormrod, 2001: 161; McMillan & Schumacher, 2001: 469).

Fase 3 en 4: Uit die ervaringe en betekenisse soos in fase 2 aangeteken, is temas geïdentifiseer en elk met die mees beskrywende terme benoem of omskryf. Die konteks en die deelnemers, asook die temas vir analise, is in detail beskryf (vergelyk Creswell, 1998: 153; Leedy & Ormrod, 2001: 161; McMillan & Schumacher, 2001: 462 en 463).

Fase 5 en 6: Die data is geïnterpreteer. Na aanleiding van die aard van die resultate is besluit om die data met behulp van aanhalings en gedetailleerde beskrywings weer te gee.

### 3.7.3. Interpretasie

Leedy & Ormrod (2001: 27) beskryf die interpretasie van data as die transformasie van inligting tot eenhede van ontdekking, onthulling, en verheldering. Volgens Leedy & Ormrod (2001: 148) stel dit die navorser in staat om:

- insig te verkry aangaande die navorsingsobjek of verskynsel,
- en om moontlike problematiek van die verskynsel, te identifiseer.

Deur middel van die interpretasie van die data wat aan die hand van die onderhoude en fokusgroepbesprekings ingesamel is, het die kinderversorgers aan die navorser verduidelik wat hulle as

hulle opvoedersrol beskou, hoe hulle dit tans ervaar, wat hulle as uitdagings in die uitvoering van die opvoedingstaak beskou en waar hulle graag ondersteuning verlang.

Henning (2004: 65) maak die navorser daarop attent dat die onderhoudsgesprek as verteenwoordigend van die persoon, baie kompleks is. Dit is belangrik om tydens interpretasie daarvan elke antwoord in konteks te beskou en op te let na versteekte boodskappe. Tydens opleiding as opvoedkundige sielkundige is die navorser daarin geskool om deur middel van analisering en interpretasie van 'n persoon se subjektiewe ervaringe 'n dieperliggende boodskap te identifiseer.

## 3.8. GELDIGHEID EN VERTROUBAARHEID

### 3.8.1. Geldigheid

Creswell (2003: 195) beskou geldigheid as 'n sterkpunt van kwalitatiewe navorsing. Leedy & Ormrod (2001: 103) definieer geldigheid as die akkuraatheid, sinrykheid en kredietwaardigheid van die navorsingsprojek as 'n geheel. Willig (2001: 16) beskryf geldigheid as die mate waartoe die studie dit beskryf, meet of verduidelik wat dit ten doel het om te beskryf, te meet of te verduidelik. Sy meen dat geldigheid in kwalitatiewe studies verhoog kan word deur die data in die deelnemers se natuurlike omgewing te versamel, soos wat in hierdie studie gedoen is: die onderhoude en fokusgroepbespreking is in die kinderversorgers se werksomgewing en tydens werksure afgehandel. Daarmee saam stel Willig (2001: 16) voor dat voortdurend besin behoort te word oor die navorser se rol sodat daar so min as moontlik inbraak gemaak word op die oorspronklike ervaringe soos deur die kinderversorgers self beskryf. McMillan & Schumacher (2001: 411, 412) beskou data steeds as geldig wanneer dit deur die navorser se teenwoordigheid beïnvloed word.

Willig (2001: 17) meen verder dat daar ruimte vir deelnemers geskep behoort te word waarin hulle kommentaar kan lewer op die navorsers se afleidings oor die ondersoekte verskynsel. Die doel van die fokusgroepbespreking (wat uit ander deelnemers as die onderhoudsgroep bestaan het), was juis om aan die kinderversorgers die geleentheid te bied om die navorser se afleidings uit die inligting verkry deur die onderhoude, te verifieer en kommentaar daarop te lewer.

### 3.8.2. Vertroubaarheid

Volgens Willig (2001: 17) kan data as vertroubaar beskou word wanneer dieselfde resultate verkry sal word indien dieselfde studie op 'n ander tydstip herhaal sou word. Sy meen dat kwalitatiewe navorsers nie 'n hoë premie op vertroubaarheid plaas nie omdat kwalitatiewe studies ten doel het om 'n spesifieke verskynsel of ervaring in detail te beskryf. Hierdie standpunt word ook deur Creswell (2003: 195) bevestig.

### 3.8.3. Kruisvalidasie

Kruisvalidasie behels die gebruik van meervoudige navorsingsmetodes en word beskou as een van die wyses om geldigheid en vertroubaarheid in kwalitatiewe navorsing te bevorder (Babbie & Mouton, 2001: 275; Schurink, 1998b: 261). Dit behels die versameling van data op verskillende wyses en van verskillende bronne (Terre Blanche & Kelly 2002: 128). Denzin in Babbie & Mouton (2001: 275) meen *"By combining methods and investigators in the same study, observers can partially overcome the deficiencies that flow from one investigator and method. We can triangulate according to paradigms, methodologies, methods, researchers etc."* (vergelyk McMillan & Schumacher, 2001: 408).

Duffy (in De Vos, 1998: 359) onderskei tussen vier riglyne vir triangulasie, waarvan twee op hierdie studie van toepassing is:

- Ondersoeker-triangulasie wat verwys na meer as een observeerder, kodeerder, onderhoudvoerder of analis in 'n bepaalde ondersoek. Die beplanning vir die studie, data wat ingesamel is asook temas wat na vore gekom het tydens data-analise deur die navorser is aan 'n tweede opvoedkundige sielkundige voorgelê vir verifikasie en kommentaar.
- Metodologiese triangulasie verwys na die gebruik van meer as een metode van data-insameling. McMillan & Schumacher (2001: 411, 412) meen dat vooroordele van die navorser beperk word deur van verskillende data-insamelingtegnieke gebruik te maak. Tydens hierdie studie is van onderhoude en 'n fokusgroepbespreking gebruik gemaak. Temas wat tydens die vyf individuele onderhoude na vore gekom het, is aan 'n fokusgroep bestaande uit vyf lede voorgelê vir bevestiging en verdere verkenning.

Ritchie & Lewis (2003: 43) meen egter dat die versekering wat triangulasie met betrekking tot data inhou eerder lê in 'n wyer as 'n meer akkurate beskrywing van die ondersoekte verskynsel. Hulle grond hierdie mening op die konstruktivistiese perspektief dat elke individu sy eie realiteit konstrueer. Een deelnemers se betekenisgewing kan nie deur middel van 'n ander se betekenis geverifieer word nie. Die twee kan egter saam geanaliseer word om 'n ryker beskrywing van die verskynsel weer te gee.

University of Pretoria etd, Spang E (2006)

Die geldigheid en vertroubaarheid van die ingesamelde data is ook verhoog deur 'n vertrouensverhouding met elkeen van die deelnemers te stig waarin hulle veilig gevoel het om hulle ervaringe te deel. Volgens McMillan & Schumacher (2001: 411) hang interaktiewe navorsing af van die interpersoonlike vaardighede van die navorser, wat vaardighede soos byvoorbeeld om vertroue by die deelnemers te skep, goeie verhoudings in stand te hou en nie veroordelend op te tree nie.

## 3.9. DIE ROL VAN DIE NAVORSER

Kwalitatiewe navorsers word dikwels beskryf as *"being the research instrument"* (Leedy en Ormrod, 2001: 102) omdat 'n groot gedeelte van die data-insameling afhanklik is van die navorser se subjektiewe deelname in die navorsingsituasie soos byvoorbeeld met die voer van onderhoude (Terre Blanche & Kelly, 2002: 126; Leedy en Ormrod, 2001: 102). Schurink (1998b: 259) stel dat die navorser ten spyte van pogings om by die deelnemers se situasie aan te pas, nooit werklik deel daarvan word nie. Volgens Shaffir & Stebbins (Schurink, 1998b: 260) behoort die navorser vooraf 'n leerproses deur te gaan waarin insig verkry word in die prosesse wat menslike gedrag beïnvloed. Om werklik te verstaan wat in die navorsingsituasie en -konteks gebeur behoort die navorser vertroud te wees met die deelnemer se spreektaal, simboliese taal en verwysingsraamwerk.

Schurink (1998b: 259) meen dat dit belangrik is dat die rol wat die navorser vertolk ter wille van die deelnemers en die navorser self duidelik uiteengesit word. Voor die aanvang van elke individuele onderhoud en die fokusgroepbespreking is aan die deelnemers verduidelik wie die navorser is, wat die doel met die onderhoud is, asook waarvoor die ingesamelde data aangewend sal word.

Tydens die navorsingsproses het die navorser voortdurend gepoog om objektief en eg ten opsigte van die deelnemers, konteks en versamelde inligting te bly. Leedy & Ormrod (2001: 147) meen dat die navorser so min as moontlik deur eie persepsies, indrukke en vooroordele beïnvloed behoort te word omdat dit die kanse op bepaling van die waarheid verbeter.

## 3.10. ETIESE OORWEGINGS

Etiek kan beskryf word as 'n stel morele beginsels en reëls wat voorgestel word aangaande die verwagtinge vir aanvaarbare gedrag teenoor persone wat aan 'n navorsingstudie deelneem of daardeur geraak word (Strydom, 1998: 24). Aan die hand van Durrheim & Terre Blanche (2002: 66 - 70), Leedy & Ormrod (2001: 107-110) en Creswell (2003: 62 - 67) is riglyne vir die uitvoering van hierdie studie saamgestel en word hieronder kortliks bespreek.

Daar is deurgaans noukeurig op etiese kwessies rondom die studie gelet juis omdat mense die objek van die studie is. Toestemming om toegang tot die kinderversorgers in die navorsingsveld te kry is van die superintendent van die instansie verkry alvorens die inligting versamel is (sien Bylaag A en B). Die werksaamhede in die instansie waar die navorsing gedoen is, is deurgaans gerespekteer en daar is gepoog om so min as moontlik steuring in die alledaagse funksionering te veroorsaak.

Voor die aanvang van elke onderhoud is die volgende aan die deelnemers verduidelik:

- Deelname is vrywillig en deelnemers is vry om enige tyd aan die studie te onttrek.
- Alle inligting word vertroulik hanteer.
- Die beperkinge van vertroulikheid is uitgelig en dit is duidelik gestel dat die resultate van die studie bekend gemaak gaan word.
- Die identiteit van die deelnemers beskerm word.

Slegs data wat relevant tot die studie is, is versamel om sodoende die gevaar van bedreiging van deelnemers se privaatheid te verminder. Geen deelnemer is as gevolg van die studie skade berokken nie.

Die resultate van die navorsing wat gedoen is, word as waardevol in die veld van kinderversorging beskou. Prosedures is uitgevoer deur bekwame persone en geldige en vertroubare tegnieke is aangewend. Die bevindinge is getrou weergegee en die beperkinge van die studie is uitgewys.

## 3.11. BEPERKINGE VAN DIE STUDIE

Ten opsigte van die navorser:

Mouton (1991: 96) stel dat ter wille van identifikasie van deelnemers met die navorser dit sinvol is dat die navorser en deelnemers so veel moontlik eienskappe deel. In teenstelling hiermee meen Seale (1999: 11) dat daar geen waarborg is dat vertroue die resultaat is van gelyke status tussen navorser en deelnemers nie, maar dat dit soms gemakliker is om persoonlike aangeleenthede met 'n vreemdeling te bespreek. Die navorser se ras en spreektaal het van die meerderheid persone wat aan die onderhoude deelgeneem het, verskil. Alhoewel die deelnemers gemaklik in die onderhoud voorgekom en hulle belewinge op 'n spontane en sinvolle wyse gedeel het, het veral die taalverskil 'n invloed op die *diepte* van die inligting wat gedeel is, gehad. Omdat die onderhoude in beide die deelnemers en navorser se tweede taal gevoer is, het hulle nie altyd oor die geskikte woordeskat beskik om hulle ervaringe en gevoelens raak te beskryf nie. 'n Manlike deelnemer het ook te kenne gegee dat dit vir hom moeilik is om sy persoonlike sake met 'n vrou te bespreek, maar het nogtans bruikbare inligting gedeel.

University of Pretoria etd, Spang E (2006)

Ten opsigte van die deelnemers:

Soms gebeur dit dat deelnemers antwoorde formuleer om die navorser se goedkeuring te bekom (Leedy & Ormrod, 2001: 104). Om die interne geldigheid van die studie te versterk, is kruisvalidasie toegepas: Tien verskillende deelnemers is geselekteer en om aan twee metodes van data-insameling deel te neem, naamlik onderhoude en 'n fokusgroepbespreking.

Ten opsigte van die data:

Leedy & Ormrod (2001: 149) meen dat die verkreë resultate van 'n gevallestudie nie noodwendig geldig is in ander soortgelyke situasies nie. Kerlinger in Fouche en De Vos (1998: 125) beskryf 'n gevallestudie as wetenskaplik waardeloos omdat dit volgens hom onderlê word deur alledaagse denke. Fouche en De Vos (1998: 125) stel egter duidelik dat inligting verkry deur 'n gevallestudie aanleiding kan gee tot nuwe insigte, idees, vrae en hipotese vir verdere ondersoek.

Verder meen Stake (2000: 19) dat navorsingstudies (soos 'n gevallestudie) onderneem word sodat 'n bepaalde gehoor daarby sal baat en tot dieper insig en begrip ten opsigte van die bestudeerde situasie te kom. Hy verwys na 'n intuïtiewe en empiriese manier van veralgemening wat hy *natuurlike veralgemening* noem (vergelyk ook Creswell, 1998: 154). Natuurlike veralgemening is 'n bruikbare manier van veralgemenings alhoewel dit nie aan die kriteria vir logiese en empiriese veralgemenings voldoen nie. Op grond van sy ervaringe en geïnternaliseerde kennis ten opsigte van hoe en waarom sekere dinge gebeur/is, hoe mense daaroor voel en hoe dieselfde gebeure/aspekte op 'n ander tydstip of konteks daar sou uitsien, word 'n persoon gelei om ooreenkomste tussen objekte en aangeleenthede in verskillende kontekste te herken en bewus te raak van die natuurlike verwante variasies van gebeure (Stake, 2000: 22). Dit blyk dus dat daar wel deur middel van induktiewe redenering bruikbare afleidings vir die groter populasie gemaak kan word op grond van die interpretasie van data wat in 'n spesifieke situasie vir 'n spesifieke steekproef geldig is (Leedy & Ormrod, 2001; 35).

## 3.12. SAMEVATTING

Hierdie kwalitatiewe gevallestudie is vanuit die interpretivistiese paradigma benader om sodoende die ervaringe van kinderversorgers in 'n plek van veiligheid in hulle rol as opvoeders, te verken en te beskryf. Om tot insig in hulle ervaring te kom, is tien kinderversorgers by die data-insameling betrek. Vyf versorgers het aan onderhoude aan die hand van 'n skedule deelgeneem. Daarna is die navorser se afleidings uit die onderhoude tydens 'n fokusgroepbespreking met vyf ander versorgers bespreek.

Die navorser het voortdurend sensitief gebly vir die rol wat sy as navorser moes vertolk met behulp van veldnotas en 'n reflekterende joernaal. Etiese kwessies is in gedagte gehou tydens die uitvoering van die navorsing. Die beperkinge van die studie ten opsigte van die navorser, deelnemers en data is uitgewys. Die resultate van die studie sal vervolgens in hoofstuk 4 bespreek word.

University of Pretoria etd, Spang E (2006)

# HOOFSTUK 4

# NAVORSINGSRESULTATE EN LITERATUUR KONTROLE

## 4.1. AGTERGROND MET BETREKKING TOT DIE DATA-INSAMELING

Vir die individuele onderhoude is vyf kinderversorgers van die dogters-, seuns- en kleuterafdelings betrek en die onderhoude is gevoer op tye wat dit nie inbreuk gemaak het op hulle werksaamhede nie. Hulle was gewillig om hulle ervaringe met die navorser te deel, alhoewel sommige onseker was oor die nagevolge indien hulle menings bekend gemaak sou word. Na die navorser se versekering dat inligting as vertroulik hanteer sal word en hulle identiteit nie bekend gemaak sal word nie, het hulle egter voortgegaan om hulle ervaringe op 'n spontane wyse te deel.

Uit die aard van 'n gevallestudie is data in 'n geslote eenheid versamel, waar die deelnemers mekaar relatief goed ken. Ter beskerming van die identiteit van deelnemers word identifiserende besonderhede soos byvoorbeeld die aantal jare in diens van die plek van veiligheid, nie bekend gemaak nie. In 'n verdere poging om die identiteit van deelnemers te beskerm sal (soos ook in hoofstuk 1 gemeld) nie tussen deelnemers se geslag onderskei word wanneer bevindinge weergegee word nie, alhoewel daar ook manlike deelnemers was. Na alle deelnemers sal as "haar/sy" verwys word.

Tydens drie van die onderhoude het taal 'n rol gespeel. Alhoewel nie die moedertaal van die deelnemers of navorser nie, is onderhoude in Engels gevoer omdat dit die gemeenskaplike taal is wat die deelnemers en navorser magtig is. Dit het egter soms voorgekom asof dit vir deelnemers moeilik is om woorde te vind waarmee hulle ervaringe akkuraat beskryf kon word.

Na afloop van die individuele onderhoude is 'n fokusgroepbespreking gehou waaraan vyf ander kinderversorgers wat verteenwoordigend van al drie afdelings was, deelgeneem het. Die temas wat vanuit die individuele onderhoude geïdentifiseer is, is aan die fokusgroep voorgelê vir verifikasie en kommentaar. Die deelnemers het met meeste van die temas saamgestem, veral dié wat hoofsaaklik oor hulle opvoedingstaak handel. Hulle frustrasie met die werksomstandighede was egter dominant in die fokusgroepbespreking. Een van die deelnemers het opgemerk dat indien die navorser enigsins deur die bestuur van die instansie afgevaardig is om inligting in te samel, sy nie aan die gesprek wil deelneem nie.

Die bespreking het sowat honderd en vyftig minute geduur. Hierdie gesprek het ook in Engels plaasgevind, maar dit wil voorkom asof taal nie hier so 'n groot invloed soos tydens sommige onderhoude gehad het nie.

## 4.2. RESULTATE

Na aanleiding van inligting bekom uit die individuele onderhoude en fokusgroepbespreking waaraan die kinderversorgers deelgeneem het, word die kinderversorgers se ervaringe van hulle rol as opvoeder in 'n plek van veiligheid vervolgens bespreek. Aanhalings uit die onderhoude en fokusgroepbespreking sal ter toeligting ingesluit word.

### 4.2.1. Wat beskou opvoeders as hulle opvoedingstaak in 'n plek van veiligheid

#### 4.2.1.1. Om na die kinders om te sien

Kinderversorgers se eerste prioriteit is om na die kinders om te sien *("My main objective is to care for the children.')*. Hulle is van mening dat alles wat kinderversorgers doen in belang van die kinders behoort te wees *("...whatever I am going to do should be in the best interest of the child.")* en sou graag wou sien dat elke kind wat die instansie verlaat die beste persoon is wat hy kan wees *("He should be the best person he can be.")*

#### 4.2.1.2 Voorsien in die basiese opvoedingsbehoeftes

Die deelnemers identifiseer drie basiese behoeftes van kinders in 'n plek van veiligheid, naamlik kos, klere en skoolopvoeding *("...the three basic things that a child need in their lives: clothing, food and schooling.)* Kinderversorging is vir hulle egter meer as net blote versorging en hulle poog om kinders op verskillende vlakke te ontwikkel *("... what I am doing is to build, to develop a child.")*. Een van die deelnemers beskou voorsiening in die basiese behoeftes soos hierbo genoem as voorwaarde vir verdere ontwikkeling *(The other thing that we can do is socialising and other things, they come after the first things."*.

Kinderversorgers beskou ook as deel van hulle opvoedingstaak om in die volgende behoeftes van kinders te voorsien:

- Fisieke behoeftes, wat klere, kos, behuising en mediese versorging insluit;
- Emosionele behoeftes. Dit behels dat die versorger die kind se emosies sal verstaan en beskikbaar sal wees om die kind te ondersteun, te lei en te beskerm. Die versorgers sien ook die kinders se behoefte aan liefde, aandag en versorging raak *("...care and attention..."* en *"...warm care and love...")*. Watson (2002: 72) beskou dit as belangrik dat versorgers 'n veilige en huislike atmosfeer vir kinders te skep wat gekenmerk word deur warmte en verwelkoming.

Die versorgers is verder van mening dat die kinders in hulle sorg iemand nodig het wat omgee, aan hulle aandag gee, hulle vashou, en na hulle luister. Dwivedi (1993: 75) meen dat kinders 'n verhoogde behoefte aan troostende liggaamlike kontak in spanningsvolle tye toon;

- Om toe te sien dat die kinders skool bywoon;
- Om toesig te hou oor die kinders se doen en late;
- Om aan die kinders die verskil tussen reg en verkeerd te leer (dissiplinering);
- Om hulle te leer hoe om sekere algemene en daaglikse takies te verrig byvoorbeeld om sy eie bed op te maak.

#### 4.2.1.3. Om beskikbaar te wees vir die kinders

Hulle doelwit is om 'n verskil in die lewens van die kinders in hulle sorg te maak deur vir die kind beskikbaar te wees wanneer hy nood beleef en ondersteuning nodig het *("Be part of their lives ...they should know that there is somebody who cares... who was really there for me when I was in despair, or when I was in trouble.")* Om beskikbaar te wees vir en ondersteuning te bied aan 'n kind in nood impliseer om vir hom 'n veilige tuiste te skep waar in sy behoeftes op verskillende vlakke voorsien word. Die positiewe en ondersteunende wyse waarop hulle teenoor die kinders optree, is deur die versorgers as 'n belangrike faktor beskou wat beïnvloed hoe hy sy omgewing ervaar en wat kan lei tot verandering in die kind *(" ...they should know that I made a difference in them, the way I handled them... I should be good and positive.")*.

#### 4.2.1.4. Deelnemende besluitneming

Die gevoel bestaan egter onder sommige van die deelnemers dat die ware behoeftes van die kind sekondêr is tot wat die instansie as sy behoeftes beskou. Hulle sou graag wou sien dat die kinders self of die kinderversorgers deur die bestuur en maatskaplike werkers geraadpleeg word oor wat die kinders se behoeftes is alvorens besluite omtrent hulle toekoms en lewe geneem word *("...other people they just concentrate on giving children the best... nice food and what... But sometimes it is not something which they want... I wish you could just ask them 'what do you want in life?' ")*. Hulle sou graag self, saam met die kind, wou deel in besluitneming rakende die behoeftes van die kind.

### 4.2.2. Algemene gedragspatrone van die kinders in 'n plek van veiligheid

Meeste van die kinders in die instansie is fisiek en emosioneel mishandel of verwaarloos. Die kinderversorgers toon begrip vir die feit dat elke kind se unieke agtergrond 'n bepalende invloed op sy gedrag het en dat dit in gedagte gehou behoort te word wanneer met die kind omgegaan word. Sommige voel dat hulle meer oor die omstandighede waarin 'n kind hom bevind het voordat hy by die instansie opgeneem is, wil weet, sodat hulle meer doelgerigte en effektiewe steun aan die kind kan bied. Die kinderversorgers onderskei tussen die volgende gedragspatrone:

#### 4.2.2.1. Toets grense

Die ervaring van kinderversorgers is dat kinders hulle goed leer ken in terme van hulle werkswyse, voorkeure en afkeure *("... they know what I like and what I don't like.")*. Die kinders tree ook dikwels uitdagend op en toets die grense van aanvaarbare gedrag soos deur elke individuele versorger gestel *("...they will start something to test you, maybe your emotions or how you handle a situation - how far they can go.")*. Hulle is soms manipulerend en kan versorgers teen mekaar afspeel of op hulle gevoel speel.

Een van die versorgers meen dat wanneer 'n versorger te veel klem lê op 'n bepaalde saak, neig die kinders om dit juis nie te doen nie *("You find that when they have to sleep, they won't sleep because you are always nagging and always after them.)* en dit is waar probleme begin *("...people make it an issue and that is where the problem starts.")*.

'n Moontlike verklaring wat die navorser vir hierdie gedrag aanvoer, is dat kinders wat in 'n plek van veiligheid opgeneem word blootgestel is aan verskillende opvoeders en verskillende opvoedingstyle en dus nie die grense vir aanvaarbare gedrag ken nie. Vanweë die kinders se algemene onsekerheid is hulle ook onseker oor wat reg en verkeerd is. Die kind se soeke na sekerheid kan deur versorgers geïnterpreteer word as dat hy hulle toets. Dit kan ook 'n poging van die kind wees om te bepaal of die versorger nog vir hom sal kans sien as hy oortree.

#### 4.2.2.2. Aandagsoekende gedrag

Onderskeid moet getref word ten aansien van wanneer 'n kind se gedrag slegs aandagsoekend is en wanneer dit dringende aandag verg *("I don't make an issue, so I don't have a problem so much with these children.")*. Kinders beïnvloed mekaar tot negatiewe gedrag as hulle sien dat sodanige gedrag vrugte afwerp in terme van aandag van die versorger *("So if you are listening, tomorrow is another one...")*.

Die navorser beskou dié gedrag as 'n manifestasie van die kinders se intense nood daaraan om erken en raakgesien te word. Kinders sal enige gedrag openbaar ten einde versorgers se aandag te kry.

#### 4.2.2.3. Negatiewe beïnvloeding

Een van die uitdagings wat kinderversorgers by die instansie ervaar, spruit uit die feit dat kinders mekaar se gedrag beïnvloed. Kinders uit verskillende agtergronde word saam by die instansie gehuisves *("We mix them here and that is a problem.")*. 'n Kind wie se gedrag as positief beskou word, maar wat as gevolg van byvoorbeeld materiële verwaarlosing uit sy gesin verwyder is, kom hier in kontak met kinders wat onbeheerbare gedrag openbaar. Die kind met die aanvanklike positiewe gedrag word deur sy mede-inwoners negatief beïnvloed en gevolglik openbaar hy ook onaanvaarbare gedrag en word as wanaangepas beskou *("So they teach one another. So at the end they will say this child now he is a problem and we have to send him somewhere. You add even more problems.")*. Watson (2002: 72) se studie bevestig dat om kinders van verskillende agtergronde saam te huisves 'n bepaalde dinamiek teweeg bring. Hy laat egter die klem val op die gevare wat dit vir die kinders inhou, byvoorbeeld om deur ander inwoners geboelie te word. Volgens Franz (2004: 266) is daar tans talle navorsingstudies wat daarop fokus om te bepaal wat die mate is waartoe kinders wat in versorgingsinstansies opgeneem word se gedrag spruit uit óf sy ongunstige belewinge in die gesin óf sy ervaringe by die instansie self. Die resultate van een so 'n studie wys daarop dat die emosionele en gedragsprobleme wat kinders in versorgingsinstansies openbaar eerder 'n manifestasie van sy huidige ervaringe as vorige ervaringe is.

Die navorser meen dat kinders in 'n plek van veiligheid na aanvaarding soek en sal selfs negatiewe gedrag aanleer ten einde aanvaarbaar te wees vir die groep. Kinders wat uit onstabiele huislike omstandighede kom is nie altyd veerkragtig genoeg om teen groepsdruk standpunt in te neem nie.

#### 4.2.2.4. Swak selfbeeld

Die kinderversorgers meen dat kinders dikwels selfbewus voel oor hulle situasie oor wat met hulle gebeur het. Dit word bevestig deur Botha (2002: 34) wat meen dat ervaring van skande en verleentheid asook die gevolglike negatiewe selfkonsep by mishandelde kinders moeilik reggestel word. Versorgers meen dat die kinders ook gevoelens van verwerping *("ek dink hy voel bitter weggegooi...")*, haat en wraak ervaar. Hulle ervaar dat die kinders nie in hulleself glo nie en dikwels eerder van 'n situasie sal onttrek omdat hulle bang is om te fouteer. Een van die doelwitte met hulle opvoeding is om die kinders te begelei tot selfrespek.

University of Pretoria etd, Spang E (2006)

Volgens kinderversorgers toon kinders in 'n plek van veiligheid dikwels min respek vir hulle versorgers en verwag dat hierdie volwassenes nie vir hulle sal omgee nie. Hulle gee soms voor dat hulle self ook nie omgee wat met hulle gebeur of van hulle word nie. Een van die deelnemers het opgemerk dat sommige kinders se gedrag nooit verander nie, *("...tried to motivate her, tried to guide her, tried to give her support but the person doesn't change.")* wat haar moedeloos en hulpeloos laat voel.

### 4.2.2.5. Jaloesie

Die kinders is baie jaloers op mekaar en verwag van kinderversorgers om elke kind net soos die volgende een te behandel, ongeag van sy agtergrond of huidige situasie. Dit skep dikwels vir versorgers 'n probleem omdat hulle bewus is van die uniekheid van elke kind wat beteken dat elke kind se situasie, behoeftes en persoonlikheid in ag geneem behoort te word wanneer daar met hom omgegaan word.

Kinders in 'n plek van veiligheid se 'n soeke na erkenning as individu, word deur die navorser as bydraend tot hulle geneigdheid om jaloers te wees op dit wat ander ontvang, beskou.

### 4.2.2.6. Aggressiewe en depressiewe gedrag

Uitreagerende gedrag in die vorm van aggressiewe optrede soos bakleiery, vloek en skreeu word algemeen deur die versorgers ervaar. Onderdrukte aggressie wat na binne gerig is, manifesteer in depressie. Voorbeelde van depressiewe gedrag is onder andere huil, onttrekking, slaperigheid en 'n swak eetlus.

Die navorser meen dat aggressiewe en depressiewe gedrag die wyse is waarop kinders wat blootgestel was aan fisieke- en emosionele mishandeling en uit hulle gesinopset verwyder is, uiting gee aan die emosionele warboel waarin hulle verkeer (veg of vlug reaksie).

### 4.2.2.7. Probleme met betrekking tot skoolwerk

Skoolgaan en/of skoolwerk is dikwels vir die kinders 'n negatiewe ervaring omdat dit vir hulle meestal probleme meebring *("...a point that they learn is that at school there is just trouble.)*. Franz (2004: 267), Sameroff & Lewis (2000: 139) en Trickett (1997: 396-399) bevestig dat kinders wat as gevolg van mishandeling emosionele probleme ondervind, se skoolprestasie dikwels laag is. Die gevoel bestaan onder versorgers dat kinders in die instansie se skool nie respek vir hulle onderwysers het nie, omdat hulle daarin slaag om die onderwysers en maatskaplike werkers teen mekaar af te speel *("..when they complain, they just go to the social workers... they can complain easy - it is not far.")*.

#### 4.2.2.8. Ander

Ander algemene vorme van gedrag wat kinderversorgers teëkom is:

- Selfmutilasie
- Dros
- Dwelmmisbruik

Deelnemers besef ook dat 'n kind se negatiewe gedrag nie impliseer dat hy 'n slegte persoon is nie *("even if the child has done something wrong, it doesn't mean that the child is bad.")*. Andersyds kan sodanige gedrag ouderdomsgepas wees of normaal inaggenome sy bepaalde situasie *("...for a child to behave in the wrong way, that means the child is normal... if the child does everything good, then there is something wrong with the child."* en *"...I am looking at myself when I was this age - I was also doing it...")*.

### 4.2.3. Eienskappe van versorgers

Deelnemers beskryf die taak as kinderversorger as emosioneel dreinerend en geestelik uitputtend. 'n Lid van die fokusgroep stel dat *"…care givers are always on the receiving end of the child's aggression."*

Die deelnemers se ervaring is almal dat kinderversorgers, van al die personeel by die instansie, die beste vertroud is met die kinders, omdat hulle die meeste tyd saam met hulle deurbring ("...we are with them for hours, we are able to see the child very well." en "...we are the ones knowing the children, 24 hours."). Hulle is van mening dat personeel van ander departemente nie in voeling is met wie die kinders is en wat hulle behoeftes is nie.

Die kinderversorgers beskou dit as hulle taak om 'n positiewe rolmodel vir die kinders te wees. Mbambo (2005: 14) bevestig dat kinders rolmodelle benodig om behoorlike houdinge en gedrag aan te leer en beskou dit as 'n groot uitdaging vir volwassenes. Die noodsaaklikheid van 'n manlike rolmodel vir die seuns is beklemtoon deur die versorgers omdat dit dikwels vir die seuns moeilik is om persoonlike aangeleenthede met 'n vrou te deel. Hulle het 'n manlike figuur nodig met wie hulle kan identifiseer en hulle probleme mee kan bespreek. Van die vroulike deelnemers het ook opgemerk dat die seuns soms min respek vir vroulike versorgers toon, behalwe wanneer daar egter 'n manlike versorger teenwoordig is. 'n Studie deur Franz (2004: 267) het bevind dat kinderversorgers meer aggressiewe en wangedrag by seuns teëkom as by meisies.

Deelnemers beskou die feit dat kinders vir so 'n kort tydperk by die instansie is, as 'n remmende faktor in hulle poging om die kind sodanig te ondersteun dat hy sy potensiaal ontwikkel, omdat hulle meen dat

die tydperk wat kinders in hulle sorg is dikwels te kort is om 'n daadwerklike verskil in hulle lewens te maak *("...you can't build a person to be a respectful somebody in future because you only built for two months.")*.

Twee van die deelnemers was nie voorbereid op wat hulle te wagte kon wees nie en was aanvanklik merkbaar geskok en ontsteld. Een beskryf haar ervaringe as volg: *"It was tough as a rock... hierdie plek was 'n bietjie rof")*. Aan die begin het dit vir haar gevoel asof sy nie toegerus is vir die taak nie *("...they never told us if a child do this, what we are supposed to do...")*. Van die deelnemers is so bekommerd oor die kinders dat sy soms hartseer raak. *("Sometimes I cry..."* en *"...I still get that worry about them...")*.

Die versorgers ervaar dat met verloop van tyd hulle geleer het hoe om aan die vereistes wat die taak van kinderversorgers aan hulle stel, te voldoen en weet watter tipe gedrag om van die kinders te verwag *("...weet nou al wat kom...")*. Sommiges het ook verdedigings- en hanteringsmeganismes aangeleer om die emosionele pyn wat die werk meebring, te kan verwerk *("Dis asof 'n ou 'n skeidslyn het tussen hierdie seer. Jy kry seer ja, maar jy wys dit nie meer so maklik nie - jy bêre dit hier weg en jy kan nou dinge op 'n beter manier aanvaar...")*. 'n Ander versorger noem dat sy tans kinderversorging bo ander beroepe verkies *("...as times go on there is something I can't explain, something that say "I am here to stay, I am not going anywhere, I am just going to work here.' ")*.

#### 4.2.3.1. Positiewe ingesteldheid

Volgens die kinderversorgers is dit belangrik om 'n positiewe houding te hê en om hulleself voortdurend te herinner waarom hulle die uitdagende werk doen: ter wille van die kinders. Randall, Cowley & Tomlinson (2002: 350) bevestig dat versorgers dit dikwels nodig ag om hulle oortuigings ten opsigte van kinderversorging uit te spreek en in stand te hou in 'n soms vyandige werksomgewing.

#### 4.2.3.2. Aanvaarding en begryping

Ongeag die gedrag wat die kind openbaar, behoort versorgers verder in gedagte te hou dat die kind nie op grond hiervan as 'n slegte persoon beskou moet word nie, maar dat elke kind in die instansie een of ander vorm van nood ervaar wat sy gedrag beïnvloed. Die kind kan ook nie geblameer word vir die omstandighede waaruit hy kom nie.

#### 4.2.3.3. Empatie

Empatie met die kinders word deur versorgers as 'n belangrike deel van die opvoedingstaak beskou. *("...in sy koppie ingaan en dink hoe moet die klein mensie voel...")*. Zwiers & Morisette (1999: 7) bevestig dat empatie 'n voorwaarde vir begrip van die kind se wêreld is.

Die versorgers probeer ruimte vir die kinders skep waarin hulle uiting aan hulle gevoelens kan gee *("...mens moet hom later maar 'n bietjie los dat hy daardie gevoel uit hom uit kry."* en *"...as julle wil huil - julle mag.").* Hulle ervaring is dat dit 'n positiewe effek op die kind se gedrag het *("...ons het gevind dit is asof hy daarna 'n bietjie meer oopmaak.")*. Casey (1996: 163) meen die kind se vermoë tot emosionele uitdrukking ontwikkel in sy onmiddellike sosiale konteks, mits dit gekenmerk word deur begrip en aanvaarding van en aanmoediging tot emosionele uitdrukking. De Klerk & Le Roux (2003: 12) beskou versorgers se reaksie op kinders wanneer hulle intense emosie ervaar, as bepalend of die kinders met hulle eie emosies gemaklik voel of nie.

#### 4.2.3.4. Emosionele beheer

Emosionele beheer by kinderversorgers is noodsaaklik omdat die opvoedingsituasie soms vereis dat versorgers liefs nie hulle ware emosies aan die kinders moet wys nie. Versorgers sal dikwels hulle eie optrede teenoor die kinders evalueer en soms is dit nodig om vir 'n kind om verskoning te vra wanneer 'n versorger besef dat sy verkeerd teenoor hom opgetree het *("Ek het nie nodig gehad om met jou lelik te wees nie")*. De Klerk & Le Roux (2003: 12) meen dat dit aanvaarbaar is vir opvoeders om soms menslik op te tree, maar dat dit nodig is om 'n verskoning en redes vir die negatiewe gedrag aan kinders te verstrek.

Kinderversorgers meen dat dit nodig is om geduldig, vriendelik en goedhartig teenoor die kinders op te tree, alhoewel dit soms nodig is om streng te wees.

#### 4.2.3.5. Affiniteit vir kinders

Tydens die fokusgroepbespreking het kinderversorgers onderskei tussen om vir die kinders lief te word en om vir hulle om te gee. Die algemene gevoel wat bestaan het, was dat versorgers die kinders in hulle sorg se behoeftes op die hart moet dra en vir hulle moet omgee, maar daarteen moet waak om vir hulle lief te word, omdat dit die pyn van skeiding wanneer die kind die instansie moet verlaat vir sowel die kind as die versorger intensiveer. Kinderversorgers moet in gedagte hou dat ten spyte van die intieme kontak wat tussen kinderversorgers en kinders bestaan, die verhouding tussen hulle 'n professionele verhouding behoort te bly.

#### 4.2.3.6. Ervaring

Versorgers is van mening dat hulle eie ervaring as ouer bydra tot kennis van kinders en wyse waarop hulle die opvoedingstaak in die plek van veiligheid uitvoer *("...as jy al kinders gehad het dan kan jy min of meer gaan dink...").*

### 4.2.4. Geïdentifiseerde vereistes vir die uitvoering van die unieke opvoedingsopgaaf

#### 4.2.4.1. Bou 'n vertrouensverhouding met die kinders

Volgens die kinderversorgers behels die uitvoering van die opvoedingstaak dat hulle 'n verhouding met die kinders sal bou waarin hulle met mekaar kan kommunikeer. Watson (2002: 68) het bevind dat opvoeding alleenlik suksesvol kan wees wanneer toereikende verhoudinge tussen versorgers en die kinders gebou word. Dit is vir die kinderversorgers 'n prioriteit om eerlik met die kinders te wees, omdat hulle voel dat die kinders hulle vertrou *("...I don't want to lie to a child, the child believes in me...")*

Die meeste van die deelnemers het ervaar dat selfs wanneer hulle van die kinders geskei is omdat hulle van diens af is of omdat die kind na sy familie, pleegsorg of 'n ander instansie uitgeplaas is, hulle steeds aan die kinders dink en wonder hoe dit met hulle gaan *(When I'm home I just want to call here and just hear what is happening."* en *"You miss the people, the children.")*. Die herontmoeting met kinders wat uitgeplaas is, wek teenstellende emosies na gelang van die kind se welstand op daardie stadium. In die geval waar dit met 'n kind goed gaan, voel kinderversorgers trots om te dink dat hulle 'n bydrae tot die positiewe verandering gemaak het. Waar kinders teruggeval het tot op die vlak waar hy was voor hy by die instansie opgeneem is of selfs nog laer, ervaar versorgers dikwels teleurstelling en selfs skuldgevoelens, omdat hulle voel dat hulle die kind gefaal het.

### 4.2.4.2. Ken die kind

Vir die deelnemers aan beide die individuele onderhoude en fokusgroepbespreking is dit belangrik om 'n verhouding met die kinders in hulle sorg te bou en so die kinders te leer ken. Franz (2004: 270) meen dat daar nie van kinders wat baie spanning in die gesin waaruit hulle kom ervaar het, verwag kan word om 'n positiewe verandering te toon as hulle steeds in 'n spanningsvolle omgewing woon en steeds nie deur hulle versorgers begryp word nie.

Om die kinders te leer ken is dit nodig dat versorgers hulle gedrag observeer, met hulle gesels en beskikbaar is indien die kind iets met haar wil deel *("...you have to study the kid first."* en *"...we watch them... sometimes she can come and explain something about her...")*. Hulle beskou dit as fundamenteel om tyd saam met die kinders te spandeer, of dit nou is om aktiwiteite aan te bied, saam met hulle te speel, grappies te maak of bloot net te gesels *("Once you supervise, if there is an activity you have to be there, do the activity also with the child.")*. Scholte & Van der Ploeg (2000: 135) meen dat kinders wat probleme ervaar aandag van hulle versorgers verlang, daarom is dit belangrik dat versorgers tyd aan die kinders se opvoeding, behandeling, en bespreking van die kinders se vordering sal spandeer.

Net soos wat die versorger die kinders behoort te leer ken, meen een van die deelnemers dat die kinders ook die geleentheid gegun behoort te word om die versorgers te leer ken *("Just visit them because they have to know you.")*. Die versorgers sou graag wou sien dat lede van die bestuur van die instansie ook tyd saam met die kinders spandeer, soos byvoorbeeld tydens spesiale feesdae.

Dit is ook vir versorgers belangrik dat hulle op die kind se golflengte moet wees *("I always say to them for me to have a relationship with you and you understand me I have to behave just like you...")* en ingestel is op dit waarvan die kinders hou. Versorgers druk hulleself soos volg uit:

- *"... I look at what she likes, and I discuss about that, so I am building a relationship with her."*
- *"See how she is behaving when she is outside."*
- *"...you have to have some relationship and know what they like."*

### 4.2.4.3. Kommunikasie met die kinders

Kinderversorger beskou kommunikasie met die kinders as die middel waardeur hulle tot kennis, insig en begrip in die kind se menswees kan kom: *"...when [you] communicate in a same level with the child, [you] understand the child more and more."* Hulle meen dat verbale en nie-verbale kommunikasie tussen die versorger en kinders ewe belangrik is: so behoort die versorger haar liefde aan die kind oor te dra *("...hulle kry hulle drukkie en jy sê vir hulle jy is lief vir hulle en hulle is belangrik vir jou")*. Dit is

ook belangrik dat die versorger op die verbale en nie-verbale boodskappe van die kind let sodat sy sy behoeftes beter kan verstaan *("...kyk en luister hoekom doen hulle dit...").*

Die deelnemers ervaar dat georganiseerde aktiwiteite meestal deur die maatskaplike werkers en sielkundiges by die instansie waargeneem word. Alhoewel hulle graag aktiwiteite vir die kinders sal wil aanbied of wil deel wees van die aanbieding, voel hulle dat die rol wat hulle tans in die verband vertolk bloot die van toesighouer is.

4.2.4.4. Begryping van die kind se agtergrond

Verder blyk dit dat die kinderversorgers die invloed van die omstandighede waaruit die kind kom, erken as bydraend tot die vlak van ontwikkeling waarop die kind hom bevind. Verskeie deelnemers aan die onderhoude het verwys na die invloed wat ouers op die kind se ontwikkeling het. Hulle neem die ervaringe waaraan hy tot dusver blootgestel was en die voorlewing van sy ouers in ag in 'n poging om so beter insig in die kind se behoeftes en gedrag te verkry *("...gaan kyk na die omstandighede waar die kinders uit kom..." en ..."Ouers is die groot oorsaak van ons kinders..." ).*

'n Voorstel deur die deelnemers was om die ouers te betrek in die "heropvoedingstaak" *("...it is very difficult for me to develop a child and a child become a positive child, if the family is not developed.")* wat kan kulmineer in 'n opvolgprogram waar ondersteuning aan die ouers gebied word met betrekking tot toereikende opvoeding aan elke teruggeplaaste kind. Lede van die fokusgroep het die stelling gesteun aangesien dit na hulle wete hulle taak met die kinders sal vergemaklik. Met meer agtergrondkennis van die kind sal hulle die kind beter verstaan. Dit sal dan ook moeiliker vir die kinders wees om die versorgers en sy ouers teen mekaar af te speel, omdat daar dan 'n direkte kommunikasiekanaal tussen die versorgers en ouers sal wees.

'n Deelnemer het opgemerk dat kinders graag die negatiewe gedrag van hulle ouers wil vergeet en hulle dan blindstaar teen die geringste positiewe optrede van die ouers teenoor die kind. Ouers wend soms 'n doelbewuste poging aan om die kind se guns terug te wen, maar verval spoedig weer in hulle ou, ontoereikende opvoedingspatrone. Volgens Karson (2001: 81) besef mishandelde of verwaarloosde kinders dikwels nie dat hulle ouers verkeerd teenoor hulle optree nie, omdat hulle oor geen maatstaf beskik om die ouer se gedrag mee te vergelyk nie. Hy meen verder (2001: 79) dat mishandelde kinders se interne ondersteuningsisteme nie toereikend ontwikkel word nie en dié kinders gevolglik 'n groter mate van afhanklikheid van hulle ouers openbaar as sogenaamde normale kinders. Juis as gevolg van die afhanklikheid van hulle ouers, wil kinders graag glo dat hulle ouers korrek optree en vertrou kan word (Karson, 2001: 82)

University of Pretoria etd, Spang E (2006)

### 4.2.4.5. Empatiese luister

Kinderversorgers is bewus van die verantwoordelikheid wat hulle het om kinders op hulle gemak te stel sodat hulle vrymoedigheid sal hê om oor enige iets met die kinderversorgers te praat. Franz (2004: 267) het bevind dat dié kinders 'n hoë prys op die uitdrukking van hulle emosies en sosiale ondersteuning as hanteringsmeganismes vir spanning plaas. Die sleutelvaardighede wat Watson (2002: 69) vir die vertroeteling van en suksesvolle verhoudingstigting met kinders in sy studie geïdentifiseer het, is om met kinders te kommunikeer en na hulle te luister. Hierdie vaardighede is deur die deelnemers aan sy studie beskou as bydraend tot die empatie wat benodig word om begrip vir die kinders te verkry sonder om hulle te veroordeel vir hulle huidige gedrag of vir wat hulle in die verlede gedoen het.

Dit is ook nodig vir kinderversorgers om aan die kinders terugvoer ten opsigte van hulle gedrag te gee, sodat hulle kennis en begrip kan ontwikkel vir watter gedrag as aanvaarbaar en watter as onaanvaarbaar beskou word, sodat hulle verseker sal weet wat van hulle verwag word. Wanneer 'n kind onaanvaarbare gedrag openbaar, moet dit aan hom uitgewys word tesame met die gevolge van sy gedrag. Net so is dit nodig om vir 'n kind erkenning te gee vir positiewe gedrag.

### 4.2.4.6. Dissiplinering

Die meerderheid deelnemers beskou dissiplinering nie bloot as 'n straf vir 'n oortreding nie, maar eerder 'n leergeleentheid *("It is not a hatred or a punishment, it is a teaching, it is a learning.")*. Die versorger se verantwoordelikheid is veral om aan 'n kind die gevolge van sy gedrag uit te wys *("My part in disciplining the children is to show them the way. Whether it is good or bad, it has consequences.").* Dit bied aan kinderversorgers 'n geleentheid om die kind te lei tot insig in wat reg en verkeerd is *("...ek sien nou ek was verkeerd, ek mag nie...").* Dissiplinering word as suksesvol beskou wanneer 'n positiewe verandering in 'n kind se gedrag opgemerk kan word *("...trots wat hy daarop het waar hy voorheen maar net gesê het 'ag, ek gee nie om nie'.")*.

Verskillende metodes van dissiplinering word deur kinderversorgers toegepas waarvan gesprekvoering met die kinders die meeste gebruik word. Dit word as die mees effektiewe wyse beskou. Versorgers maak gebruik van "bookings". Dié sisteem behels dat kinders inskrywings ontvang vir positiewe sowel as negatiewe gedrag. Op grond van die aantal inskrywings wat hy van elk het, word die kind ingedeel in een van die volgende groepe: Goud, A, B, C, of D groep. Kinders in die D groep het die minste voorregte in die instansie terwyl die goue groep die meeste voorregte geniet. Deelnemers aan die fokusgroepbespreking het hulle bedenkinge oor die geloofwaardigheid van dié metode uitgespreek.

Hulle meen dat sommige kinderversorgers sekere kinders voortrek en die betrokke kinders se inskrywings so sal manipuleer dat die kind lid in die goue groep kan wees.

Detensie word ook soms gebruik. Dit word egter net gebruik wanneer 'n kind nodig het om van die ander kinders geskei te word sodat hy kan kalmeer, byvoorbeeld wanneer kinders met mekaar baklei het. Kinderversorgers is veronderstel om 'n kind in detensie nie vir 'n oomblik sonder toesig te laat nie.

Die versorgers meen dat die kinders duidelike riglyne nodig het *("...they need the rules...")* waarvolgens hulle moet optree en dat kinderversorgers konsekwent moet wees in die toepassing daarvan, maar daar bestaan nie konsensus oor die konsekwentheid waarmee dissipline toegepas word nie. Die feit dat die kinderversorgers skofte werk en kinderversorgers wat nie hulle taak behoorlik uitvoer nie, kan hier 'n rol speel en kom na vore in die volgende beskrywinge deur die versorgers:

- *"Because we've got shifts. You'll find that when we are working children don't do this, ...when we come back we have to start all over again because you find that other people they don't care."*
- *"...they just leave him..."*
- *"...they are not doing their job."*

As gevolg van ontoereikende samewerking, ondersteuning en erkenning is sy deesdae passief waar sy vroeër entoesiasties was en aktief saam met die kinders aan aktiwiteite deelgeneem het, selfs soms aktiwiteite geïnisieer het.

Die versorgers sou graag wou sien dat daar standaard reëls uiteengesit word, met die implikasies vir die oortreding van elke reël, sodat beide kinders en versorgers sal weet wat van hulle verwag word *("...like maybe when a child fights, what you have to do...")*. Die studie deur Watson (2002: 70,71) bevestig dat inkonsekwente optrede deur versorgers 'n negatiewe effek op die gedrag van kinders kan hê en stel dat konsekwente optrede deur versorgers aan kinders duidelike grense waarbinne hulle moet optree stel.

Deelnemers beskou dissipline as meer effektief wanneer kinderversorgers self die taak waarneem as wanneer 'n kind na 'n derde persoon (byvoorbeeld 'n maatskaplike werker) verwys word. Tydsberekening is hier belangrik: soms is dit nodig om onmiddellik op te tree, ander gevalle vereis dat die kind eers kalmeer, voordat hy en die kinderversorger oor die betrokke voorval gesels.

Een van die deelnemers aan die fokusgroepbespreking het haar kommer uitgespreek ten opsigte van die bestuur se persepsie van 'n versorger wanneer 'n ontevrede kind haar by die bestuur verkla. Sy meen dat versorgers wat dissipline toepas ongewild is by die kinders en deur hulle by die bestuur van die instansie aangegee word, wat 'n swak beeld van die versorgers by die bestuur skep.

Dit blyk dat kinderversorgers nie op die positiewe gedrag van die kinders ingestel is nie, maar meer aandag aan die negatiewe gedrag skenk. Volgens die versorgers wat aan die fokusgroepbespreking deelgeneem het, het die kinders wat weens goeie gedrag lid van die goue groep was, vroeër van tyd tot tyd spesiale behandeling gekry het. Hulle sou byvoorbeeld aandete by 'n spesiaal gedekte tafel geniet het. Dié praktyk is skynbaar nie meer van toepassing nie. Wanneer versorgers raaksien dat 'n kind se gedrag positief is, sal sy hom egter met verbale erkenning beloon.

#### 4.2.4.7. Neem deel aan aktiwiteite

Versorgers wat aan die studie deelgeneem het, beskou dit ook as belangrik om deel te wees van die aktiwiteite waaraan die kinders deelneem. Tydens die fokusgroepbespreking is daar opgemerk dat die kinders en versorgers van die instansie nie onderskeid maak tussen aktiwiteite en roetine take nie, maar die twee verwar. Die verskil tussen aktiwiteite en roetine lê daarin dat aktiwiteite na meer georganiseerde aanbiedinge verwys. Alledaagse ongeorganiseerde aktiwiteite soos om buite te speel moet eerder as deel van die daaglikse roetine beskou word.

Een van die deelnemers voel dat kinderversorgers die kinders nie besig genoeg hou nie *("...we don't keep them busy."),* en dat hulle dan weens verveling afleiding op negatiewe maniere bewerkstellig.

4.2.4.8. Betekeniswysiging

'n Belangrike deel van hulle opvoedingstaak is die verligting van kinders se emosionele pyn *("Child care is also not about caring, is also about healing..."* en *"...they feel in need to be healed, not externally but internally.")* Hulle meen dat die negatiewe betekenis wat kinders aan die wêreld heg, deur die alledaagse interaksie tussen kinderversorgers en kinders vervang behoort te word met 'n positiewe ervaring sodat kinders kan leer dat daar wel volwassenes is wat hulle belange op die hart dra *("...you are trying to build different world into children's life. You erase the bad one."* en *"...at the end of the day the child realize even though someone did this, there are those who can't do it.")*. Weer eens is die belangrikheid van die wyse waarop kinderversorgers teenoor kinders optree, uitgewys *("Childcare is not a physical job, it starts in the head. It is what you say and how you do things.").* Franz (2004: 266) meen dat die kind se huidige ervaringe wel die effek wat sy vorige ervaringe op die kind gehad het, verander.

4.2.4.9. Vennootskap

Deelnemers aan die fokusgroepbespreking meen dat kinderversorgers volgens die beginsels van kinderversorging veronderstel is om deel uit te maak van 'n multidissiplinêre span wat in oorleg met die kind 'n intervensieplan ontwerp om aan sy behoeftes te voorsien. Dit word deur Scholte & Van der Ploeg (2000: 129) bevestig. Hulle is egter van mening dat kinderversorgers by die instansie nie by die opstel van so 'n plan betrek word nie. As voorwaarde om effektief met mishandelde kinders te werk, stel Azar (2000: 647) dat deurlopende konsultasie onder lede van die intervensiespan van fundamentele belang is. Watson (2002: 68, 69) se studie het ook bevind dat die uitvoering van so 'n plan nie net afhang van die optrede van die versorgers nie, maar ook van die samewerking van die kind. Daarom is die verbetering van 'n kind se welstand afhanklik van 'n tipe vennootskap waarin saam met die kind gewerk word om doelwitte te bereik.

4.2.4.10. Neem die kind se kultuur in ag

Die kultuur waaraan die kind behoort, moet ook in gedagte gehou word. Van die versorgers verwys na 'n basiese beginsels van kinderversorging, naamlik normalisering. Dit verwys na die taak van versorgers om aan kinders te leer wat die breë samelewing as aanvaarbare gedrag beskou, byvoorbeeld dat dit in die algemeen as goeie maniere beskou word om met 'n mes en vurk te eet, alhoewel dit nie 'n algemene gebruik in sommige kulture is nie. Die norm wat neergelê word is die ontwikkeling van die kind, sy kultuur in ag genome, en nie oor haar eie behoeftes nie *("...it's not about me, it is about them, and also their culture.")*. Die belangrikheid dat kinderversorgers en kinders mekaar se kulture moet leer ken en aanvaar, word deur die versorgers beklemtoon sodat hulle die verskille in

University of Pretoria etd, Spang E (2006)

mekaar se gedrag kan begryp en ruimte daarvoor in die opvoedingsomgewing kan skep. Haar ervaring is dat kinders somtyds deur versorgers gedwing word om buite hulle bekende kultuur op te tree.

Azar (2000: 660) bevestig dat botsings op grond van verskillende etniese of rassegroepe soms voorkom en beklemtoon dat kulturele, gemeenskaps- en persoonlike verwagtinge en vermoëns in gedagte gehou moet word wanneer die doelwitte vir intervensie bepaal word. Webb, Maddocks & Bongilli (2002: 408) meen dat versorgers maklik tussen hulle eie lojaliteit teenoor beide hulle kultuur en die vereistes wat hulle taak aan hulle stel, verstrengel kan raak. Hulle stel dat dit nie as kulturele sensitiwiteit beskou kan word om persone uit verskillende kulturele agtergronde eenders te benader en te hanteer nie. Dit dui eerder op 'n ignorering van kulturele verskille en die persoon se gepaardgaande behoeftes.

### 4.2.5. Faktore wat die uitvoering van hulle opvoedingstaak beïnvloed

#### 4.2.5.1. Ondersteunende omgewing

Vanuit die gesprekke tydens beide die individuele onderhoude en fokusgroepbespreking is dit duidelik dat kinderversorgers van mening is dat hulle nie die nodige ondersteuning in hulle werkomgewing ontvang nie. Hulle voel veral negatief teenoor die wyse waarop die instansie bestuur word. Die algemene gevoel onder versorgers is dat die volwassenes waarmee hulle moet saamwerk (wat personeel van ander departemente sowel as mede-versorgers insluit) vir hulle meer uitdagings inhou as die taak van opvoeding van die kinders in 'n plek van veiligheid. Hulle voel dat daar soms die onmoontlike van hulle verwag word wat hulle gefrustreerd laat voel *("…I have to do it and sometimes it is impossible…")*. Pousette & Hanse (2002: 231) het bevind dat wanneer werkseise die werknemers se menslike vermoëns oorskry, dit negatiwiteit en morbiditeit by hulle veroorsaak.

Randall, Cowley & Tomlinson (2000: 348) beweer dat skerp woorde en ondeurdagte opmerkings van persone in gesagsposisies teenoor versorgers 'n aanduiding kan wees van die afstand en onbegrip wat daar tussen bestuur- en opvoedingspraktyk van 'n instansie bestaan. Opmerkings waarna versorgers tydens die onderhoude en fokusgroepbespreking verwys het is byvoorbeeld "*We are so irresponsible , so useless, so unprofessional."*

#### 4.2.5.2. Opleiding

Watson(2002: 70) beskou die opleiding wat kinderversorgers ontvang as bydraend tot die kwaliteit van opvoeding wat versorgers aan die kinders kan bied. Azar (2000: 657) voeg by dat behoorlike opleiding versorgers teen uitbranding kan beskerm. Die algemene gevoel onder kinderversorgers is dat die opleidingsgeleenthede wat hulle tans bywoon, sinvol is en dat hulle bruikbare inligting daaruit bekom. Bywoning van opleiding is meestal vrywillig. Omdat alle personeel nie altyd die opleidingsgeleenthede kan bywoon nie, word verwag dat diegene wat dit wel bywoon terugvoer aan die res van die personeel sal gee oor dit waarin hulle opleiding ontvang het. Daar bestaan egter verskillende opinies onder deelnemers oor die mate waartoe terugvoer effektief gedoen word.

Kinderversorgers sou graag nog opleiding in die volgende onderwerpe wou ontvang:

- Terapeutiese tegnieke;
- Diversiteit onder personeel en kinders: inligting wat kan lei tot beter begrip vir mekaar se verskille, veral in terme van kultuur. Webb, Maddocks & Bongilli (2002: 407, 408) bevestig dat hierdie aspek beslis hoog op die prioriteitslys vir opleiding van kinderversorgers behoort te wees. Hulle waarsku egter dat dit nie genoeg is om bloot verskillende kulture te leer ken nie, maar dat versorgers hulle eie houdings en opvattings teenoor ander kulture moet verken. Hulle meen dat geen mens, versorgers en kinders ingesluit, neutraal teenoor kultuur staan nie, maar die produk van kulturele vorming is.
- Agtergrond in die veld van sielkunde en maatskaplike werk;
- HIV/VIGS en aanverwante temas byvoorbeeld roubegeleiding;

  (Khana Summary Report, 2000) meen dat die verlies van familielede as gevolg van HIV/VIGS veranderinge in die familiestruktuur, verlies aan inkomste en die rouproses dit moeilik maak om in die behoeftes van kinders wat deur HIV/VIGS geraak word, te voorsien, omdat dié aspekte vir kinders onder andere verlies aan identiteit, psigiese spanning, wanvoeding en minder geleentheid tot skolastiese opvoeding meebring. Dit is nodig dat versorgers kennis dra van hierdie onderskeie aspekte sodat hulle die nodige ondersteuning aan die kinders in hulle sorg kan bied.
- Kunsaktiwiteite;
- Gesondheidsprobleme.

Kinderversorgers verkies dat opleiding nie deur 'n personeellid van die instansie aangebied word nie omdat hulle ervaar dat dit hulle ondergeskik aan die persoon stel en omdat hulle mekaar nie vertrou nie.

#### 4.2.5.3. Supervisie

Sommige deelnemers is van mening dat hulle deur die senior personeel in die afdeling waar hulle werksaam is, ondersteun word. Nogtans toon die kinderversorgers wat aan die studie deelgeneem het deur die bank 'n behoefte aan ondersteuning en leiding in die uitvoering van 'n fisiek en geestelik uitputtende werk. Een van die versorgers het opgemerk dat *"…we are also human beings."* Gereelde supervisiesessies sal aan hulle die geleentheid bied om in 'n veilige omgewing oor hulle ervaring en uitdagings wat hulle werk meebring, te praat, maar selfs persoonlike aangeleenthede wat hulle werk beïnvloed, kan bespreek word *("... As ek nou regtig die dag befoeterd voel dat ek by een van hulle kan gaan sit en sê 'kyk, ek is nou humeurig en ek wil daardie kinders doodslaan'. Dat hulle vir my sê 'sit net daar in die hoek. Sit net daar vir 10 minute, laat ons musiek luister en laat ons gesels'...").* Randall, Cowley & Tomlinson (2000: 343, 348, 350) bevestig dat persone wat hulleself in 'n hulpgewende professie bevind te staan kom voor praktiese, intellektuele en emosionele uitdagings en as daar nie 'n behoorlike ondersteuningsisteem in plek is nie, 'n duidelike afname in die noukeurigheid in die uitvoering van take sigbaar word. Dié outeurs beklemtoon die belangrike rol wat supervisie in die ondersteuning van versorgers speel, sodat hulle op 'n kreatiewe en effektiewe wyse hulle taak kan uitvoer.

Kinderversorgers verkies dat supervisie deur 'n persoon wat meer ervaring het of in 'n hoër posisie as hulle is, gedoen word *("I think it is better if you are supported by somebody above…")*. Die meeste deelnemers verkies dat supervisie deur iemand van buite die instansie behartig word *("…I prefer a counsellor or a pastor…"),* omdat hulle voel dat hulle nie die personeel van die instansie kan vertrou nie. Supervisie hou vir kinderversorgers baie voordele in soos :

- Die emosionele spanning wat die werk meebring kan ontlaai word *("…when you are burnt out, you just ventilate…")*;
- Kinderversorgers kry geleentheid om te reflekteer oor hulle eie optrede in terme van hulle eie sterk- en groeipunte in die uitvoering van hulle opvoedingstaak. Die bevinding word ook deur Randall, Cowley & Tomlinson (2000: 350) bevestig;
- Die supervisor kan versorgers begelei om hulle bestaande kennis en vaardighede te verbeter of om aan nuwe kennis en vaardighede blootgestel te word *("…also learn from your supervisor...").* Om te verseker dat versorgers oor die nodige kennis, vaardighede en hulpbronne beskik, kan volgens Azar (2000: 657) as 'n tipiese rol van 'n supervisor beskou word;
- Supervisie kan verhoed dat die kinders die slagoffers van versorgers se opgekropte spanning en frustrasie word *("Then you wont take it out on children.")*.

University of Pretoria etd, Spang E (2006)

Franz (2004: 270) stel supervisie aan versorgers voor aangesien die verhoudinge tussen die versorgers en die kinders daardeur indirek versterk word. Azar (2000: 644) meen dat supervisie 'n geleentheid aan versorgers behoort te bied om struikelblokke in die uitvoering van hulle taak vroegtydig te identifiseer en strategieë te ontwikkel om voorkomend op te tree sodat die nagevolge van die struikelblok teëgewerk kan word.

#### 4.2.5.4. Vergaderings

Die kinderversorgers ervaar nie alle vergaderings as effektief nie. Dié waarin die agenda hoofsaaklik oor die kinders handel, byvoorbeeld die *Individual Development Program*-vergaderings, word as waardevol beleef. Ander hou vir versorgers min waarde in, omdat daar oor aspekte wat die kinderversorgers as onbelangrike beskou, gepraat word of omdat sommige vergaderings ontaard in 'n stryery tussen personeel. Versorgers ervaar dat daar te veel vergaderings gehou word en dat hulle werk in die afdelings as gevolg daarvan agterweë bly, wat lei tot gevoelens van frustrasie.

As gevolg van skofwerk van die versorgers, val sommige vergaderings op tye wanneer hulle nie aan diens is nie. Versorgers verkies om nie hierdie vergaderings by te woon nie omdat hulle nie die tyd later weer af kry nie, en omdat hulle voel dat hulle geen erkenning vir die ekstra moeite kry nie. Sommige deelnemers meen dat wanneer hulle wel die moeite doen om hierdie vergaderings by te woon, dit dikwels laat begin of soms selfs afgestel word, sonder dat die versorgers vooraf in kennis gestel word van die veranderinge.

Kinderversorgers is dikwels bang om hulle ervaringe en gevoelens in vergaderings te lug omdat hulle bang is vir viktimisasie.

#### 4.2.5.5. Tekort aan personeel

Deelnemers ervaar dat die ratio van versorgers teenoor kinders te groot is. Die gevolg hiervan is dat kinderversorgers nie altyd voldoende by die kinders betrokke kan raak en oor hulle kan toesig hou nie *("...with the twenty four children, we are three child care workers - the risk is too much.")*. Watson (2002: 70) voer 'n tekort aan personeel aan as een van die redes vir ontoereikende opvoeding deur kinderversorgers. Lipsky (in Pousette & Hanse, 2002: 246) meen dat organisasies wat 'n ondersteuningsdiens aan mense lewer, meestal 'n groot werkslading het en gevolglik altyd 'n tekort aan personeel ervaar. Daar kan ook dikwels nie duidelike grense gestel word ten opsigte van die ondersteuning wat gebied word of wanneer die diens gestaak behoort te word nie. Pousette & Hanse (2002: 246) meen dat 'n tekort aan hulpbronne (soos byvoorbeeld 'n tekort aan personeel en te min tyd) lei tot oorlading en 'n groot mate van spanning by werkers kan meebring.

4.2.5.6. Werksatmosfeer

*a. Gevoel van prestasie en sukses*

Die versorgers openbaar 'n behoefte aan erkenning vir die werk wat hulle in die instansie doen *("..they must appreciate what I have done…").* Hulle voel egter dat versorgers nie die nodige erkenning kry wat hulle verdien nie *("...I am just wasting my time...they don't recognise something which I have done nicely.")*. Die oorgrote meerderheid (90 %) van die kinderversorgers wat aan die studie deelgeneem het, is die mening toegedaan dat, ten spyte van pogings om aan die kinders die beste opvoeding te bied wat hulle kan, hulle nooit reg in die oë van die instansie doen nie en dat daar slegs op hulle foute gekonsentreer word. Laasgenoemde blyk duidelik uit die volgende opmerkings deur die versorgers:

- *"…they will check all the mistakes you have done*…"
- *"...hier sal 'n ou nooit reg doen nie, jy probeer die beste doen wat jy kan*."
- *"Hulle sit net en wag om te kyk waar jy verkeerd doen om jou aan te val..."*
- *"…when you make a mistake they are on top of you."*
- *"…you can do anything but in the end they don't recognise you.*

Volgens hulle ervaring word kinderversorgers deur die bestuur van die instansie beskou as onverantwoordelik en onprofessioneel.

Kinderversorgers sou graag terugvoer wou kry oor positiewe en negatiewe aspekte in die uitvoering van hulle werk. Die spanleiers en kontroleerders se taak is volgens die versorgers om hulle te ondersteun en te motiveer, maar hulle ervaar eerder dat die persone die rol van polisieman aangeneem het en dat slegs negatiewe terugvoer oor dinge wat hulle verkeerd doen aan hulle gegee word *("The controller is the person who has to motivate you. Not a person, when he calls you you say, 'oh, what did I do now?...[she] will never call you for something positive.")*.

*b. Salaris*

Deelnemers was oor die algemeen tevrede met hulle salarisse. Alhoewel hulle meen dat hulle min vergoed word en finansiële oorlewing soms moeilik is, het hulle deur die bank gevoel dat hulle dié beroep nie beoefen vir die geld wat hulle daarmee kan verdien nie, maar ter wille van die kinders.

*c. Skofte*

Die kinderversorgers blyk tevrede te wees met die werksure. Deelnemers aan die fokusgroepbespreking het opgemerk dat agt-uur skofte ideaal sou wees, maar as gevolg van hulle afhanklikheid van openbare vervoer en hulle vrees vir misdaad, is dit nie prakties uitvoerbaar nie. Meeste van die deelnemers het opgemerk dat die wisseling tussen dag- en nagskof hulle slaappatroon versteur.

*d. Personeelverhoudinge*

Die versorgers van sommige skofte ervaar die samewerking en ondersteuning tussen kollegas as toereikend *("We work together as a team.")*. In ander skofte word egter probleme hiermee ondervind *("Between other shifts I hear stories.")*. Die gevoel onder versorgers is dat verhoudinge tussen die personeel in die algemeen nie goed is nie (veral tussen personeel van verskillende departemente, maar ook onderling tussen kinderversorgers). Swak kommunikasie tussen personeel en 'n groot mate van jaloesie en ongeduld met mekaar speel 'n rol hierin *("don't tolerate one another")*. Die versorgers ervaar dat personeel van die instansie mekaar nie kan vertrou nie *("We don't trust each other")*, en dat hulle eerder daarop ingestel is om mekaar in die moeilikheid te bring. Randall, Cowley & Tomlinson (2002: 350) beskou ook swak kommunikasie as a struikelblok vir effektiewe praktykvoering.

*e. Behoefte aan erkenning*

Al die deelnemers ervaar dat kinderversorgers in die instansie deur personeel van ander departemente as onbelangrik beskou word *("...because of certain people's attitude... ah, care workers, ah...")*. Hulle meen dat personeel van ander dissiplines op hulle neersien *("...I become hurt when the person who had looked me down there as if she is driving a Pajero and I am driving a Mini Cooper, the smallest car...")* en hulle minderwaardig laat voel *("Hulle maak jou soos 'n minderwaardige mens voel.")*. Een van die deelnemers se ervaring is dat kinderversorgers *"are treated as doormats…they are treated as nannies."* Die ervaring van versorgers dat hulle nie deur personeel van ander departemente of deur die bestuur van die instansie met respek behandel word en erkenning kry vir die werk wat hulle doen nie, het 'n negatiewe uitwerking op die verhouding tussen die kinderversorgers en maatskaplike werkers, sielkundiges en bestuur *("…we become negative towards staff, towards the social workers, towards the psychologists, towards the management…")*. Gevoelens van frustrasie en demotivering lei daartoe dat

versorgers 'n vergeldende houding teenoor hierdie dissiplines openbaar en negatief voel teenoor selfs sinvolle besluite of voorstelle wat geneem word *("…we become retaliated… sometimes they will decide something positive but we go like we are cross, because we are negative.").* Een van die versorgers beskryf dié verhoudinge as "…[there is] a wall between the child care workers and the management and the social workers…" 'n Ander noem dat hulle 'n tipe verdedigingsmeganisme teenoor die bestuur ontwikkel het. Bogenoemde ervaringe het tot gevolg dat kinderversorgers slegs hulle basiese take verrig, sonder om betrokke en entoesiasties te raak oor aktiwiteite van die instansie *("…they will not participate in anything…they will just come to work and go…')*.

Die gevoel bestaan ook dat die personeel van die instansie mekaar nie ken nie *(We know each other not that much...")* en dat personeel ook nie mekaar se rolle in die instansie ken of verstaan nie, wat lei tot onbegrip, ongeduld en frustrasie met mekaar. Een van die versorgers het opgemerk dat daar dikwels tussen personeel van verskillende departemente 'n oor en weer beskuldiging ontstaan oor wie verantwoordelik gehou moet word vir take wat ontoereikend uitgevoer word *("we just put fingers on other people, just blame other people for a mistake.')*.

Die verskynsel dat personeel mekaar vir foute blameer word in 'n studie deur Randall, Cowley & Tomlinson (2000: 347) bevestig. Hulle het bevind dat personeel betrokke by kinderversorging soms geneig is om die redes vir ontoereikende of oneffektiewe uitvoering van take voor 'n ander se deur te plaas.

Kinderversorgers is van mening dat hulle allerhande take moet verrig wat volgens hulle nie deel uitmaak van hulle taak as kinderversorgers nie en gevolglik ly hulle primêre taak skade.

*f. Bestuur van die instansie*

Dit blyk asof daar 'n negatiwiteit onder versorgers ten opsigte van die bestuur van die instansie heers. Sommige deelnemers beskryf die styl waarmee die instansie bestuur word as outokraties en dat hulle nie veel ondersteuning van die bestuur ontvang nie. Die mening word gehuldig dat vergaderings slegs 'n formaliteit is waar besluite wat vooraf deur die bestuur bespreek is, slegs aan hulle bekend gemaak word en hulle dit moet uitvoer *("…and they just write it and say you have to do it…")*. Hulle kry nie geleentheid om hulle menings te lug of werklik deel te hê aan besluite nie. Dikwels is hierdie opdragte onprakties of selfs onmoontlik om uit te voer. Swanepoel, Erasmus, Van Wyk & Schenk (1998: 89) meen dat wanneer werknemers nie by besluitnemings betrek word nie dit lei tot gevoelens van frustrasie by diegene wat graag 'n meer aktiewe rol in die instansie wil vertolk. Daar bestaan 'n gevoel dat groepleiers en kontroleerders nie hulle taak na behore uitvoer nie.

Sommige deelnemers vind die bestuur rigied en onbuigsaam. Voorstelle om nuwe dinge te ondersoek en praktyke van die verlede aan te pas word dikwels van die hand gewys, soos blyk uit die volgende aanhalings deur deelnemers:

- *" there are those who tell themselves I've been doing this for 20 years, why must I change now?"*
- *"…they don't even want to try it…"*

Een van die versorgers noem dat sy voorheen gewaarsku is om nie te probeer om die instansie te verander nie *("they told me 'you are not going to change [institutions name]'")*.

Deelnemers toon 'n behoefte aan iemand wat na hulle probleme luister en bereid is om te help om dit op te los aangesien dit hulle werk negatief beïnvloed *("Somebody who can listen to your problem…"* en *"…somebody who can listen and [is] just willing to help.")* en *"Because ... I can't do my job properly if I am not happy.").*

Daar word ook melding gemaak dat persone wat hulle mening lug dikwels geïntimideer, geviktimiseer en teen gediskrimineer word *("...you just voice out your feelings and whatever, then you become discriminated, you become intimidated, you become a victim.")*. Die versorgers is bewus daarvan dat sulke gebeure en ongelukkigheid wat daarmee gepaard gaan ook 'n invloed op die kinders het en dat kinders neig om negatiewe situasies tussen kollegas uit te buit *("...if we mistreat each other they will also see and they will have a way of manipulating the whole situation.")*

Die studie deur Randall, Cowley & Tomlinson (2000: 348, 351) het bevind dat bestuurders wat hulle werkers beskerm teen oorweldigende eise, hoë standaarde koester en duidelike grense vir hulle werknemers stel deur hulle te lei tot prioretisering en om nie verantwoordelikheid te neem vir take wat nie uitgevoer kan word nie, meer sukses in die bestuurstaak behaal het.

*g. Outonomiteit*

Sommige versorgers spreek die mening uit dat hulle nie deur die bestuur vertrou word met die uitvoering van hulle taak nie, maar dat hulle in alles voorgeskryf word *("…now the management or superintendent decides for you…")*. Hulle is egter van mening dat hulle professionele persone is wat met die kinders se opvoeding vertrou behoort te word *("management should know that they can trust the child care workers, because we are professionals.").* Selfs spontane aktiwiteite met die kinders kan

skynbaar nie gedoen word nie, omdat hulle vooraf vir alles wat hulle wil aanpak toestemmings moet vra. Die versorgers voel dat hulle bewus is van gevolge en gevare van besluite en dat hulle verantwoordelik genoeg optree om met 'n groter mate van outoriteit vertrou te word *("I want to have some authority , not always to have to ask.")*.

Versorgers het nie beheer oor sporttoerusting nie en dié moet ook vooraf bespreek word, wat dikwels probleme skep omdat die kontroleerder daarvan slegs tot 16:00 aan diens is en versorgers se skofte om 17:00 ruil.

4.2.5.7. Verhouding tussen persoonlike lewe en werk

*a. Invloed van versorgers se persoonlike lewe op hulle werk*

Drie van die deelnemers het tydens die afneem van die onderhoud melding gemaak van persoonlike aangeleenthede wat 'n invloed het of gehad het op die wyse waarop hulle met die kinders omgaan (egskeiding/alkoholisme, HIV, dood van geliefde).

Een van die deelnemers noem dat haar werk vir haar 'n ontvlugtingsplek is en dat sy haar persoonlike probleme opsy skuif wanneer sy aan diens is *("... when I am at [institution], it seems I don't have problems, and I got.")*.

Drie van die deelnemers het verwys na die onmisbare rol wat hulle geloof in die uitvoering van hulle taak speel *("…I pray very hard…").*

*b. Invloed van werk op persoonlike lewe*

Deelnemers voel dat die werk hulle gesinslewe beïnvloed deurdat hulle nie altyd die nodige tyd en energie het om na hulle eie gesinne om te sien soos wat hulle voel hulle behoort te doen nie *("Sometimes, when I arrive at home, I don't want anything. I can ay 'no, I am tired. I'm tired, leave me alone... I got too much from [institution]"* en *"When I go home…I don't expect my son to give me problems…I want to rest")*. Hulle familielede toon ook nie altyd begrip vir hulle werksomstandighede en -eise nie *("My husband was complaining...You don't take care of us anymore")*.

Een van die deelnemers het opgemerk dat sy altyd in 'n slegte bui is en nie lus voel om te lag nie. Wanneer sy by die werk is, voel dit vir haar of sy ter wille van die kinders moet voorgee dat sy gelukkig is, maar wanneer sy by die huis is kan sy uiting gee aan haar negatiewe gevoelens, met die gevolg dat haar gesin haar as 'n negatiewe en nors mens ervaar.

University of Pretoria etd, Spang E (2006)

## 4.3. SAMEVATTING

Vanuit die resultate blyk dit dat kinderversorgers die kinders in hulle sorg se belange op die hart dra. Hulle toon begrip vir die behoeftes van die kinders en wat hulle opvoedingstaak behels. Spesifieke eienskappe wat versorgers volgens hulle ervaring as belangrik beskou vir die uitvoering van hulle opvoedingstaak, soos om byvoorbeeld 'n positiewe ingesteldheid te hê en die kinders onvoorwaardelik te aanvaar, is uitgewys. Die gedragspatrone wat kinderversorgers by die kinders in 'n plek van veiligheid teëkom, is bespreek. Laastens blyk dit asof hulle werksomgewing en -atmosfeer, die kinderversorgers negatief stem en 'n negatiewe invloed op die uitvoering van hulle opvoedingstaak het.

# HOOFSTUK 5

# OPSOMMING, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

## 5.1. INLEIDENDE OPSOMMING VAN DIE STUDIE

Kinders wat uit hulle ouerhuise verwyder en in 'n plek van veiligheid opgeneem word toon spesifieke opvoedingsbehoeftes. In **hoofstuk 1** word 'n agtergrond tot die studie verskaf wat dui op die verantwoordelikheid wat op kinderversorgers rus om dié kinders toereikend op te voed. Die doel van die studie word verduidelik naamlik om die ervaringe van kinderversorgers in hulle rol as opvoeders in 'n plek van veiligheid te verken en te beskryf om sodoende tot beter begrip te kom van wat hulle as hulle opvoedingstaak beskou en watter uitdagings hulle in die uitvoering van hulle taak ervaar. Die primêre navorsingsvraag is gestel: **Wat is die ervaringe van kinderversorgers in hulle rol as opvoeder van kinders in 'n plek van veiligheid?** Om die primêre navorsingsvraag te beantwoord is die volgende newe vraagstellings ondersoek:

1) Wat beskou kinderversorgers as hulle taak as opvoeders van kinders in 'n plek van veiligheid?
2) Watter vereistes stel die taak van opvoeding van kinders in 'n plek van veiligheid?
3) Wat ervaar kinderversorgers as bydraende faktore tot die wyse waarop hulle die taak as opvoeder uitvoer?

Die sleutelbegrippe *plek van veiligheid* en *kinderversorger* is omskryf en die navorsingsontwerp is bespreek.

**Hoofstuk 2** bied 'n literatuur oorsig rakende die doel van 'n plek van veiligheid, wat die opvoeding van kinders behels asook die spesifieke opvoedingsbehoeftes van kinders in 'n plek van veiligheid. Die algemene gedrag wat kinders in 'n plek van veiligheid openbaar, is kortliks bespreek. Kinderversorgers wat verantwoordelik is vir die opvoeding van die kinders in 'n plek van veiligheid kom voor 'n taak te staan wat uitdagende eise aan hulle stel en 'n groot mate van bekwaamheid verg. Dié unieke opvoedingsopgaaf word ondersoek deur te verwys na die belangrike rol wat versorgers vertolk asook wat hulle opvoedingsrol behels. Ten laaste is gelet op faktore wat die opvoedingstaak van versorgers beïnvloed.

In **hoofstuk 3** word die navorsingsontwerp en -verloop in detail uiteengesit. Hierdie kwalitatiewe studie het die vorm van 'n gevallestudie aangeneem en is vanuit die interpretivistiese paradigma benader. Die seleksie van deelnemers en plek waar die navorsing gedoen is, is bespreek. Data is van vyf kinderversorgers verteenwoordigend van die seuns-, dogters- en kleuterafdelings, deur middel van

University of Pretoria etd, Spang E (2006)

ongestruktureerde onderhoude met 'n skedule versamel. Na afloop van die onderhoude is 'n fokusgroepbespreking gehou waaraan vyf ander kinderversorgers deelgeneem het. Met behulp van veldnotas en 'n reflekterende joernaal is daar boek gehou van die navorser se eie ervaringe ten opsigte van die ingesamelde data en navorsingsproses. 'n Inhoudsanalise van die versamelde data is gedoen en die data is geïnterpreteer. Kruisvalidasie is toegepas om die geldigheid en vertroubaarheid van die resultate te bevorder. Die navorser het voortdurend sensitief gebly vir die rol wat sy as navorser moes vertolk en etiese kwessies is in gedagte gehou tydens die uitvoering van die navorsing. Die beperkinge van die studie ten opsigte van die navorser, deelnemers en data is uitgewys.

**Hoofstuk** 4 bevat 'n uiteensetting van die navorsingsresultate. 'n Literatuurkontrole is ingesluit om ooreenkomste en weersprekings tussen die resultate en die literatuur uit te wys. Die verslag word afgesluit met gevolgtrekkings en aanbevelings in **hoofstuk** 5.

## 5.2 BEVINDINGE

### 5.2.1. Bevindinge aan die hand van die navorsingsvrae

*1) Wat beskou kinderversorgers as hul taak as opvoeders van kinders in 'n plek van veiligheid?*

- Kinderversorgers beskryf die opvoedingstaak van kinders in 'n plek van veiligheid as emosioneel dreinerend en fisiek uitputtend. Sommige deelnemers was aanvanklik nie voorbereid op die uitdaging wat op hulle gewag het nie, maar het mettertyd vaardighede aangeleer om by die omgewing aan te pas.
- Hulle primêre taak word deur versorgers beskou as om na die kinders om te sien, daarom behoort hulle ten alle tye in belang van die kind op te tree.
- Versorgers spandeer baie tyd saam met die kinders en voel dat hulle die kinders beter as personeel van ander afdelings ken.
- Onvoorwaardelike aanvaarding van die kinders word as belangrik beskou omdat die versorgers meen dat 'n kind se agtergrond en/of gedrag nie noodwendig impliseer dat hy 'n slegte persoon is nie. Versorgers poog om vir die kinders ruimte te skep waarbinne hulle uitdrukking aan hulle emosies kan gee omdat hulle ervaar dat dit die kinders se gedrag verbeter. Empatie word as grondvoorwaarde vir begrip vir die kind en sy wêreld beskou.
- Deelnemers in van mening dat die verhouding tussen 'n versorger en 'n kind altyd professioneel moet bly. Hulle tref onderskeid tussen om *lief te wees* vir 'n kind en om vir hom *om te gee.* Alhoewel versorgers die belange van die kinders op die hart moet dra, intensiveer liefde vir 'n kind die pyn wanneer die kind en versorger van mekaar skei.
- Ervaring as ouer speel 'n rol in die wyse waarop kinderversorgers hulle taak uitvoer.

- Volgens die deelnemers is dit belangrik dat kinderversorgers 'n positiewe ingesteldheid teenoor hulle werk sal hê. Om perspektief te behou is dit dikwels vir hulle nodig om hulleself te herinner dat hulle die moeilike taak ter wille van die kinders doen.
- Deelnemers is van mening dat versorgers deel van 'n multidissiplinêre span moet uitmaak wanneer dit kom by besluitneming aangaande die kind en sy toekoms, maar ervaar egter dat dit nie by die instansie so gebeur nie.
- Versorgers beskou dit as hulle verantwoordelikheid om 'n positiewe rolmodel vir die kinders in hulle sorg te wees. Hulle toon insig in die feit dat hulle voorlewing vir kinders as maatstaf vir gedrag dien.

2) *Watter vereistes stel die taak van opvoeding van kinders in 'n plek van veiligheid aan kinderversorgers?*

- Versorgers beskou dit as hulle taak om in die kinders se behoeftes op fisieke, emosionele en sosiale vlak te voorsien. Op die fisieke vlak benodig kinders kos, klere en veilige behuising. Op die emosionele vlak ervaar die kinders, na die versorgers se ervaring, behoefte aan liefde, warmte, aandag. Versorgers poog om die kinders in hulle sorg te leer ken ten einde tot begrip van die kind en die ervaring van sy wêreld te kom. Hulle beskou verhoudingstigting en -instandhouding met die kind as fundamenteel. Kommunikasie met die kinders is vir hulle belangrik en hulle let ook op na die kind se verbale en nie-verbale boodskappe om tot beter begryping van sy behoeftes te kom. Hulle laat ruimte vir die kinders om oor enige onderwerp met hulle te gesels en erken die belangrikheid daarvan om ten alle tye eerlik met die kind te wees.
- Die opvoedingstaak van kinders in 'n plek van veiligheid vereis dat versorgers fisiek en emosioneel beskikbaar moet wees om die kinders te ondersteun. Deur saam met die kinders aan aktiwiteite deel te neem en hulle gedrag te observeer, kry versorgers die geleentheid om kinders te leer ken. Die deelnemers is van mening dat kinders ook toegelaat moet word om die versorgers te leer ken.
- Kinderversorgers toon begrip vir die agtergrond waaruit 'n kind kom en erken die invloed wat die ouers se voorlewing op sy ontwikkeling en gedrag het. Deelnemers sou graag meer inligting aangaande elke individuele kind se agtergrond wou bekom omdat dit hulle in staat sal stel om meer effektiewe ondersteuning aan die kind te bied. Hulle stel voor dat ouers meer betrek en ondersteun moet word.
- Empatie met die kind en sy situasie word deur kinderversorgers as bydraend tot begryping van die kind gesien. Empatiese luister word as voorwaarde vir empatie gestel.

- Hulle beskou dit as hulle taak om die negatiewe betekenis wat die kind op grond van sy vorige ervaringe aan homself en die wêreld toegesê het, te wysig.
- Kinderversorgers huldig die mening dat dissiplinering van die kinders nie 'n straf nie, maar eerder 'n leergeleentheid is. Versorgers beskou dit as hulle taak om aan kinders die gevolge van hulle gedrag uit te wys en beskou dissiplinering as suksesvol wanneer dit 'n positiewe verandering in die kind se gedrag teweeg bring. Verskillende metodes van dissiplinering word toegepas. Versorgers maak gebruik van 'n "booking"-sisteem en pas detensie toe wanneer die kind nodig het om in afsondering te kalmeer. Deur met die kind te gesels oor wat verkeerd geloop het, blyk die mees effektiewe metode te wees. Dissipline behoort konsekwent toegepas te word, alhoewel daar nie konsensus is oor die mate waartoe dit so by die instansie gebeur nie. Deelnemers meen dat kinders riglyne vir aanvaarbare gedrag nodig het en verlang duidelik uiteengesette reëls waarby die gevolge van elke oortreding uitgespel word. Dit sal aan beide kinders en versorgers riglyne ten aansien van konsekwente dissiplinering bied.
- Versorgers en kinders behoort mekaar se kulturele gewoontes te leer ken en te aanvaar.

3) *Wat ervaar kinderversorgers as bydraende faktore tot die wyse waarop hulle die taak as opvoeder uitvoer?*

- Kinderversorgers openbaar 'n negatiewe ingesteldheid teenoor die wyse waarop die instansie bestuur word. Hulle beskryf dit as outokraties, rigied en onbuigsaam en is van mening dat hulle nie deel het aan besluitnemingsprosesse nie.
- Sommige vergaderings word deur die versorgers as oneffektief ervaar. Hulle huldig die mening dat te veel vergaderings gehou word, en dat hulle werk gevolglik agter raak. Versorgers erken dat hulle nie hulle opinies lug of hulle ervaringe in vergaderings deel nie, omdat hulle bang is vir viktimisasie. Bogenoemde ervaringe kulmineer in gevoelens van frustrasie.
- Deelnemers ervaar dat die verhouding van die aantal kinders teenoor die aantal versorgers te groot is om hulle taak na behore te kan uitvoer.
- Kinderversorgers ervaar dat hulle deur die bestuur van die instansie as onbekwaam en onverantwoordelik in die uitvoering van hulle taak beskou word. Hulle ervaar dat hulle nie erkenning kry vir goeie werk nie, maar dat daar meestal net op negatiewe aspekte gekonsentreer word. Hulle toon 'n behoefte aan 'n groter mate van ondersteuning deur die bestuur van die instansie.
- Die algemene gevoel onder deelnemers is dat verhoudinge tussen personeel in die instansie ongunstig is. Swak kommunikasie, jaloesie, wantroue en ongeduld word deur

University of Pretoria etd, Spang E (2006)

deelnemers as bydraende faktore geïdentifiseer. Die ervaring dat hulle nie die onderskeie rolle wat elkeen in die instansie vertolk, verstaan nie, speel ook hier 'n rol.

- Kinderversorgers toon 'n behoefte aan 'n groter mate van outonomiteit. Hulle meen dat hulle bekwaam en verantwoordelik genoeg is om soms selfs besluite te neem en dat dit demotiverend is wanneer die bestuur aan hulle voorskryf wat om te doen.
- Deelnemers blyk tevrede te wees met die skofte wat hulle werk en salaris wat hulle verdien.
- Versorgers ervaar dat hulle persoonlike lewe dikwels 'n invloed het op die wyse waarop hulle teenoor die kinders reageer. Hulle is ook van mening dat hulle werk hulle persoonlike lewe beïnvloed. Hulle het dikwels nie genoeg fisieke en psigiese energie om hulle rol in hulle eie gesin na behore te vertolk nie en hulle familielede toon nie altyd begrip vir hulle werkomstandighede en -eise nie.
- Deelnemers toon 'n behoefte aan supervisie waar aan hulle geleentheid gegun word om in 'n veilige omgewing oor hulle ervaringe te reflekteer en leiding deur 'n meer ervare persoon in die veld van kinderversorging te ontvang.

### 5.2.2. Verdere bevindinge ten opsigte van die gedrag van die kinders

Die versorgers ervaar dat die kinders in hulle sorg hulle goed ken in terme van hulle voor- en afkeure en gedurig die grense vir aanvaarbare gedrag toets deur hulle uitdagende optrede. Hulle openbaar aandagsoekende gedrag wat van versorgers vereis om te identifiseer watter gedrag dringende aandag verlang. Kinders in 'n plek van veiligheid toon dikwels min respek vir hulle versorgers. Hulle is jaloers op mekaar en verwag dat versorgers hulle eenders sal hanteer. Kinders uit verskillende agtergronde word saam in die versorgingsafdelings gehuisves wat daartoe aanleiding gee dat kinders negatiewe gedrag van mekaar aanleer. Aggressiewe en depressiewe gedrag kom ook dikwels voor en probleme ten opsigte van skool en skoolwerk is algemeen. Ander gedragsvorme wat versorgers by kinders teëkom is dwelmmisbruik, selfmutilasie en dros.

## 5.3. GEVOLGTREKKINGS

### 5.3.1. Hoofstuk 1:

- Kinderversorgers speel 'n belangrike rol in die "heropvoeding" van kinders wat uit 'n ontoereikende opvoedingsmilieu kom.
- Opvoeding van kinders in 'n plek van veiligheid is 'n vermoeiende taak wat lei tot gevoelens van moedeloosheid, magteloosheid en vasgelopendheid by kinderversorgers.
- Om versorgers na behore te ondersteun en op te lei, is dit nodig om ondersoek in te stel na hoe hulle die taak as opvoeder in 'n plek van veiligheid ervaar.

### 5.3.2. Hoofstuk 2:

- Die doel van 'n plek van veiligheid is om aan die kind 'n veilige omgewing te bied waar hy ondersteuning ontvang, in sy behoeftes voorsien word en sy vordering gemonitor word.
- Die ontoereikende opvoedingsmilieu waaraan die kind blootgestel was voor hy in die plek van veiligheid opgeneem is, het 'n bepaalde effek op sy ontwikkeling en persoonsontplooiing en wat aanleiding gee tot spesifieke behoeftes en gedragspatrone by die kind.
- Die uniekheid van die kind in 'n plek van veiligheid stel 'n unieke opvoedingsopgaaf aan die kinderversorgers.
- Faktore buite die opvoeding van die kind (byvoorbeeld die versorger se werksomgewing) speel 'n rol in die wyse waarop kinderversorgers hulle opvoedingstaak uitvoer

### 5.3.3. Hoofstuk 3:

- 'n Kwalitatiewe studie vanuit die interpretivistiese paradigma word as die beste wyse beskou om werklik by die persoonlike betekenis wat versorgers aan hulle rol as opvoeder gee, uit te kom.
- Ongestruktureerde onderhoude met 'n skedule en 'n fokusgroepbespreking as data-insamelingstegnieke skep 'n geleentheid vir interaksie tussen die navorser en kinderversorgers wat bydra tot die insameling van geldige en betroubare data.

### 5.3.4. Hoofstuk 4:

- Kinderversorgers toon begrip vir die behoeftes van die kinders in hulle sorg.
- Hulle blyk oor die basiese kennis te beskik van wat hulle opvoedingstaak behels op grond van die kinders in 'n plek van veiligheid se spesifieke behoeftes.
- Ontevredenheid bestaan oor die wyse waarop die instansie bestuur word.
  Kinderversorgers se frustrasie met die werksomgewing lei tot passiwiteit, negatiwiteit, demotivering en 'n vergeldende ingesteldheid teenoor die bestuur van die instansie.
- Vanuit die navorsingsresultate blyk dit dat die kinderversorgers negatief teenoor die bestuur van die instansie is, mekaar nie vertrou nie en onbuigsaam in hulle houdinge en oortuigings ten opsigte van die instansie is. Hierdie simptome word deur Freudenberger (in Decker, Bailey & Westergaard, 2002: 62; sien 2.5.1) as kenmerkend van uitbranding beskou. Hy meen dat uitbranding 'n effek op die fisieke, geestelike en emosionele welstand van kinderversorgers het en wat kan resulteer in die ontoereikende uitvoering van die opvoedingstaak deur versorgers. Maslach & Jackson (in Azar, 2000: 645) meen dat

University of Pretoria etd, Spang E (2006)

uitbranding verband hou met emosionele oorlading, "depersonalization" en 'n afname in persoonlike prestasie. Die faktore wat die outeurs as kenmerkend van uitbranding beskryf, blyk ook by die meerderheid kinderversorgers voor te kom, veral ten opsigte van hulle houding teenoor die bestuur van die instansie, byvoorbeeld:

- Lae frustrasie toleransie en raak maklik geïrriteerd;
- Gou met aggressiewe reaksies;
- Die gevoel dat ander daarop uit is om hulle te na te kom;
- Openbaar rigiede denkpatrone, hardkoppigheid en onbuigbaarheid.

Volgens die navorsingsresultate geniet die kinderversorgers die werk wat hulle doen en hulle dra die kinders se belange op die hart. Hulle betrokkenheid by die kinders stel egter hoë eise aan hulle op fisieke en emosionele gebied. Die uitputting wat met dié taak gepaard gaan lei tot gevoelens van frustrasie by die versorgers wat deur die gebrek aan ondersteuning wat hulle ervaar, geïntensiveer word. Die moontlikheid bestaan dat versorgers dit makliker vind om die blaam op die bestuur van die instansie te plaas as om te erken dat hulle taak van heropvoeding die grootste bron van uitbranding is. Laasgenoemde kan versorgers laat voel dat hulle nie opgewasse vir hulle taak is nie.

Soos bespreek in hoofstuk 2 (p. 22), is kinderversorgers op soek na 'n identiteit in die instansie (Decker, Bailey & Westergaard, 2002: 63). Uit die navorsingsresultate blyk dit egter dat kinderversorgers ervaar dat hulle as onbekwaam beskou word, wat lei tot gevoelens van magteloosheid en frustrasie. Versorgers is van mening dat hulle kennis en vaardighede as opvoeders nie erken word nie en dat personeel van ander departemente op hulle neersien. Daar word dus aan geen van die gestelde vereistes vir die ontwikkeling vir 'n identiteit in die instansie, volgens Decker, Bailey & Westergaard (2002: 63) voldoen nie (sien 2.5), wat impliseer dat versorgers 'n mate van vervreemding en isolasie in die instansie ervaar. Volgens Swanepoel , Erasmus, Van Wyk & Schenk (1998: 87) lei konflik tussen lede van 'n groep tot 'n swakker kwaliteit werk wat deur werkers gelewer word. Dié outeurs stel dat lede in 'n groep behoort te ervaar dat *"…[they] belong together in some or other sense because of the common objectives which they collaboratively try to achieve… because their behaviour can influence each other and the extent to which they achieve their common objectives."*

### 5.3.5. Beperkinge van die studie

As gevolg van die beperkte omvang van die studie is veralgemening van die resultate beperk. Data is slegs van 'n derde van die versorgers by een instansie ingesamel.

### 5.3.4. Etiese aspekte

University of Pretoria etd, Spang E (2006)

- Deelnemers se privaatheid word gerespekteer wat impliseer dat hulle identiteit beskerm word en dat alle inligting wat hulle gedeel het, as vertroulik beskou word;
- Geskikte navorsingsmetodes is geïdentifiseer en deurgaans noukeurig toegepas;
- Tydens die interpretasie van die data is die konteks waarin die kinderversorgers hulle bevind in gedagte gehou;
- Bevindinge is akkuraat weergegee.

## 5.4. AANBEVELINGS

### 5.4.1. Vir praktykaanpassing in die instansie

- Alhoewel kinderversorgers begrip toon vir wat hulle taak as opvoeders behels, behoort daar egter leiding aan kinderversorgers gegee te word met betrekking tot aspekte waar die opvoedingspraktyk steeds verbeter kan word. Kinderversorgers behoort byvoorbeeld daarop attent gemaak te word dat 'n klemverskuiwing van kinders se negatiewe gedrag na positiewe gedrag 'n gunstige verandering in die atmosfeer in die versorgingsafdelings en die kinders se gedrag sal meebring. In plaas daarvan om vir kinders voortdurend op hulle oortredings en taboes te wys, behoort die fokus eerder te val om hulle te prys vir goeie en gewenste gedrag. Doelgerigte opleiding kan hier 'n sinvolle bydrae lewer.
- Kinderversorgers behoort gereelde supervisie te ontvang om hulle te ondersteun en te lei in die uitvoering van hulle uitdagende taak van opvoeding van kinders in 'n plek van veiligheid. Geleentheid moet aan kinderversorgers gegun word om oor hulle eie opvoedingservaringe in 'n plek van veiligheid te reflekteer. Daarmee saam word ruimte geskep waar leiding en ondersteuning aan die versorgers gebied kan word ten opsigte van elkeen se afsonderlike groeipunte in die opvoedingstaak, terwyl erkenning vir take wat goed uitgevoer word, ewe belangrik is.
- Uit die resultate blyk dit dat die styl waarmee die instansie tans bestuur word, die kinderversorgers stem tot 'n houding van negatiwiteit en vergelding. Hierdie houding resulteer in 'n afname in die werkskwaliteit van die versorgers en gevolglik lei die kinders daaronder. 'n Ondersoek na die ervaringe van die bestuur en personeel in ander departemente behoort met die bevindinge van hierdie studie geïnkorporeer te word met die oog op aanpassing van werkswyse van die bestuur in oorleg met die ervaringe van die kinderversorgers en die ander personeel. Soos bespreek in hoofstuk 2, beskou McDonnell en Simpson (1994: 25) dat 'n verandering in die werksomgewing van die kinderversorgers die mees effektiewe wyse is om die kwaliteit versorging wat kinders ontvang, te verhoog.

### 5.4.2. Vir verdere navorsing

University of Pretoria etd, Spang E (2006)

Die volgende aanbevelings word ten opsigte van verdere navorsings in die veld gemaak:

- 'n Voortsetting van die studie wat sal bydra om dit wat deur die personeel as bates in die instansie beskou word, te identifiseer. Met die kinderversorgers, bestuur en ander personeel as vennote, behoort wyses waarop dié bates gemobiliseer kan word om sodoende die versperrings in die uitvoering van die opvoedingstaak soos wat uit hierdie studie na vore gekom het, te oorkom.
- Navorsing aangaande die wyse waarop die kinders in die instansie die opvoeding wat hulle van die kinderversorgers ontvang, ervaar.
- Navorsing wat die effektiewe bestuur van 'n plek van veiligheid in besonderhede ondersoek.
- Navorsing wat die invloed van kinderversorgers se eie ervaringe as kinders in die uitvoering van hulle opvoedingstaak ondersoek

## 5.5. SLOTOPMERKINGS

> *Ons grootste plig teenoor ons kinders is om hulle te help om die wêreld waarin hulle leef te verstaan en daarin te funksioneer, nie die wêreld wat ons ken of sou verkies om te hê nie.* (Grayson Kirk)

Kinderopvoeding in 'n plek van veiligheid is voorwaar 'n komplekse verskynsel. Dié verantwoordelikheid bied aan kinderversorgers 'n uitdagende en veeleisende taak. Dit verg van versorgers om dikwels hulle eie behoeftes tweede te stel en deurentyd sensitief te bly vir die behoeftes van die kind. Die kind se ervaringe van homself en sy wêreld behoort die vertrekpunt vir ondersteuning van die kinders te wees, met die doel om die kind te begelei om sy eie potensiaal te ontgin en toereikend te aktualiseer voor oë, sodat hy as 'n goed aangepaste individu in sy wêreld kan funksioneer. Op grond van die hoë eise wat opvoeding van kinders in 'n plek van veiligheid op fisieke en emosionele vlak aan kinderversorgers stel, behoort 'n stewige ondersteuningstelsel wat deur begrip en leiding gekenmerk word, aan kinderversorgers gebied te word sodat hulle hulle taak as opvoeders toereikend kan uitvoer.

BRONNELYS

Adler, A. (1998). Understanding children with emotional problems. **The Journal of Humanistic Psychology**, Volume 38 (1), pp 121 - 127. Onttrek op 11 Maart 2003 van InfoTrac Web: Expanded Academic ASAP.

Argyle, M. (1999). The development of social coping skills. In Frydenberg, E. (ed.). **Learning to cope.** Oxford: Oxford University Press. pp. 81 - 106.

Azar, S.T. (2000). Preventing burnout in professionals and paraprofessionals who work with child abuse and neglect cases: a cognitive behavioral approach to supervision. **Psychotherapy in practise**, Volume 56 (5), pp. 643 - 663. Onttrek op 13 Oktober 2005 vanaf EBSCOHOST.

Babbie, E. & Mouton, J. (2001). **The practice of social research.** South African edition. Cape Town; Oxford: Oxford University Press.

Berridge, D. (2002). Residential care. In McNeish, D. Newman, T. Roberts, H. (2002). **What works with children**? effective services for children and families. Philadelphia: Open University Press. pp. 83 - 103.

Berry, S. (2004). **HIV & AIDS in South Africa.** Onttrek op 18 Oktober 2005 vanaf http://.avert.org/aidssouthafrica.htm.

Braxton, Earl T. (1995). Angry children, frightened staff: implications for training and staff development. **Residential treatment for children & youth**, Volume 12 (1), pp. 25 - 33.

Botha, H. (2002). What can repair a father's betrayal? **Children First.** Volume 7, (46), pp. 32 - 35.

Bower, M. (1995). Organisations. In Trowell, J. & Bower, M. **The emotional needs of young children and their families: using psychoanalytic ideas in the community.** London: Routledge.

Casey, RJ. (1996). Emotional competence in children with externalising and internalizing disorders. In **Emotional development in atypical children.** Mahwah, New Jersey: Lawrance Erlbaum associates publishers. pp. 161 - 183.

Constitutional Court of South Africa. **Children's Rights.** Onttrek op 23 September 2005 vanaf www.concourt.gov.za/text/rights/know/children.html.

Cohen, L., Manion, L., Morrison, K. (2000). **Research methods in education** (5th edition). London:. Routledge Falmer.

Corsini, R.J. (2002). **The dictionary of psychology.** Philidelphia, Hove: Brunner Routledge.

Creswell, J.W. (1998). **Qualitative inquiry and research design.** London: SAGE Publications.

Creswell, J.W. (2003) **Research design: qualitative, quantitative and mixed methods approaches** (2nd edition). California: SAGE Publications.

Daresh, J.C. (2001). **Supervision as proactive leadership** (3rd edition). Prospect Heights Ill: Waveland Press.

Decker, J.T., Bailye, T.L., & Westergaard, N. (2002). Burnout amongst child care workers. **Residential treatment for children & youth,** Volume 19 (4), pp. 61 - 77. Binghampton, NY: The Haworth Press.

De Klerk, R. & Le Roux, R. (2001). **Emosionele Intelligensie.** Kaapstad, Pretoria, Johannesburg: Human & Rosseau

De Klerk, R. & Le Roux, R. (2003). **Emosionele Intelligensie vir kinders en tieners.** Kaapstad, Pretoria, Johannesburg: Human & Rosseau.

Departement van Gesondheid: Suid Afrika. (1994). **Die Suid Afrikaanse Geneeskundige en Tandheelkundige Raad: Reëls wat die handelinge of versuime uiteensit ten opsigte waarvan 'n beroepsraad en die raad tugstappe kan doen.** Government Gazette No. R.1379.

De Vos, A.S. Schurink, E.M. Strydom, H. (1998). The nature of research in the caring professions. In De Vos, A.S. (ed.) **Research at grass roots. A primer for the caring professions.** Pretoria: Van Schaik Publishers. pp. 3 - 22.

Donald, D. Lazarus, S. & Lolwana, F. (2002) **Educational psychology in social context** (2nd edition). Cape Town; Oxford: Oxford University Press.

Durrheim, K. Terre Blanche M. (2002) **Research in practice. Applied methods for the social sciences.** Cape Town: University of Cape Town Press.

Dwivedi, K.N. (1993). Emotional development. In Dwivedi, K.N. (ed) **Group work with children and adolescents.** London, Bristol, Pennsylvania: Jessica Kingsley publishers.

Egan, G. (2002). **The skilled helper** (7th edition). United States of America: Brooks/Cole.

Eloff, I. (2003). Introducing the asset-based approach to life-skills counselling. In Ebersöhn, L. Eloff, I. (2003). **Life skills & Assets.** Pretoria: Van Schaik Publishers.

Edgar, D. (1999). Families as the crucible of competence in a changing social ecology. In Frydenberg, E. (ed.). **Learning to cope.** New York: Oxford University Press. pp. 109 - 129.

Evans, K. Gilbert, M.C. (2000). **Psychotherapy supervision: in integral relational approach to psychotherapy supervision.** Great Brittain: Biddles Ltd.

Fouche, C.B. & De Vos, A.S. (1998). Selection of a research design. In De Vos, A.S. (ed.) **Research at grass roots. A primer for the caring professions.** Pretoria: Van Schaik Publishers. pp. 122 - 137

Franz, B.S. (2004). Predictors of behavioral and emotional problems of children placed in children's homes in Croatia. **Child and family social work**, Volume 9, pp. 265 - 271. Onttrek op 13 Oktober 2005 vanaf EBSCOHOST.

Froeschle, J., Moyer, M. (2004). Just cut it out: Legal and ethical challenges in couselling students who self-mutilate. **Professional school counselling**, Volume 7 (4), pp. 231 - 235. Onttrek op 16 September 2005 vanaf EBSCOHOST.

Gibson, K. Swartz, L. Sandenbergh, R. (2002). **Counselling and Coping.** Oxford: Oxford University Press.

Goleman, D. (1995). **Emotional intelligence.** Great Brittain: Clays Ltd.

Griessel, J.A. & Oberholzer, M.O. (1994) Philosophy of education: a study for manual beginners. Pretoria: Via Africa.

Henning, E. (2004). Finding your way in qualitative research. Pretoria: Van Schaik Publishers.

Hunter, M. (2001). Psychotherapy with young people in care. Lost and found. Sussex: Bruner Routledge.

Jackson, S. (2002). Promoting stability and continuity in care away from home. In McNeish, D. Newman, T. Roberts, H. (2002). What works with children. Philadelphia: Open University Press. pp 37 - 58.

Jantz, G.L. (2003). Moving beyond depression. Colorado: Shaw Books.

Karson, M. (2001). Patterns of child abuse: How dysfunctional transactions are replicated in individuals, families, and the child welfare system. New York: Haworth Maltreatment and Trauma Press.

Kay, J. (2003). A practical guide to protecting children (2nd edition). New York: Continuum.

Khana Appraisal of Children Affected by HIV/AIDS. (2000). Appraisal of needs and resources in Cambodia. Summary report. Pamphlet 93, Jan - May 2000.

Kretzmann, J.P. & McKnight, J.L. (1993). Building communities from the inside out. A path toward finding and mobilizing a community's assets. Chicago. ACTA Publications.

Le Roux, J., Pretorius, J.W.M., Engelbrecht, C.S., Smit, M.E., Olivier, M.A.J., Meyer, L.W. & Kotze, J.M.A. (1992). Temas in die sosiopedagogiek. Pretoria: Van Schaik Publishers.

Leedy, P.D. & Ormrod, J.E. (2001). Practical Research: planning and design (7th edition). Upper Saddle River, NJ: Merill.

Lindon, J. (1998). Child Protection and early years. Great Brittain: Hodder & Stoughton Educational.

Little, M. (1999). New research on residential care. **Children & society**, Volume 13 (1). pp. 61 - 66.

Louw, D.A., Van Ede, D.M. & Louw, A.E. (1998). **Menslike ontwikkeling** (Derde uitgawe). Pretoria: Kagiso Uitgewers.

Mbambo, B. (2005). Forget survivor, let's get back to storytelling. **Children First**, Volume 9 (62), pp. 14 - 16.

McDonnel, W.A. & Wilson-Simpson D. (1994). Atmosphere assessment in residential treatment. **Residential treatment for children & youth**, Volume 12 (1), pp. 25 - 33. Binghampton, NY: The Haworth Press

McMillan, J.H. & Schumacher, S. (2001). **Research in education. A conceptual introduction** (5th edition). New York: Longman.

Moses, Tally. (2000) Why people choose to be residential child care workers. **Child & Youth Care Forum**, Volume 29 (2), pp. 113 - 126. New York: Human Sciences Press.

Mouton, J. & Marais, H.C. (1990). **Basiese begrippe: metodologie van die geesteswetenskappe.** Pretoria: RGN-Uitgewers.

Mouton, J. (2001). **How to succeed in your master's and doctoral studies. A South African guide and resource book.** Pretoria: Van Schaik Publishers.

Noble, R., Berry, S., & Frederikson, J. (2005). **South African HIV/AIDS statistics.** Onttrek op 18 Oktober 2005 vanaf http://.avert.org/safricastats.htm.

Nunno, M.A., Holden, M.J. & Leidy, B. (2003). Evaluating and monitoring the impact of a crisis intervention system on a residential child care facility. **Children and Youth Services**, Volume 25 (4), pp. 295 - 315. New York: Pergamon Press.

Obsatz, M. (1999). **Nie-geweldadige kinders in 'n geweldadige wêreld.** Kaapstad: Lux Verbi.

Paul, H. (2004). **Is my teenager OK?** United States of America: Kensington Publishing Corp.

*****[4] Place of Safety Presentation. (2003).

Plug, C., Meyer, W.F., Louw, D.A., & Gouws, L.A. (1988). Psigologie woordeboek (Tweede uitgawe). Johannesburg: Lexicon Uitgewers.

Poggenpoel, M. (1998). Data-analysis in qualitative research. In De Vos, A.S. (ed.) Research at grass roots. A primer for the caring professions. Pretoria: Van Schaik Publishers. pp. 334 - 353.

Pousette, A. & Hanse, J.J. (2002). Job characteristics of ill-health and sickness absenteeism in different occupational types - a multigroup structural equation modelling approach. Work & stress, Volume 16 (3), pp. 229 - 250. Onttrek op 13 Oktober vanaf EBSCOHOST.

Pretorius, J.W.M. (red) & Le Roux, J. (1998) Sosiopedagogiek 2000. Pretoria: Van Schaik Uitgewers.

Pretorius, J.W.M. (1992). Opvoedingsgedrag en die psigiese lewe van die kind - 'n psigopedagogiese analise. In Ferreira G. (red). Temas in die psigopedagogiek 2. Pretoria: Van Schaik Uitgewers.

Randall, J., Cowley, P., & Tomlinson., P. (2000). Overcoming barriers to effective practice in child care. Child and family social work, Volume 5, pp. 343 - 352.

Ritchie, J. & Lewis J. (2003) Qualitative research practice: A guide for social science students and researchers. London: SAGE Publications.

Roeser & Eccles (2002). Schooling and mental health. In Sameroff, A.J. (ed.), Lewis, M (ed). & Miller, S.M. Handbook of developmental psychology. pp. 135 - 156.

Rosenblatt, P. (2002). Contemporary applications of Eva Burmeister's (1949) *Forty -Five in the Family*. Child & Youth Care Forum, Volume 31 (1), pp. 3 - 12.

Salovey, P. & Sluyter, D.J. (1997) Emotional Development and emotional intelligence. New York: Basic Books.

[4] Om die identiteit van die instansie te beskerm, word die naam nie genoem nie.

Schurink, E.M. (1998a). Deciding to use a qualitative research approach. In De Vos, A.S. (ed.) **Research at grass roots. A primer for the caring professions.** Pretoria: Van Schaik Publishers. pp. 239 - 251.

Schurink, E.M, (1998b). Designing qualitative research. In De Vos, A.S. (ed.) **Research at grass roots. A primer for the caring professions.** Pretoria: Van Schaik Publishers. pp. 252 - 264.

Schurink, E.M, (1998c). The methodology of unstructured face to face interviewing. In De Vos, A.S. (ed.) **Research at grass roots: a primer for the caring professions.** Pretoria: Van Schaik Publishers. pp. 297 - 312.

Schurink, W.J. (1998d). Participant observation. In De Vos, A.S. (ed.) **Research at grass roots: a primer for the caring professions.** Pretoria: Van Schaik Publishers. pp. 277 - 296.

Schurink, W.J., Schurink, E.M. & Poggenpoel, M. (1998). Focus group interviewing and audio-visual methodology in qualitative research. In De Vos, A.S. (ed.) **Research at grass roots. A primer for the caring professions.** Pretoria: Van Schaik Publishers. pp. 313 - 333.

Scholte, E.M., Van der Ploeg, J.D., (2000). Exploring factors governing successful residential treatment of youngsters with serious behavioral difficulties. **Childhood: a global journal of child research**, Volume 7 (2), pp. 129 - 153. London: SAGE Publications.

Schmid, H. & Bar-Nir, D. (2001). The relationship between organizational properties and services effectiveness in residential boarding schools. **Children and Youth Services Review**, Volume 23 (3). pp. 243 - 271. USA: Elsevier Science Ltd.

Seale, C. (1999). **The Quality of Qualitative Research.** London: SAGE Publications.

Simeon, D., & Favazza, A.R. (2001). Phenomenology and Assessment. In Simeon, D. & Hollander, E. (ed). **Self-injurious behaviors.** England: American Psychiatric Publishing, Inc.

Shiendling. S. (1995). The therapeutic diamond: a model for effective staff communication and intervention in residential treatment. **Residential treatment for children & youth**, Volume 12 (3), pp. 45 - 55.

Shiendling. S. (1999). Developing effective supervisors in residential treatment programs: a model for responding to unsatisfactory staff performance. **Residential treatment for children and youth**, Volume 17 (2), pp. 19 - 31.

Stake, R. (2000). The case study method in social enquiry. In Gomm, R. Hammersley, P. Foster, P. **Case study method.** London: SAGE Publications.

Strydom, H. (1998). Ethical aspects of research in the caring professions. In De Vos, A.S. (ed.) **Research at grass roots. A primer for the caring professions.** Pretoria: Van Schaik Publishers. pp. 23 - 36.

Suid Afrika. (1983). **(Wet no. 74 van 1983) en regulasies.** Juta & Kie Beperk.

Swanepoel, B.J., Erasmus, B.J., Van Wyk, M.W. & Schenk, H.W. (1998). **Human resource management.** South Africa: Juta & Co.

Terre Blanche, M. & Kelly, K. (2002). Interpretive methods. In Terre Blanche, M. & Durrheim, K. (2002) **Research in practice. Applied methods for the social sciences.** Cape Town: University of Cape Town Press. pp. 123 - 146.

Thompson, C.C. & Rudolph, L.B. (2000) **Counseling children** (5th edition). Belmont, California: Brooks/Cole Publishing Co.

Trickett, P.K. (1997) Sexual and physical abuse and the development of social competence. In Luther, S.S., Burack, J.A., Cicchetti, D. & Weisz, J.R. **Developmental psychology: perspectives on adjustment, risk and disorder.** Cambridge University.

Vithal, R. & Jansen, J. (1997). **Designing your first research proposal.** Pretoria: Juta & Co.

Watson, D. (2002). Defining quality care for looked after children: frontline worker's perspectives on standards and all that. **Child and family social work**, Volume 8, pp. 67 - 77.

Webb, E., Maddocks, A., & Bongilli J. (2002). Effectively protecting black and minority ethnic children fron harm: overcoming barriers to the child protection process. **Child Abuse Review**, Volume 11, pp. 394 - 410. Onttrek op 13 Oktober 2005 vanaf EBSCOHOST.

White, J. (2002). **The child's mind.** New York: Routledge Falmer.

Willig, C. (2001). **Introducing qualitative research in psychology.** Philidelphia: Open University Press.

Zwiers, M.L. & Morrisette, P.J. (1999). **Effective interviewing of children.** United States of America: Taylor & Francins.

University of Pretoria etd, Spang E (2006)

Bylaag A: Afskrif van aansoek om toestemming die studie by die betrokke instansie uit te voer

Erfurtlaan 100
Moregloed
Pretoria
0186

25 Oktober 2004

Geagte Mevrou *****

**INSAKE: Toestemming om navorsing te doen by ***** Plek van Veiligheid**

Met verwysings na verskeie gesprekke met u die afgelope paar weke waartydens die huidige situasie by ***** bespreek is, versoek ek u skriftelike toestemming om navorsing by die instansie te doen.

Ek beoog om 'n behoeftebepaling onder die kinderversorgers werksaam by u instansie te doen, om sodoende te bepaal wat deur hulle as leemtes en bates in die uitvoering van hul opvoedingstaak ervaar word. Die resultate van die studie sal aan u bekend gemaak word Op grond hiervan kan moontlike aanbevelings gemaak word waarvolgens die huidige funksionering aangepas kan word om werksbevrediging en -prestasie onder kinderversorgers by ***** te verhoog.

Die navorsing behels dat kinderversorgers aan individuele onderhoude en 'n fokusgroepbespreking sal deelneem omtrent hul ervaringe in hul rol as versorgers by ***** Plek van Veiligheid. 'n Verteenwoordigende steekproef sal saamgestel word. Deelname aan die navorsing is egter vrywillig, en enige kinderversorger mag deelname weier.

Ek is onderhewig aan die etiese kode vir opvoedkundige sielkundiges soos uiteengesit deur die *Health Professions Council of South Africa* en sal sorg dra dat alle inligting konfidensieel hanteer word en deelnemers se identiteit beskerm word.

U gunstige oorweging sal waardeer word.

Freda Spang
(Tel 082 780 5141)

University of Pretoria etd, Spang E (2006)

Bylaag B: Toestemming van die superintendent van die instansie om die navorsing by die instansie te mag uit te voer

Bylaag C: Skedule vir onderhoudvoering / Schedule for interviewing

Opvoeding / *Education*

Wat beskou jy as jou taak by *****?

*What do you see as your job at *****?*

Wat dink jy het ***** se kinders nodig/die nodigste?

*What do *****'s children need most, according to you?*

Tot hoe 'n mate kom jy by die kinders se behoeftes uit? Hoe voel jy daaroor?

*To what extent do you manage to fulfil their needs? Hoe does that make you feel?*

Watter gedrag kom jy teë by die kinders?

*What behaviour do you see amongst the children in *****?*

Hoe hanteer jy negatiewe gedrag?

*How do you react to negative behaviour?*

Op watter wyses dissiplineer jy kinders?

*Which ways do you use to discipline the children?*

Wanneer dink jy was dissiplinering suksesvol?

*When do you think was disciplining successful?*

Watter probleme ervaar jy met die dissiplinering van kinders?

*What problems do you have with disciplining the children?*

Hoe konsekwent dink jy word dissipline by ***** toegepas?

*How consistent is discipline enforced at *****?*

Hoe reageer jy op positiewe gedrag?

*How do you react to positive behaviour?*

Wat sou jy graag vir die kinders wou leer in die relatief kort tyd wat hulle in jou sorg is?

*What would you like to teach the children in the relatively short time that they are in your care?*

University of Pretoria etd, Spang E (2006)

Watter persoonlike kenmerke dink jy is nodig om die kinders by ***** op te voed?

*Which personality traits do you think is necessary to educate the children at *****?*

Ondersteuning / *Support*

Hoe sou jy die ondersteuning beskryf wat jy tans ontvang van:

- die bestuur / *management*
- jou kollegas

*How would you describe the support you currently receive from:*

- *management*
- *your colleagues*

Hoe sou jy die kommunikasie tussen personeel beskryf?

*How would you describe communication between personnel*

Hoe gereeld kry jy terugvoer oor die uitvoering van jou pligte?

*How often do you receive feedback on the work you do?*

Werksomstandighede / *Circumstances at work*

Hoe ervaar jy:

- Skofte
- Aantal werksure
- Salaris

*What is your experience concerning:*

- *Shifts*
- *Number of working hours*
- *Salary*

Vergaderings / *Meetings*

Hoe voel jy oor die vergaderings wat gehou word?

*How do you feel about that are held?*

University of Pretoria etd, Spang E (2006)

Opleiding / *Training*

Hoe voel jy oor die opleidingsessies waaraan jy kan deelneem?

*How do you feel about the training session in which you can participate?*

Waarin sou jy graag opgelei wil word?

*What training would you like to receive?*

Persoonlike lewe / *personal life*

Hoedanig beïnvloed dit wat jy by die werk teëkom of waarmee jy te doen het (kinders/kollegas/werksomstandighede) jou persoonlike lewe?

*How does the things that you encounter at work influence your wellbeing? Does it play a part in your family life?*

Hoedanig beïnvloed jou persoonlike lewe jou werk?

*How does your personal life influence your work?*

Bylaag D: Uittreksel uit onderhoud 5 as voorbeeld van formaat van analises

| | |
|---|---|
| **5N26:** That is also a kind of discrimination. But one can understand the children's situation. What do you think are the needs of the children in [institution]? | |
| **5R26:** Oh, they need to be loved. They need to be cared for, they need attention, they need somebody who will be there for them, somebody who they feel so much comfortable to be with, to talk about each and everything. Because most of them are abused, some of them were neglected. They need somebody just to hold them, somebody to tell them it is OK, it wasn't their fault at all. And also, even the ones that committed… the juveniles, the one that committed crimes, and the law said they are too young to go to jail. Sometimes when they come to our institution, ??? most people will say it is more of a punitive one, than a disciplinary one. So I think they also need to… this restorative justice, you know, that when they are here let's not see them whether…people who has committed crimes - they are criminals, you know. They need us to take them as they are, show them their wrongs, so for them to learn, also from their wrong. Even though they have committed some crimes the fact remains that they are still children. | "loved"<br>"cared for"<br>"attention"<br>"somebody who will be there for them"<br>"feel so much comfortable"<br>"talk about each and every thing"<br>"most of them are abused…neglected"<br><br>"restorative justice"<br>"learn, also from their wrong" |
| **5N27:** That is true. How do you - I hear you say they need love and care and all those kind things - how do you give it to them, how do you show it to them? | |
| **5R27:** Basically, like with the physical need, we provide for them to come here, where shelter is. I can say we provide for them. And also food, the clothes ???, taking them for medical check ups and if they are sick, when they are sick, make sure that they see the sister, the doctor. And with emotional one we make sure that we are there for them, like even they have the sessions ???, even some activities that they do, some individual thing and then also the group thing. Because when they come, they come with a care plan of which.. most of the time the IDP that we do must correspond with the care plan. So we will know exactly what kind of need does this child …need. The program has to fit the child, not the child fit the program. | "physical need, we provide"<br>"shelter"<br>"food"<br>"clothes"<br>"emotional one we make sure that we are there for them"<br>"they come with a care plan"<br>"program has to fit the child, not the child the program" |
| **5N28:** How will you know if a program is working? | |
| **5R28:** You will see the child's progress. If a child… because sometimes… what I no they do is most of the time we do our best on the child, but you find that the child is not winning. Sometimes I think we are failing the children, we are really failing the children. You will see that the child is ??? it is all our need, rather than the child's good. | "Sometimes I think we are failing the children"<br>"it is all ouer need, rather that te child's good" |
| **5N29:** Do you often see or feel that? | |
| **5R29:** Not often. Maybe once in a while. | "not often" |
| **5R33:** Ja, because you know what, especially in child care, sometimes you become so frustrated. When you look at such cases you become frustrated and it is like we blame… we put the blame on others. "You social workers don't do | "sometimes you become so frustrated"<br>"we put blame on each |

| | |
|---|---|
| your job."  And the social worker says 'no, you care workers don't do your job."  And we say "you social workers!"  You know, we end up fighting. | others"<br>"end up fighting" |
| **5N34:** You need a scapegoat. | |
| **5R34:** Ja.  Even when the child comes and you say "the social worker is not doing their job."  It is not professional to do that. | "not professional" |
| **5N35:** Ja.  But you are still human. | |
| **5R35**: But not in front of the child. | |
| **5N36:** It is hard to stay cool and calm. | |
| **5R36:** Because it frustrates sometimes. | |
| **5N37:** And sometimes you work very hard with a kid but he just doesn't want to…  That is discouraging. | |
| **5R37:** It is, it is.  Or sometimes the child… when the child comes to an institution, he has both parents, who are not willing to do anything with the kid.  So that one also is demotivating | "parents, who are not willing to do anything with the kid"<br>"demotivating" |
| **5N38:** To what extent do you feel or think that you provide in these children's needs? | |
| **5R38:** Oh, I don't know how to answer that one. | |
| **5N39:** Take your time to think. | |
| **5R39:** I think we are really doing our best.  Mmm, I think we are really doing our best.  And sometimes you just pat yourself on the shoulder, especially when the children go home, and you then you see the child after a year or two.  And when you see the child, sometimes you become so proud that you contributed towards the child's life. | "we are really doing our best"<br>"you become proud that you contributed toward the child's life" |
| **5N40:** What do you feel most of the time - that you play an important part in these children's lives, or that you waist your time? | |
| **5R40:** Hey, sometimes… It depends.  Sometimes I feel like I am doing nothing, sometimes I feel like I have done my best.  Because sometimes you do your best and then the child becomes so responsible, but when he goes home afterwards, with the situation at home the child has to come back.  That is when you feel like "Is there anything which I didn't do for the child?  What can I do to…?"  Sometimes, especially while working with parents.  The children's parents are not the same.  Some are very much cooperative and we work together as a multidisciplinary team.  You know, once you work together it is fine.  We include the child and also include the family. | "Sometimes I feel like I am doing nothing, sometimes I feel that I have done my best"<br>"the child has to come back. That is when you feel like 'is there anything which I didn't do for the child?'" |

**Bylaag E: Missie, visie en etiese kode van die instansie**

## Vision

**Children are our future and as such deserve all our love and care. We strive to give each child hope and faith to reach his/her full potential.**

## Mission

**To provide temporary residential care in a developmental therapeutic milieu for 90 children up to the age of 16 years. Our aim is also to assess the children by using a holistic approach in order to decide on a integrated future plan which is the most empowering and least restrictive and appropriate to their needs.**

## Ethical Code

1. **Being responsive to the need of children.**
2. **Being accountable.**
3. **Respecting the rights and cultures and dignity of the children.**
4. **Ensuring that ***** remains true to its mission and objectives.**
5. **Promoting volunteer involvement on all levels.**
6. **Collaboration and networking with other agencies and co-workers.**
7. **Striving to service excellence.**
8. **Critically analyze our own practices.**